NUWE REEKS XVI: 4 NOVEMBER 1978

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_fr2

ISSN 0041-476 X

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J.J. Brits — W.A. de Klerk — Andre Demedts

B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij

Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P.J. Nienaber

Z.J. Pretorius — P.D. van der Walt — M.M. Walters

November 1978 Nuwe reeks XVI: 4

Inhoud

Marlene van Niekerk	Die Kersvaders	1
Engela van Rooyen	Duskant Bethlehem	19
Sophie Müller	Bethlehemster bokant Mopanibos	22
	My seun	25
Chris Pelser	Gedigte	26
Peet van der Merwe	Die Pottebakkersklas	28
Pieter van den Berg	Tydsdokumente	30
Chris Louw	Vrydag in Windhoek	33
Jan de Bruyn, Mada Reinecke, Elsabé van Reenen, André le Roux du Toit, Vincent van der Westhuizen, Francis Galloway, Madeleine Nel, Ina Lübbe, Theunis C.C. Lombard, Lenze L. Bouwers	Gedigte	35
Dorothea van Zyl	A.G. Visser, die kind en die poësie	46
Estelle Schutte	Sterfgeval op 'n Vliegtuig	58
Hein Viljoen	Die struktuur van M.E.R. se *Goedgeluk*	59
T.T. Cloete	Die parabole in Van Melle se "Oom Karel neem sy geweer saam"	69
Abel Botha	Die duiwel se kandidaat nommer een	73
C.N. van der Merwe	'n Analise van *Dagboek van 'n Verraaier*	74
Wium van Zyl	Nou	81
H. Ohlhoff	Oor harpe, trompette en kettings	82

Literêr-aktueel

Prof. Gerhard Beukes tree uit	87
P. de V. Pienaar oorlede	88
Van die Digtersgroep Dimensie	89
Nuwe Afrikaanse Boeke	91

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:
R5 per jaar. Los nommers: R1,25 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

MARLENE VAN NIEKERK

Die Kersvaders*

('n Sprokie vir dié wat nie meer
in sprokies kan glo nie)

Nota aan die regisseur: Dit is nie 'n realistiese stuk nie, eerder 'n droom, maar soos alle drome iewers wáár. Ek verkies dat dit soos 'n sprokie hanteer word: dié woord is nie vir my per definisie 'n aanduiding van 'n mindere kunsvorm nie, maar van 'n meerdere kunsvorm wat die waarheid raak met rympie en karikatuur. Die gehoor moet ook wéét dat dit 'n sprokie is, dit wil nie die wêreld van die oog nie, maar die wêreld van die hart blootlê. Die sprokie as toneelgenre soos ek dit sien, is ook nie polities of sosiaal "betrokke" nie — dit is eerder metafisies of psigologies betrokke. Die volmaakte sprokietoneelstuk sou vergelyk kon word met die kontrapuntale musiek van Bach: dekoratiewe patrone wat deureenvleg maar waardeur iewers "a knowledge beyond death" straal. Daarom ook dat baie van die skouspelagtige gemaak word. Maar nooit sensasioneel nie, eerder simbolies op 'n stil manier. Miskien sal die naam Jeroen Bosch ook help verduidelik — miskien 'n verwysing na die primitiewe misterie-spele van die Rooms-Katolieke Kerk. Moralisties in die laaste instansie, maar nie die "moraliteit" van die "goeie" nie — eerder die amoraliteit van die magte-bo-die-mens.

Dramatis Personae:

Eerste Kersvader alias Ridder Henrik Blom die Heuningboer alias Henk die kleinboer.

Tweede Kersvader alias Generaal Kasparus Bonaparte alias Kasper die voetsoldaat.

Derde Kersvader alias Gysbrecht van Aarde, Burgemeester van Veertien Strome, alias Gys die bode.

Al drie gekleed in eenderse Kersvaderuitrustings met "karakter"-klere onderaan (Ferweel — Henk, Kakie — Kasper, Swart — Gys). Al drie baie seniel op sy eie manier. Henk — doof en vol uitdrukkings, Kasper — stug en trots, Gys — versenude hartlyer. Hulle vorm 'n groepkarakter in direkte kontras met **Hermie** die nagwag — 'n puckagtige maar ietwat diaboliese kabouter — baie rats op die voete en gevat met die tong. Speel sy kitaar op 'n meesterlike wyse. Gekleed in 'n styfpassende groen "leotard" met 'n ster van blinkers op die bors, swart stewels, swart mantel en swart breërandhoed — 'n verband met die dubbelsinnige Griekse God Hermes.

---

*Hierdie teks is in die Dramawedstryd 1977 van die Departement van Nasionale Opvoeding met 'n aanmoedigingsprys bekroon. Marlene van Niekerk is ook vanjaar vir haar poësie bekroon met die Eugène Marais-prys van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

TONEEL

Voor die gordyne oopgaan, speel "When the Saints come marching in" hollerig oor die luidsprekers. As die gordyne oopgaan, is die lig baie flou op die verhoog. Flardes Kerslied ("Stille nag" deur kinderstemme) en akkordeonmusiek saam met drinkgelag. Hierdie klankatmosfeer deurentyd baie belangrik. Die toneel speel af in 'n park. Groen dennebome (in wit dromme geplant), wit parkbank reg in die middel van die verhoog. Los of afgekapte dennestompe lê/staan rond. Skielik is dit baie stil (stilte moet lank genoeg duur). Dan kraak 'n takkie, 'n uil hoe-hoe. Dan bons, met helder flits, Hermie binne; mantel, swaaiende agter hom met atonale kitaarakkoord, ("batman"-effek!). Hy kyk vinnig rond en kry stadig 'n glimlag wat wonderlik groei en groei tot vriendelike diabolisme.

Hermie: *(singpraat met kitaarbegeleiding)*
aits spikkelster en donkermaan
wie's dit wat daar so doekvoet gaan?

(Hy luister weer stil. Van ver af klink weer die kinderstemme en die drinkgelag. Hy draai na die gehoor — stryk dié keer 'n ***harmoniese*** *akkoord en sing half-ironies tot homself:*

Hermie: O krismisaand by die tandjiesberg
genoeg om enige nagwag te vererg.

(Die uil hoe-hoe weer. Hy skrik oordrewe, hoor takkies kraak, dan singpraat hy op ironiese toon verder.)

Hermie: Stille nag, heilige nag *(pouse)*
(vinniger) maar dis die wieliewater, ho
die blits *(pouse)* die katuil se klag
die wikkelwind van donkiejare trug *(pouse)*
wat hier rumoer en lag ho-ho

(Hy sluip op sy tone uit — katstap)

(Net daarna word skuifelende voetstappe hoorbaar, 'n gesteun en geblaas. Henk kom binne in sinterklaasmondering met 'n wit sak op sy rug en modder aan sy stewels. Hy loer versigtig rond en roep dan uiters ingenome met homself):

Henk: Voor in die wapad brand 'n lig. Kan nie meer ver wees nie, nie meer lank nie. Eers rus — die ouderdom kom met gebreke — 't winterjig. *(Hy sukkel 'n plat fles uit sy sak en drink diep en gaan sit steunend op die bank.)* Eers rus. *(Dan méér ootmoedig as flussies).* Voor in die wapad brand 'n lig. *(Dan dut hy op die bank — patos. Van ver af hoorbaar weer die gesang van die kinders. Hy fluister nog skaars hoorbaar)* Voor in die wapad brand 'n lig. *(Dan bons* **Hermie** *weer binne, hy sien nie die ou man op die bank nie en hy fluister dié keer meer indringend):*

Hermie: Heits, spikkelster en donkermaan
wie's dit wat daar so doekvoet gaan?

(Dan sing hy met oortuiging)

Krismisnag by die tandjiesberg
hoe kan dit tog 'n nagwag terg

Hermie: Stille nag, heilige nag
maar dis die dwaalster
die houtvoet die kwelgees wat wag
en dis die witbaard wat bewe
die witbaard ha-ha die witbaard
van Niklaas wat lag ha-ha.

(Dan sien hy die ou man raak en sy ha-ha breek skielik af.)

Hermie: *(verbaas met 'n tikkie onheil):* Gedorie, 'n kersvader. *(Naderhand)* In rooi uitgedos vir die winterland.

(Dan kry **Hermie** die spitstoon skelmkabouter-houding so karakteristiek van hom. Hy staan nader na die ou man en strum kamtig engelagtig op sy kitaar; sing in 'n ligte tenoor daarby):

Patertjie waarheen die reis?

(Hy wip terug en wag oordrewe op 'n antwoord — beduie dan)

Hermie: Hmf, doof soos 'n deurkosyn.

(Hy stap met 'n afgemete marspas nader terwyl hy in 'n dreigende bariton sing:)

Hermie: St. Nicholas waarheen die réis!!!

*(***Henk** *skrik hom half flou, sukkel om op te staan.)*
*(***Hermie** *maak sy hande bak voor sy mond en fluister in die vreesbevange ou man se gesig)* — Ek vra, waarheen die reis.

Henk: *(verbouereerd)* Huis, ja, e weeshuis meneer.
Hermie *(draai terug na die gehoor en half tot homself):* Aha, 'n antwoord uit 'n misverstand, heel interessant. *(dan harder tot Henk):* Weeshuis! Weeshuis? *(Hy buk en voel aan die inhoud van die sak, kry weer stadig sy manjifieke glimlag)* Weeshuis hier? *(dan weer tot Henk, harder en ironies):* Wátter weeshuis, váder?
Henk: *(gretig, bevestigend)* Nader, ja nader meneer. 'k Kom van ver af maar 'k kom al nader. Voor in die wapad brand 'n lig ...
Hermie: *(geamuseerd)* Getik, van lotjie getik, die dowe amandel.
Henk: *(selfgenoeglik)* In handel en wandel getrou ja meneer aan sy majesteit die koning *(vernaam, trek sy rug regop).*
Hermie: Huh ... harde hout vir 'n nagwag se vuurmaakplek. Kersvader, koning en weeskinders.
Henk: *(vinnig)* Niks minder as reg nie, ja meneer, niks minder as reg nie. Toe gee hy my die driekleur vir my heuning — die erekleure van die koning vir Henk die heuningboer *(sukkel 'n flessie heuning uit die sak en hou dit trots omhoog).*
Hermie: *(oordrewe)* Heuning! *(Hy lek sy lippe af.)*
Henk: Seëninge tel, ja meneer, én uitdeel. Dis hoekom ek vanaand na die weeshuis gaan *(steeds vernamer)* om my koninklike heuning as kersgeskenke aan die kinders uit te deel *(trots).*
Hermie: Hmmm *(naderhand tot homself terwyl hy die flessie heuning dophou wat die oubaas steeds hooghou — seniele ou man wat goedkeuring afwag).*

Henk: Soet soos wildesalie.

Hermie: *(Strum liggies op sy kitaar):* Jou weeshuis en my soettand en daar lê die ding oe-al-ha daar lê die ding *(val homself in die rede, sag, diabolies vriendelik.)* Aah! Het afgebrand, *(tot gehoor)* het afgebrand, natuurlik. Verlede jaar. Domme meid se werk, het soos muise in 'n mied verbrand, die stomme bloedjies. *(gemaak bejammerend)* vadertjie *(spottend-beskouend)* Ja, jou hout is verbrand *(hy lag).*

Henk: Brand 'n lig ja meneer, vóór in die wapad. Voor twaalf moet ek daar wees, die ou bene, van my ... *(hy mompel 'n rukkie in dié trant voort. Die klok begin agtuur slaan.* **Hermie** *kry 'n luisterende houding, haal sy sakhorlosie uit om te stel en lag deurentyd saggies. Ou man wat besig was om sy sak te vat, staan nader om te kyk hoe laat dit is.)*

Hermie: *(sag)* Stomme kwartel! *(Dan lag hy wreed hard in die ouman se oor sodat dié verskrik terugstaan. Hy beduie maar praat sag en kom dreigend nader na die oue)* Gelyk met die gruis, die weeshuis *(vinniger)* hoor jy, vadertjie? *(hy vryf sy hande)* Soetigheid vir die sterkte en krag vir my gemergte *(tot die gehoor: draai terug; harder):* Het afgébrand, hoor jy, oubaas!

Henk: Sowaar, land en sand het ons gesels, meneer, ek en die koning, meneer. *(Vinnig en opgetoë soos 'n kind)* Met sy hele gevolg, hy was op reis deur die streek en hy land op my plaas, Heuningspruit.

*(***Hermie** *het op 'n stomp gaan sit met oordrewe luisterende houding — begelei soms spottend die ou man se woorde op sy kitaar)*

Henk: Ek sê jou meneer, sowat van 'n skip en spane en trompette het jy in jou dag des lewens nog nie aanskou nie. Ag meneer, dit was 'n konsternasie — ek dog dis die laaste dag.

Hermie: *(sag)* Jy sê dit ou klapperbrein, jy sê dit *(terwyl hy 'n pot heuning uithaal en in sy palms rondrol).*

Henk: *(voor op die verhoog met sy visioen)* Ja, toe land hy by Heuningspruit eP hy sê: Goeie man, sê hy, goeie man, vandag wil ek my voete onder jou tafel steek. En hy trek sy mantel uit en hý, die grote koning, tráp oor my drumpel.

Hermie: *(sag)* 'k Trap netnou jou skedel in, ou kletskous, my mond water — maar nié vir liegstories nie.

Henk: En hy sê: goeie man, het jy 'n vrou? en ek sê, u majesteit nee, sy's lankal dood, bliksemstraal en maagwerkings.

Hermie: *(geamuseerd)* Here ou man, maar jy's mos kinds!

Henk: *(pouse, skielik verbouereerd, vinnig, visioen weg)* Nee-nee-nee. Hy't nie gevra van kinders nie, nee, niks van kinders nie! *(Pouse terwyl hy na Hermie kyk wat hom met opgetrekte wenkbroue sit en aankyk).* Nee, nie kinders nie. *(Pouse)* Vóór in die wapad brand 'n lig.

Hermie *(aspris):* Kinds, waaragtig kinds!

Henk: *(skielik ernstig op die verdediging)* Meneer, wat bedoel jy, sien jy my vir 'n leuenaar aan? As 'n man nie kinders het nie, *(pouse)* dan hét jv eenvoudig nie kinders nie. *(Loer skalks of Hermie hom glo)* Bliksemstraal en maagwerkings ... *(as 'n bevestiging)*

Hermie: Wat op gods áárde!

Henk *(herstel):* Wáárde, ja meneer toe sê hy dis 'n vaste oortuiging van

hom dat 'n wewenaar 'n man is van wáárde en hy vra my naam en, ek sê Henk, Henk die heuningboer!

Hermie *(spottend):* Bly te kenne. *(Hermie gaan nader en skud sy hand oordrewe vir 'n tydlank terwyl hy voortgaan met sy vertelling)*

Henk: En hy sê: "Dis 'n edel beroep om boer te wees en nog lofwaardiger 'n heuningboer. En hy sê "Hendrik", sê hy, "bring vir my van jou heuning en gee vir my brood en wyn dat ek kan eet."

Hermie: *(los sy hand en tot homself)* Koning se voet. *(Dan glimlaggend terwyl hy omdraai)* Ek is die prins van die nag wat jou betref, ou man! — *(***Hermie** *se spel moet deurentyd so wees dat Henk dink dit is gúnstige reaksie op sy woorde.* **Hermie** *se woorde moet egter in direkte teenspraak met sy gesigsuitdrukking wees.)*

Henk: Juistement meneer. En toe hy proe, meneer jy moes sy oë sien, soos sterre gevonkel van die soetigheid. En hy sê: "Ek loof jou heuningboer, maar hoe, wat, waar" en ek verduidelik: "Bloekomblom en heide, poppiesnooi en kruie, roosmaryn, engelkruid, vinkel en wilde salie, dis waar my bye wei."

Hermie: *(spottend)* Bliksemstraal en maagwerkings! *(Atonale akkoord op kitaar)*

Henk: En toe staan hy op, sy koninklike majesteit, en roep sy strykorkes.

Hermie: Sak Sarel vir 'n ses.

Henk: En hy laat my op die tafel staan en speel vir my die koning se eie pryslied *(Hermie strum die eerste akkoorde van die Watermusiek van Händel)* En terwyl hulle speel neem hy die heuning en hy laat die strykers proe, een vir een, en die fluitspelers, die basviool, die drom — en toe ál die slawe op die slank galei, die diensmeisies, die dwerg, die nar en hulle was verheug en die musiek so soet *(sy stem raak weg van opwinding)* so soet soos wilde salie.

Hermie: En ek, is vrank soos wilde-als.

Henk: *(hervattende toon, meer by homself, vernaam)* Toe bring sy slaaf die fraaiste kussinkie met tosseltjies en hy sê: "Kniel, goeie man," en ek kniel daarop en hy tik my liggies op die kop. *(Asof dit niks is — baie grootdoenerig teenoor Hermie)* En toe ek opstaan, tja, toe's ek ridder Hendrik Heuningboer.

*(***Hermie** *lag hom siek vir lg. wending. Henk begin ook lag, in 'n ander toonaard, natuurlik)*

Henk: *(kamtig beskroomd)* En, e, toe gee hy my die reg om sy heuning onder die koninklike kleure te verkoop *(soort van saaklik; Hermie knik gemaak ernstig sy kop. Dan met 'n grootse "ten slotte dan"-gebaar draai Henk na die gehoor, arms in die lug):* Vanaand wil ek geskenke gee *(beeld van die weldoener)* vir al die weeskinders. Mens moet jou seëninge uitdeel; *(triomfantelik)* Voor in die wapad brand 'n lig.

Hermie: *(rasende glimlag; tel die ou man in ekstase aan sy baadjielapelle op en skreeu in sy gesig)* Die Wééshuis het áfgebrand! Jou lig is uitgedoof! Fft, verbrande hout, 'n murasie vol kakkerlakke! Hy't úitgebránd, verlede jaar, die weeshuis!!!! *(Hy lag diabolies. Dis duidelik dat Henk nou begin verstaan. Op hierdie hoogtepunt kom* **Sinterklaas 2** *binne. Sodra Hermie hom sien, spring die plan in sy oë, hy los die verdwaasde ou man en wip weg. Henk het nog nie die nuwe aankomeling gewaar nie.)*

Hermie: *(terwyl hy uitgaan)* Twee honde sal baklei om die been en ek hol daarmee heen.

(Henk, verdwaas, hardloop 'n paar treë met uitgestrekte hande agter Hermie aan. Hy stop)

Henk: Wa- wa-, wat? Afgebrand, kan nie wees nie, kan nie wees nie, al die pad al die jare ... *(heftiger en vuiswysend)* Jy lieg, jou idioot, jy lieg! *(Hy gryp sy sak en wil agterna)* Ek sal nie vir 'n leuen loop lê nie. Weeshuise, hulle brand nie sommer af nie, nie sommer vir niks nie — en ek is nie sommer vir niks hier nie.

Kasper: *(baie styf en formeel)* Ee-e, goeienaand! *(Henk hoor nie)* Ee-e, goeienaand!

Henk: *(kyk op, registreer nog nie, vee oor sy oë)* Kan nie wees nie, nie ... huh — wie's jy? *(verras)*

Kasper: *(gemarkeerd)* Vader krismis já: En ek's nie jý nie, ek's Generaal Kasparas Bonaparte van die Stormpioniers, legioen van eer já! En wie dink jy is jy, en wát is afgebrand en wie's daai vent met die kitáár ja?

Henk: *(steeds verdwaas)* Wáár? Of dit wáár is, kan nie sê nie. Suikerbekkies innie alewynsaad. Al die pad, al die jare, hoe loop 'n mens tussen lieg en waarheid praat? Afgebrand.

Kasper: Kyk hier meneer. Waarheid is waarheid en ek is Kasparus Bonaparte, ek laat my deur geen ee-e-e drónklap gate in die kop praat nie. *(Pouse)* En generaals lieg nié. Die erelegioen, hulle liég eenvoudig nié.

Henk: Van die wieg tot in die graf bly 'n kind se kop maar saf *(Hy skink diep uit sy bottel.)*

Kasper: *(op sy perdjie)* Kinders of te not meneer, ek's nie hier vir kinderspeletjies nie ....

Henk: Ha, kinderspeletjies. Blindemol. Almal is blind. *(Heftiger en effens onder die invloed)* Jy ook, jy's blind, jy kan nie sien nie. Wat lê agter daai bult, hê, sê as jy weet, toe sê, gou! Is dit 'n waarheid soos 'n afgebrande koei, of 'n groen kluitjie in die riet hê.

Kasper: *(gesteurd, retirerend)* Kyk meneer, jy't dit mis as jy ...

Henk: Gewis ou swaer, die waarheid is 'n windeier, gewis.

Kasper: *(geïrriteerd)* E-e-ek lóóp nou.

Henk: Oop, ja hy's oop, die strik, hoe he' jy geweet — daar's 'n spesiale een vir kersvaders, *(hik)* oor die bult gaan kyk.

Kasper: *(wil hom losruk, heftig)* Kyk meneer, jy's òf doof òf jy't nie al jou varkies nie *(verontwaardig)* òf jy't te veel gedrink.

Henk: Dink, dink, dit laat die waarheid stink.

Kasper: *(nou kwaad)* En wat die waarheid betref: ek is baie nader daaraan as jy, baie nader.

Henk: Vader en kind. Kersvader, weeskind, ouderdom kom met gebreke *(mompelend, weglopende tot homself)*.

Kasper: *(agterna)* Ek laat my nie vir die gek hou deur of dowes of malles of dronkes nie. Ek's 'n man van aansien. *(Selfgenoegsaam)* E-e-en ek het 'n belangrike roeping om voor vanaand twaalfuur te e-vervul — by die weeshuis, en ek sal hand en tand ...

Henk: *(draai skielik om)* Afgebrand! huh, wat sê jy daar, hoe't jy geweet? *(dan half histeries)* Jy lieg, ek glo dit nie, ek glo dit nie! *(Henk pluk aan Kasper se lapelle)*.

Kasper: *(ruk hom los)* Wat? Weeshuis? Afgebrand? huh? Ek het dit beslis nié gesê nie.
Henk: Is, is hy't dit ook gesê, hy't dit gesê.
Kasper: Wie, wie?

(Gysbrecht, kersvader 3 kom op hierdie moment binne. Staan 'n oomblik stil in sprakelose skok. Stadig vorentoe en storm dan histeries die parkie binne.)

Gys: Drie? Wat? O berge val op my, ongelooflik *(Kop in die hande)* ondenkbaar *(kop uit)* onverdraaglik *(kop in hande)* Drie, drie!!!
Kasper: *(streng)* Meneer, bedaar!
Henk: *(lag wrang, mompel)* Die biskop van Kruisrivier seker, ridders, biskoppe, generaals.
Kasper: *(tot Henk)* Bly stil: *(Tot Gys)* Meneer?
Gys: *(histeries stikkend aan sy histerie)* Sint Nicholas, ek dring áán! St. Nicholas, die ware, die onvervalsbare.
Henk: *(wrang)* Van die noordpool sonder takbokke.
Kasper: *(tot Henk)* Bly stil!
Kasper: *(tot Gys)* Bedaar meneer. Ons weet u is kersvader. Maar-e, u ware identiteit já — asseblief? — ter verheldering van die situasie.
Henk: Hasie uit die hok.
Gys: *(uit die hoogte)* Ek laat my nie beveel nie, meneer. Ek is Sy Eksellensie Gysbrecht van Aarde, burgemeester van Veertien Strome. *(Hy bied sy hand uit die hoogte aan, maar vóór Kasper dit nog kan neem, trek hy dit terug, gryp na sy hart).* Drie! drie, wat op gods aarde!
Henk: *(drinkend, vee oor sy mond)* Goeie idee, kyk onder die baarde.
Kasper: Bly stil! *(Hy druk Henk weer plat op die bank.)*
Henk: Bitter pil, tja!
Gys: O my hart, ek kan dit nie verdra nie, wat gaan hier aan?
Henk: Van die baan boetie, van die baan.
Kasper: *(tot Gys)* Meneer, bedaar, ek weet self nie, my kop draai, ek dink ek moet sit *(hy't 'n stywe houtbeen)*
Henk: *(drink uit sy bottel)* Bid, o onse liewe vrou bid, die kaiings gaan uitbraai.
Gys: *(skielik kamtig beslis, maar tog skrikkerig)* Nou ja, here, ek wend my skrede aldus tot die weeshuis, waar ek voor twaalf moet wees. *(Tel sy sak op sy skouer, 'n burgemeestersketting val daaruit)*
Henk: Ha-ha-ha-ha! *(wys proesend na Gys)*
Gys: O my hart, ek kan dit nie verduur nie, sulke beledigings, sulke aanmatiging. *(Hy sink neer en prop die kettinkie weer terug).*

(Daar is 'n stilte. Die drie ou mans sit langs mekaar op die bank. Flardes van die kinderkoor en akkordeonklanke hoorbaar. Henk begin dronkerig sing).

Henk: fluit fluit die storie wil uit *(pouse)*
o soet was die wilde salie
nou wil die aap by die mou uit *(hik)*
Kasper: Stil!
Henk: wiele wiele walie
Gys: Onverdraaglik!
Henk: goue fluit het 'n bamboestuit
nastergal groei by engelkruid

(Hy sluk uit sy bottel — sien dis leeg — gooi dit oor sy skouer. Die klok begin 9-uur slaan. Op die laaste slag kom Hermie met 'n sprong en 'n akkoord binne.)

Hermie: Goeie genade! Sien ek gesigte? Drie vaderkrismisse op 'n ry; ek dag dit spook nie met kersfees nie.

Henk: *(struikel op)* Moet ek jou *(hik)* voorstel, hê? *(Hy wys na Kasper)* Dis Vader Krismis. *(Kasper spring op aandag)*

Kasper: Generaal Kasparus Bonaparte, leier van die Stormpioniers, bataljon III — erelegioen já!

(Hermie klik sy hakke teen mekaar en salueer spottend).

Kasper: Jongman, jy moet respek ...

Henk: *(druk)* Bly sjtil! *(Hy wys na Gys).* En dit is St. Nicholasj.

Gysbrecht: *(spring op)* Sy Eksellensie Gysbrecht van Aarde. Burgemeester van Veertien Strome.

(Hermie kniel oordrewe)

Gys: Meneer, ek sal nie toelaat ...

Henk: Bly sjtil: *(Hy wys na Hermie)* En dit broers, isj die engel van onheil, sy gal isj groen soos julle sien, hy saai twy- *(hik)* -fel hy sê, die weeshuis het afgebrand, *(hy snik)* al die jare, al die pad.

Hermie: Verskoon hom, e-edelagbares, hy het te veel gedrink.

Henk: Gedink, gedink, Vuurwater laat mens dink.

Hermie: Ag kom nou, ridder Hendrik.

Gys: *(verontwaardig)* Ridder? hý, ridder? ongelooflik! Hy lieg, alles leuens. Ek loop nou!

Henk: Askies my, soos jy 'n burge- *(hik)* -meester is, is ek 'n ridder. Vra vir hom, hy weet alles.

Hermie: Hoor-hoor. *(Hy voel slinks aan die ander sakke).*

Gys: Hy lieg, hy lieg. E-ek bedoel, hy lieg nie. Ek bedoel hy's nie 'n ridder nie, kannie wees nie. Maar dis waar, ek is burgemeester (o my hart!) van Veertien Strome, Gysbrecht van Aarde.

Henk: Vals baarde tja — waarhede met vals baarde.

Kasper: *(bulder)* Bly stil. Almal! Dis 'n bevel. *(tot Hermie)* En nou meneertjie, wil ek by jóú weet já — wát hier aangaan.

Hermie: *(laggend)* By my? Ha ha, by my? Dis ek wat júlle moet vra wat hier aangaan. Goeie genade, drie Sinterklase op een aand!

Gys: *(histeries)* Ek teken beswaar aan! Ek is die ware, die onvervalsbare St. Nicholas!

Hermie: *(mompel)* Draaiorrel. *(Dan vrééslik beleefd)* Is u Sint Nicholas omdat u burgemeester is, of is u burgemeester omdat u Sinterklaas is?

Gys: Meneertjie, as jy dink jy kan my met jou gladde bek deurmekaar maak dan het jy dit mis hoor. *(Al vinniger)* Ek is die burgemeester van Veertien Strome en ek het die brug geopen en dáárom is ek St. Nicholas vanaand en ek lóóp nou want ek wil voor twaalf by die wééshuis wees.

(Terwyl Gys agter op die verhoog te kere gaan kom sing **Hermie** *vóór op die verhoog, baie sarkasties)*

"Burgemeester van Veertien Strome"
en Burgemeester van Dwaal

een met 'n sakvol drome
die ander op soek na die graal"

Henk: Ek gaan saam. *(Hy maak aanstaltes)*

Kasper: Wag 'n bietjie, die saak is vir my duister já *(Hy vat Gys aan die skouers)*. Sit jy nou eers dáár.

Gys: Ek's nie jý nie, ek's sy eksellensie Gysbrecht van Aarde, ek dring aan...!!! *(Sink moedeloos neer op die bank)*.

Kasper: *(Saaklik tot Hermie)* Nou meneer, laat ons vir eens ...

Hermie: *(vinnig, boots Gys na)* Ek's nie meneer nie, ek's sy edele die nagwag Rembrandt van Rijn!!! *(Verander skielik en boots Kasper na, klik sy hakke en salueer)*. Já generaal, tot u diens, generaal.

Kasper: *(waardig)* Jy moet respekte hê vir die ouderdom meneer.

Hermie: *(boots Henk na)* Tja, die ouderdom kom met gebreke.

Kasper: *(baie selfversekerd)* Meneer kyk, nêrens in die land sal jy nog 'n man kry so vlug van verstand so rats van voet nie.

(Hierdie toneel word gedemonstreer voor Hermie asof hy moet kies tussen die twee, maar die twee ou mans verloor hulself al hoe meer in hul eie spel.)

Henk: *(sit gedurende dié demonstrasie alleen op die bank en begin sy tweede bottel drink en maak mompelende tussenwerpsels)* Soet soos wildesalie.

Gys: *(beaam Kasper)* So wel ter tale en so waardig nie.

Kasper: Soos Generaal Kasparus Bonaparte van die Stormpioniers nie.

Gys: Soos Gysbrecht van Aarde, burgemeester van Veertien Strome nie.

Kasper: *(maak sy wit sak oop en gryp 'n speelgoedgeweertjie en begin met sy houtvoet links na regs oor die verhoog marsjeer)* links, regs, links, regs, ens.

Gys: Kyk net! *(Hy maak sy wit sak oop en gryp 'n speelgoed-ampsketting daaruit en begin 'n toespraak afsteek; paradeer op en neer; veraf hoor mens die klok 10 slaan):*
Veertienstromers, vriende, landgenote, vandag onder hierdie bloue hemel, by hierdie majestueuse brug, is dit vir my 'n eer en voorreg om julle burgemeester te wees.

Kasper: *(kom tot stilstand)* Waar wil jy 'n meer gepaste Vader Krismis kry? *(Hy salueer na die gehoor)*

Gysbrecht: *(Staak sy toespraak)* Waar wil jy 'n meer gepaste St. Nicholas kry? *(Hy wuif 'n denkbeeldige skare toe.)*

Henk: *(sluk)* Verby, als verby *(met soveel verskriklike nadruk aat Kasper en Gys uit hul drome geruk word, na mekaar kyk en dan na Henk wat sit en mummel op die bank. Daar is 'n stilte. Die laaste slag van 10 uur. Hermie begin saggies lag en verkas):*

Hermie: Die uur het geslaan, laat die een kersvader die ander ontwaan.

Henk: Maan, man in die maan *(hy staan wankelrig op)*. Menere, ek vra julle met trane in my oë, kan 'n mens daaroor stry of hy 'n ridder is of 'n generaal, die man in die maan? Of burgemeester van moederaarde?

Kasper: Basta met jou gesanik ou snaar, já.

Henk: Naar, maar dis waar.

Gys: *(Kasper beamend)* Inderdaad, dis onuithoudbaar, die geneul.

Henk: Te heul ja, gemaak om met die waarheid te heul.

Kasper: Kyk meneer, dis nou die tweede keer vanaand dat já, dat jy e-e-

Gys: *(vinnig)* insinueer dat ek lieg!
Kasper: En ek sal dit nie verdra dat ek e-e-
Gys: Vals beskuldig word nie. Want ek is 'n man van eer! *(bulder)*
Kasper: 'n Man wat staan en val by sy woord *(bulder)*

(Hulle staan hier weerskante van Henk en skreeu in sy ore dat hy moet hoor)

Henk: *(staan op)* En ek's 'n man van *(hik)* wáárde maar ons dra al drie vals baarde *(Hy pluk na die twee se baarde maar hulle skrik terug)*
Kasper: Maar ek's tog Vader Krimis ja!
Gys: En ek St. Nicholas ...
Henk: *(gaan sit)* En ek is Sinterklaas *(gelate en aspris)* Die vraag is, wie van die baarde is baas?
Kasper: Staan vas Kasparus Bonapate, staan vas: *(gluur Gys aan)*.
Henk: Tot as verbrand, tot as.
Gys: Nie te betwyfel nie *(gluur Kasper aan)* Gysbrecht van Aarde, burgemeester van Veertien Strome.
Henk: Drome met wit baarde-e- *(asof hy skielik besef dat hy nonsens praat, ruk hom reg)* nou ja, laat ons hoor — wat het julle gedoen om rôêm te verwerf *(effens, baie effens geamuseerd)* Generaal?
Kasper: *(draai weg)* Ek het niks vir jóú te sê nie já, al wat ek ...
Henk: *(val hom in die rede)* Toe nou generaal — jy het sekerlik 'n roemryke verlede-e-e...
Kasper: Basta!
Henk: Wel, dit laat mens twyfel.
Kasper: Ek sê basta! dronklap!
Henk: *(slim; wend hom tot Gys)* Nou ja u e-eksellensie, wat het u ...
Gys: Onverdraaglik! *(kop in die hande)*
Kasper: *(asof hy wil verhoed dat Gys eerste praat)* Wag, wag, dit was by die slag van Matroosberg ...
Henk: Aha!
Kasper: Teen ligdag het ek hul gelei soos klipspringers teen die kranse uit. *(Tel algaande entoesiasme op)* En die bajonette wat skitter asof ek 'n silwer vuur saam met my sleep.
Henk: (sluk) Goue fluit het 'n bamboestuit
Kasper: Ag, dit was groots, om die vlakte so weg te trap onder my tot hy groot en grys daar onder lê en dit net ek is wat oorbly, die bloed in my slape ...
Henk: *(tot homself)* Drie ou swape ...
Kasper: ...en die voete wat aankom, aankom agter my, die klikklak van die staalhelms, die gerinkel van die mes teen die gespe *(Kasper val skielik uit sy visioen — hy kyk stadig om na Henk — daar is 'n stilte)*
Henk: *(stadig en sag)* Mooi, baie mooi, pragtig *(hy sluk uit sy bottel en skreeu amper woedend)* Bravo!!!

(Daar is weer 'n stilte — Gys sit in vervoering met blink oë op die punt van die bank.)

Henk: *(sonder om na Gys te kyk)* Gaan voort, u eksellensie *(sluk uit sy bottel)*.
Gys: *(heeltemal in vervoering)* En vriende, sê ek, vriende — stilte asse-

blief! — en dis soos 'n wind wat gaan lê toe die vlae stil word in hul hande. Ek luister tot die laaste hoera wegsterf en ek wys na die ooste ...

Henk: Wyse manne kom van ver ...

Gys: Dáár is julle brug, burgers, aanskou hom in sy glorie. En hulle kyk om soos een man en ek word hulle stem: Veertien vlieënde boë, elk wat opspring uit 'n slank pilaar en weer in een gaan rus.

Henk: Wat is onder jou mus?

Gys: En die pad, kyk 'n pad is vir julle gebou, 'n weg is vir julle gebaan óór die veertien strome.

Henk: Trippe trappe tone *(sluk)* Bravo!!! Nog! Nog! *(Beduie vir meer)* Varkies in die bone.

Kasper: *(nou baie opgewonde)* En toe ons die kruin vát ...

(Kolligte op hulle tydens onderskeie toesprake)

Henk: *(tussenin)* kat se blad *(drink)*

Gys: *(gretig)* E-en toe ek die lint kníp

Henk: Val die lieg van die lip

Kasper: Toe sê ek: "Storm! Storm! Storm! en hulle steek met die kort bajonette. En ek staan soos 'n koringboer op 'n wa en ek wys daar en daar waar die maaiers moet oes, die mooiste gerwe.

Henk: Leëhande sterwe ...

Gys: *(gretig)* E-ek het 'n silwer skêr gehad met robyne om die greep en toe ek die lint knip gaan daar 'n groot gejuig op en ek tel my arms op: Vriende, sê ek, vriende! Dankíe, maar ek moet 'n offer maak dat hierdie brug geseënd kan wees — en ek gooi die silwer skêr met 'n blink boog in die sesde stroom. "Lank lewe Gysbrecht!" roep hulle, en sy fluister: "Gysbrecht, jy's 'n groot man."

Kasper: Skouerhoog het hulle my van die berg gedra en gesing: "Lank sal hy lewe, lank sal hy lewe in sy gloria!" *(Hy sing en breek skielik af, kyk om na die reaksie van die ander. Daar is 'n stilte.)*

Henk: Tja, altyd 'n groot grap as die afkophaan sy riel so ligvoet trap.

Gys: *(skrik uit sy glans)* Wat?

Henk: Ek sê baie mooi, *(hik)* groots!

Kasper: *(skrik uit)* Huh?

Henk: *(met 'n tikkie venyn)* Ek sê, op Kersnag sing die bye die honderdste psalm.

Kasper: *(agterdogtig)* Wat bedoel jy? E-e ... *(asof hy Henk se naam wil hoor.)*

Henk: Ridder Henk die *(hik)* heuningboer, bly te kenne.

Gys: Grap!

Henk: Juis, juis, as die afkophaan sy riel so ligvoet trap.

Kasper: Kyk, meneer ...

Henk: *(stout)* Ridder Hendrik asseblief: *(sluk uit sy bottel)*

Gys: *(tot Kasper wat naderstaan)* Los hom uit, man.

Kasper: *(tot Gys)* Generaal Bonaparte, asseblief! e-e-u eksellénsie.

Henk: *(dronk)* Elke lieg het 'n rek-om-pensie ...

Kasper: *(kwaad)* Dis genoeg ...

Gys: *(aanvullend)* Van jou insinuasies *(sukkel met woord)*

Kasper: Dronkmanspraatjies ...

Henk: Halfnaatjies ...

Gys: Wie's jy altemit ...
Henk: Baard is wit ...
Kasper: Dronklap, ek ken jou soort ...
Henk: Kuikensmoord ...
Gys: *(skielik woedend)* lieg en bedrieg en jou onsmaaklike ...
Kasper: Suggesties! *(aanvullend, sukkel met die woordl)*

(Hulle kom nader en pluk Henk se baard af maar hy's nie links nie en ruk altwee se baarde af. Daar is 'n oomblik van verbaasde stilte, terwyl hulle mekaar se gesigte vir die eerste maal sien — al drie is ou beplooide gesigte met waterogies. 11-uur slaan. Kinderkoor en akkordeonmusiek. Die twee staande kersvaders kyk skuins op na die gehoor en luister.
Hermie kom binne met 'n passie en 'n sprong en 'n akkoord van sy kitaar. Hulle skrik terug — elkeen met 'n wit baard in die hand.)

Hermie: *(sing laggend; op die wysie van "three blind mice")*
Drie sinterklase ha-ha-ha
Drie sinterklase ha-ha-ha
(vinniger) Elk het sy spierwit baardjie verloor
Elk is nou op mekaar se bloedspoor
Ooit in jou lewe van so-iets gehoor
Soos drie sinterklase

(Henk drink onverstoord uit sy bottel; snuit sy neus in die wit baard)

Kasper: *(saaklik)* Kyk meneer, die saak het niks met jóú te doen nie, já!
Gys: Niks nie, o my hart.
Hermie: U eksellensies, nie so onbeskof nie.
Henk: Lof der sotheid, los my kop uit.
Hermie: Dis hy, ridder Henk, sê hulle 'n biëtjie *(spottend)*. Hulle moet respek hê vir die ouderdom.
Hermie: *(kamtig verontwaardig)* Maar generaal, hy's nie sommer só 'n boer nie. *(Hy buk by Henk en praat in sy oor.)* Vra hom bietjie, die kóning het by hom geëet! *(verleidelik)* Vra hom bietjie!

(Henk kom regop, maak keelskoon. Hermie slaan die houding van 'n outydse eerbiedige troebadoer aan wat 'n beroemde sage vertel. Hy speel 'n soort inleidende taptoe by Henk se volgende woorde. Hy is totaal in kontras met Henk.)

Henk: Tja, wil julle hoor *(hik)* julle kan mosj hoor *(hik)* julles mosj nie doof *(hik)* soos ek nie nè, maar julle lieg soos ek.
Gys: Onverdraaglik! *(gelyk)*
Kasper: 'k maak beswaar

(Hermie beduie met vinger op lippe dat hulle moet stil wees)

Henk: Sinter-*(hik)* klase lieg altyd so mooi. Hulle drome soos silwer *(hik)* strome, kwiksilwer, klatergoud. Goue fluit *(hik)* het 'n bamboestuit. Die ouderdom kom met gebreke.
Hermie: *(Sing met begeleiding)*
Maar o! die koning het geland by heuningspruit,
sý plaas met trompette spane en slawe
in 'n slanke goue skuit.

Henk: Hulle oë was groot oor dié storie, kom kyk het ek gesê, kom kyk, *(hik)* het ek soet gesê.

Hermie: En die koning het gesê: Goeie man, vandag wil ek my voete onder jóú tafel skuif. *(resitatief-styl)*

Henk: Bo-op die dak was die solder en onder *(hik)* die vloer was die kelder.

Hermie: En hy het vir die koning brood gebring en wyn en van sy plaas se eie heuning.

Henk: Proe net, sê ek, maak julle bekkies oop, maak julle bekkies oop dat die stropies daarin kan loop. Ek's 'n ou *(hik)* heuningvoël met 'n láng snawel.

Hermie: Die koning se oë was sterre ...

Henk: Sterre, hul ogies.

Hermie: En die koning het gevra: hoe-wat-wáár kry jy sulke heuning?

Henk: Dit was so maklik *(hik)* wilde salie en roosmaryn en 'n klein bietjie boegoebrandewyn — dan het hulle altyd vaak geraak.

Hermie: "Wildesalie, bloekomblom, vinkel, engelkruid en tiemie ...

Henk: Nastergal, nastergal ...

Hermie: En die koning het gesê: klim op die tafel, goeie man ...

Henk: 'k het hulle altyd op die tafel laat staan om die wit beentjies *(hik)* tot bo te sien.

Hermie: En hy speel vir hom die koning se eie pryslied.

Henk: Sing vir hulle, soet soos wilde salie, wiele wiele walie.

Hermie: En die koning sê vir sy slaaf: Brink die kussinkie hier.

Henk: *(Leef heeltemal terug in die tyd)* Kyk die mooi kussinkie kind, rooi met goue tosseltjies, tosseltjies.

Hermie: Kniel daarop goeie man.

Henk: Voel hoe dit sit, liewe kind.

Hermie: En die koning het sy swaard gevat

Henk: Sy opgehewe silwer swaard

Hermie: Om jou tot ridder te slaan

Henk: Koning wil inkom inkom by die huisie, die klein wit huisie ...
want dan word almal ridders
(rasend) mal ridders wat die spore inkap
inkap in die Weste, mal rooi ridders

Hermie: Van nou af mag jy jou heuning verkoop onder die Koninklike kleure, rooi.

Henk: Rooi ridders en bloed

Hermie: en wit en groen

Henk: die wriemelende wit gespuisies

Hermie: en mens moet jou seëninge tel, dis hoekom hy vanaand *(laggerig)*

Henk: slap nekkies soos murg in jou hand

Hermie: Dis die rede, groot menere, vir sy besoek aan die weeshuis vanaand. Hy wou sy heuning uitdeel. Ha-ha-ha! *(Hermie skielik uit sy troebadoerrol en lag hom slap terwyl die ander twee vir Henk met afgryse aangluur.)*

Henk: *(trek hom reg)* Toe wat kyk julle, huh? *(Dan weer halfkinds)* Generaal, huh? moet ek jou nog vertel van die kelder, hulle daar soos jongbye lê en muf.

Kasper: *(draai weg in afgryse)* Néé!

Henk: *(rig hom tot Gys)* En u Eksellensie *(hik)* wil u hoor van die rivier waar hulle beentjie nou klingel?
Gys: *(strompel weg — hewig ontsteld)* Los my uit! Onverdraaglik!
Henk: *(nou geïsoleerd op die middel van die verhoog: hy wieg heen en weer en sing dronkerig terwyl hy sy rooi baadjie uittrek)*
Fluit fluit die storie is uit *(hik)*
o soet *(hik)* was die wildesalie
nou is die aap by die mou uit
wiele wiele wa ...

N.B. (Hy breek skielik af met 'n snik en strompel na Hermie toe):

Henk: Meneer, meneer die nagwag *(hy pluk sy mus af)* Meneer ek wou alles goedmaak, vanaand, vir die weeskindertjies heuning bring, voor ek doodgaan en nou *(snik — dan heftiger):* meneer is dit waar, het dit afgebrand?

Die hele tyd lag Hermie sag en het vorentoe gestap terwyl Henk pleitend voor hom retireer. Die ander twee het by die aanhoor van die laaste vraag weer teruggedraai en hulle kom nou nader. As Hermie nie lyk of hy wil antwoord nie, draai Henk 'n oomblik weg na die ander.

Henk: Ons moet weet, ons drie asseblief meneer, die waarheid, in dieselfde bootjie, ons *(hik)*
Kasper: Jy lieg!
Gys: Lieg-lieg-lieg, onverdraaglik!
Henk: afgebrand
Kasper: Ek glo dit nie
Gys: Ondenkbaar
Henk: Vra hom toe, vra hom! *(hik)* ek het dit by hom gehoor.
Kasper: Jy, hóór!
Henk: die giftige groen engel
Hermie: dronkverdriet
Henk: heuning om die mond en gal in die hart *(wys na Hermie)*
Hermie: Jan Pierewiet *(spottend)*
Henk: Heuning verniet vir Hermie ... Die duiwel maak *(hik)* sy kerspastei van boere ...
Hermie: Ha-ha-ha, kléínboere!

(Gys en Kasper lag half-half saam)

Henk: En, hik, burgemeesters-hik-bódes
Gys: O my hart! *(Wend hom weg)*
Hermie: Ha-ha!
Henk: En soldate ...
Hermie: Vóétsoldate? *(spottend)*
Kasper: Leuenaars! *(wend hom weg)*

(Hermie lag aanhoudend)

Henk: Snaaks ja, baie snaaks, al die jare al die pad *(hik)* afgebrand.
Kasper: *(skielik skoorvoetend)* Meneer, is dit waar?
Hermie: *(spot)* Nooit, ek is nie meneer nie!
Gys: Nee, of dit afge-afge...

Hermie: *(ondeund)* Afge?
Kasper: *(bulder)* Die weeshuis!
Hermie: *(onskuldig)* Wat van die weeshuis?
Gys: Hêt dit?
Hermie: Dit het!
Kasper: Het wât?
Hermie: Het wie-wat-waar-hoe-hoekom. Hiers hy op 'n skinkbord!

(Hermie skud hulle netjies af op Henk. Hulle is rasend, pak Henk, half onbewus dat Hermie hom uit die voete gemaak het. Kasper en Gys praat met Henk. Hulle wurg hom — dialoog word vinniger en vinniger)

Kasper: Is dit waar?
Henk: Kyk in die kelder
Gys: Het dit afgebrand
Henk: Bloed in die sand
Kasper: Wynvlieg!
Henk: Die skyn, die skyn!
Gys: Dronklapsnater!
Henk: Vader Kersvader!
Gys: St. Nicholas!
Henk: Almal se sondes word uitgehoor; die lig, die lig gaan uit daar voor ...

(Hy raak slap in hulle hande en sterf op die bank. Dis stil. Flardes van die kerslied word weer hoorbaar. Hulle staan verdwaas terug).

Kasper: Hy's dood ...
Gys: *(ontsenu)* Huh? Kan nie wees nie.
Kasper: Hy's dood man, ons ...
Gys: *(refleks)* Ek's nie mán nie ek's sy eksellensie, die burge ...

(Hy stop in die middel van sy sin as hy sien hoe Kasper hom kopskuddend aankyk)

Kasper: Ja, kyk wat kom van die gelieg *(wys na lyk)*
Gys: Is nie waar nie, hy's g'n dood nie, hy's net ... *(Hy roep na Hermie)* Meneer die nagwag!
Kasper: *(tot Gys)* Kyk menéér *(nadruk)*
Gys: Ek's nie ... *(protesterend)*
Kasper: *(gaan meedoënloos voort)* Daar's niemand wat beter as ék weet wanneer iemand dood is nie. By die *(pouse)* by die slag van Matroosberg was daar duisend-en-een *(hy praat mompelend verder)* ... Die dag was daar duisende dooies om my.

(Hermie kom binne met 'n passie en 'n sprong en akkoord)

Hermie: Spikkelster en donkermaan
waar hoor ek my naam vandaan?
Gys: Meneer, is hy, is hy dood, o my hart, dis onverdraaglik!

(Hermie gaan nader terwyl Gys om hom rondskarrel en Kasper sit en mompel op die vloer. Hermie skop-skop aan die lyk.)

Hermie: *(kyk om, sien vir Kasper)* Huh, wat sê die generaal? Is hy dood, generaal?

(Hermie tik hom op die skouer)

Hermie: Toe generaal, sê vir ons, het die ou die emmer geskop?
Kasper: *(tot homself)* By die slag van Matroosberg ...
Gys: O my hart — praat dan tog!
Hermie: Of het iémand sy emmer geskop? *(moedswillig)*
Kasper: Het ek in die loopgraaf weggekruip ...
Gys: *(protesterend)* Dis nie ek nie, dis hy!
Kasper: ... sonder om te veg, soos 'n goeie soldaat, 'n goeie voetsoldaat ...
Hermie: *(oordrewe, asof hy moed opgee)* O, kinds net soos Sinterklaas.
Gys: Meneer die nagwag, skud hom.
Hermie: *(skielik professioneel)* Ek sal moet rapportéér *(pouse)* U eksellensie *(ondeunde nadruk)* wie verantwoordelik is.
Kasper: Tot als verby was, en agterna met die dorpshoere rondgelê.
Gys: Dis nie ek nie! *(wys na Kasper)* Hý't hom gewurg.
Kasper: 'n Droster van dorp tot dorp ...
Hermie: Ge-ne-raal!
Kasper: Van hoer tot hoer ...
Hermie: Wat op aarde?
Kasper: Van kind tot kind ...
Gys: Meneer, vat hom saam, sluit hom op, 'n eerbare man soos ek, dis onverdraaglik!
Kasper: *(bars skielik uit)* Luister na my, ek bieg, my God ek bieg! Ek wil bieg. Ek het honderde kinders.
Gys: *(histeries)* Meneer keer hom, hy lieg *(Hermie lag die heeltyd)*
Kasper: In elke hawe ...
Gys: Teen ligdag het hy hul teen die kranse uitgelei, meneer ...
Kasper: Sonder pa ...
Gys: Soos klipspringers, Meneer ...
Kasper: ... in ellende ...
Gys: En die bajonette soos 'n silwer vuur agter hom aangesleep, meneer ...
Kasper: in armoede ...
Gys: meneer en toe hulle die kruin vat ...
Kasper: hul pa 'n drostervoetsoldaat ...
Gys: toe skreeu hy storm, storm, storm ...
Kasper: *(breek af, op sy knieë, hy huil)*
Kasper: Ek wou goedmaak, ek wou boet, alles regstel voor, voor ek ... voor twaalfuur! *(Hy druk sy kop in sy rooi mus.)*
Gys: *(histeries)* Meneer, hy weet nie wat hy doen nie, dis nie waar nie. Hulle het hom skouerhoog bergaf gedra. Matroosberg. Meneer, bring hom tot sy sinne, meneer, meneer. Hy's generaal Kasparus Bonaparte van die Stormpioniers.

(Hermie trip-trap uit, manjifieke glimlag, strum-strum op sy kitaar nadat hy met swier sy groen houtknuppel op die bank neergesit het met 'n knipoog vir die rasende Gys. Lg. bly staan met sy arms uitgestrek agter Hermie aan.)

Kasper: *(trek sy rooi broek uit)* Ek sal u wys u eksellensie, dit sal soos 'n spieël vir u werk *(Hy het 'n soldaat se kakiebroek daaronder aan wat net*

tot by die knie strek en 'n houtbeen) Kyk so, u eksellensie, dié gebrek kom van lafhartigheid, toe ek weggehol het, oor 'n hek geval.

Gys: Ek wil nie sien nie.

Kasper: Kyk, kyk na my. Dan sien jy dalk jouself. Burgemeesters speel mos nie sommer Sinterklaas nie.

Gys: Bly stil, ek waarsku jou.

Kasper: Hulle is te wâârdig, hulle brûe is te hoog.

Gys: Ek sê jou.

Kasper: *(tot homself)* Hul skère te weelderig met robyne ingelê, hul dorpe met te veel riviere begunstig, hulle onderdane te goed in vlagswaai onderlêg.

Gys: Jy lieg, jy lieg! *(Hy snik en gryp die knuppel)* Hoe kan ek help ek het 'n droom gehad? Elke mens ...

Kasper: Agter die blinkste droom sit die swartste daad – bastersaad van goed en kwaad. *(filosofies)*

Gys: Hoe kon ek help?

Kasper: Rooiste sinterklaas het 'n aap in die mou.

Gys: *(mal)* Hoe kon ek help, sy't gesê ek's die fraaiste bode wat die burgemeester nog gehad het.

Kasper: Kwylbek, jý fraai!

Gys: Is sy't so gesê, sy't gesê kom na my kamer om kwart voor twaalf – sy't gesê my oë was so sag. Ons sou hom doodmaak, die burgemeester

Kasper: Te laat!

Gys: Sy't gesê ek is wonderlik, my lyk soos 'n sekelbos. Ek sou burgemeester word. En toe die brief. Ek het haar na die skoenmaker se vrou gevat.

Kasper: Owerspelige hond. En dit met jou baas se vrou.

Gys: *(waansinnig)* Moenie my vloek nie, jy lieg, sy't haar oopgesteek met 'n skêr, 'n langpunt silwer een.

Kasper: Vark.

Gys: Toe dit uitkom was sy dood, maar die ding, dit het nog gelewe.

Kasper: Bly stil, bly stil.

Gys: *(histeries, hy slaan Kasper wat op die grond sit, hou vir hou vir elke woord wat hy sê).* Ek sal nie, ek sal nie. Ek het ook 'n reg. Dit het nog so effentjies geskop.

Kasper: Aaagh — dis nie nodig nie.

Gys: Toe gryp ek dit, aan die kop.

Kasper: Hou-op aagh.

Gys: Dit was so sag, het sommer ingeduik, skeef soos 'n kalbas.

Kasper: Help, help meneer.

Gys: In 'n sloop gebind ...

Kasper: Meneer, engel, nagwag, hoekom laat jy ons alleen, aaagh!

Gys: En in die rivier gegooi – wit en rooi deur die lug getrek. Wit en rooi.

(Kasper is al slap teen die tyd maar Gys slaan koorsagtig voort)

Gys: Die water, gekring, gekring, ek het hulle gewas, hande – bruin klippertjies in die rivier. Ek het hulle gewas gewas gewas — afgevee aan biesieblaar. *(Hy gooi die knuppel neer. Vee oor sy voorkop, bloedstreep sit daar, hele verhoog vol bloed)* Was my hande *(Hy trek sy rooi sinterklaasbaadjie uit en begin sy hande daaraan afvee. Hy praat koorsagtig voort en wend hom tot 'n denkbeeldige Hermie.)*

Gys: Dis nie my skuld nie meneer, ek het van ver af gekom, ek het gehoor hier's 'n weeshuis, meneer, sy kop was so sag, ek kon nie help ons is drie nie meneer, en almal het gelieg. Ek het nie meer geweet nie, meneer, ek is 'n ou man, ek wou kom goed maak. *(Hy val vorentoe)* O hart, my hart, dis so ver van die huis. *(Gys sterf)*

Dis stil; 'n takkie kraak, 'n uil roep en Hermie bons binne:

aits spikkelster en donkermaan
ek hoor my naam wat gaan hier aan

(Hy fluit, loop tussen die lyke rond — skop liggies teen hulle).

Hermie: By die heilige Nikolaas, wat 'n helse grap. (Hy speel op sy kitaar en dans 'n spitstoondans.)

Op tandjiesberg se rifrug
is die duiwel los vannag
hy kielie hier hy giggel daar
hy rieltrap sterre uitmekaar
By tandjiesberg se hondsterlig
Is satan besig om sy hond te tug
Oor tandjiesberg se middernag
krul die sterte soos die duiwels lag

As die klok begin twaalfuur slaan, gooi hy sy mantel af, sit sy kitaar neer, en maak 'n paar rats flip-flappe. Al die klokke in die omtrek begin lui - klappers skiet, vuurpyle sis en 'n magtige koor sing dreunend: "Nowell, Nowell". 'n Verskriklike geraas. Hermie gaan staan stil op die middel van die verhoog met 'n kollig op hom, die ster op sy bors skitter. Ligte blits aan en af. Hy lag uit sy maag. Hou 'n flessie heuning in sy hand, skroef dit af en lek sy vingers af. Verskriklike geraas. Lig uit.

GORDYN

Saam met verveelde lig in auditorium: "O when the saints come marching in" hóllerig oor luidsprekers. Vir die "curtain call" verskyn almal vóór die gordyne en die drie kersvaders buig voor Hermie. Hy ontvang die applous met opgehewe arms en 'n diabolies-vriendelike glimlag.

ENGELA VAN ROOYEN

Duskant Betlehem

Eindelik dan voordag, en die wind deur 'n duisend skrewe van die ouma se rietdakhuis; 'n wind wat fluister van verre vreugdes, soos swellende voorvye. Die dogter, meer as kind en minder as meisie, se liggaam is 'n poel van stilte. Maar sy weet instinktief van die bloed wat spinnend ruis deur die gange van haar are.

Reg vanuit die staanspoor, toe hierdie Kersbesoek by haar ouma ter sprake gekom het, was sy tevrede. Haar ouderdom van twaalf het haar gebring op die laaste rand van ademloosheid, voordat die grootwiel van die werklikheid die silwer drade verstrengel.

Oukersdag vandag, en vanaand die boom. Iewers tussenin die aankoms van die vêr familie, wat hulle so sal verwonder omdat sy die ouma so goed help klaarmaak het: gister die vloere gesmeer met kerswas en paraffien wat die huis vol ruik, eergister die soetkoekies gebak (grotes, omdat die ouma gulhartig meen dat iemand dalk skaam mag voel om tweekeer te neem).

Tussen skoolkoshuis en Kersfees was daar dae en dae van karavaan op die langpad, die stofpad, die eensame pad, waar motors afsydig verbyflits soos trekvoëls tussen vastelande. Sy en haar pa en haar ma saans in die bebroeide metaal-eier, met bedags die son 'n blikskild bo die padkamp.

Die kind lê en kyk hoe die dakbalke loskom uit die donker en hoe 'n goue poort in die Ooste open. Die voordagwind vertel steeds van klaende vreugdes – soos engele wat op oop velde gesing het, en 'n Kind vir wie daar nie plek in die herberg was nie. Ligte verwarring, ewenwel, want die mure van 'n stal is selfs beter as dié van die padkaravaantjie wat wieg in elke storm en weerloos staan onder die somerweer.

Die bedjie langs die van die kind bly nog roerloos. Eerlank sal die ouma wakker word en regop skuif, met haar boesem wat in die wit kabaai oor die beddegoed bondel. Maar totdat dit gebeur, bly alles droom en dons.

Daar kom die son nou op, sagrooi uitgeswel van goeie dinge en die ewige asem. Wat warm is, styg na bo, sê die meneer by die skool. Dit moet so wees, want elke dag hier gaan alles met hoogson aan't swewe: die vyeboomgeur wat dig lê op die songestoofde wind, die spinnerakkies tussen blaar en huishoek, die stokkerige wysertjies van die horlosie met die perkamentgeel wyserplaat ..... op, op na twaalfuur.

Ook sê die meneer by die skool daar is klanke wat so hoog is dat die menslike oor dit nie kan onderskei nie. Sekerlik moet daar dus in hierdie tyd engele swiep onder die lae uitspansel, soos die nag in Betlehem. En om te dink dat die Babetjie nie eers kleertjies had nie, en baie mense wou Hom nie hê nie, tot vandag toe nie.

Maar ék wil Hom hê, besluit die kind grootmoedig vroom, en in 'n sin reeds grootmens genoeg om ootmoed by haar hoogmoed weet te voeg. Ouwêreldse piëteit: Kersfees, Betlehemsvelde, Kind-in-die-krip, wat paar met eietydse verwagting: die ouma sal vandag die boomtak afkap, en hulle sal dit optooi en vanaand die kersies aansteek te aanskoue van die verwonderde vêr familie.

Intuïtief vermoed die kind dat dit nooit weer presies so sal kan wees nie. Wie weet of alles iewers vorentoe nie van staal word nie, soos die klein karavaan se bakwerk, met die son 'n blikskild wat jou afweer, die nag 'n metaaltrommel waarin jy dig en donker toegemaak word? Maar nou nog kan sy haar oorgee aan die hoë Desemberson teen haar wange, die reuk van somervrugte, en die afwagting op die koms van die motor van die vér familie.

Die oom, wat baie dinge gesien het en van nog meer dinge weet, sal deur die ouma versoek word om by die boom te lees en 'n gebed te doen. Die heelal sal 'n tregter wees, deur die smal tuit waarvan die balsem in die ouma se huis sal drup.

As verstrooide vlieë teen somerruite soem, dra die kind en die ouma die boomtak die voorhuis binne. Die vrank, groen ruik van die huilende gekneusde damp onder die dakbalke. Hulle plant dit in 'n blik met grond, en die ouma tree tevrede terug. Sy druk haar hand teen haar rug in 'n kastig vermoeide, maar veelal polietse verloëning van haar laatmiddagkrag waardeur sy vroualleen die tak gevel het.

Nou kom die stringe kartelrig geknipte kreukelpapier.

Die kersies.

Laaste kom die oom en tante, met 'n motor vol stof en verbruinde vrugteskille in plastieksakkies, en met vreemde tasknippe wat oopspring in die skemerige kamer.

Maar die kind sluimer diep op haar bed, oorval deur die vermoeienis en die afwagting.

"Nou ja, kom dan, julle." Die ouma loop hulle voor na die kombuis, haar treë afgemete van die vervulling en die vervreemding. Dis soos die sluimerende kind dit voorsien het: die groot soetkoekies, en louerige koeldrank. Die ver kinders vertel van wonderlike, nooitgehoorde dinge: soos geskropte hoenderafval, die wegvat van vrouedele en 'n walvis wat op die strand uitgespoel het.

Die ouma luister met verstomming en weet nie raad met die onbehaaglikheid wat in haar diepste gemoed kiem nie. Sy soek die blydskap doelbewus op: vreugde omdat sy wel die koekies so groot uitgedruk het, want die seun en die skoondogter neem albei net een keer. Bly is sy omdat die ketel op die houtstoof dans — die bodem het van al die gebruik reeds so rond geword dat sy dit soms op die sementstoep platstamp, maar eintlik hou sy van die dans van die ketel.

As die kind wakker word, is dit luisterend; want sy vermoed 'n vreemde teenwoordigheid.

Dis skemer.

Betlehem?

Hoe laat presies was dit gewees toe die staldeur oopskuur en die diere blindverbaas in die fakkellig staar?

Die huis roer.

Dan het hulle gekom!

Ons sal nou sien wat hulle sal sê, dink die kind beskeie trots. Maar nog staan sy nie op nie. Sy wag dat die vrede, wat met ruisende vlerke buite op die nok van die dak gaan wag het, terug moet keer. Vanaf die hol bedjie kyk sy die woonkamer binne, waar die grootmense swyend in die groeiende skemer sit. Die eerste gesels het leeg gevloei soos 'n vlak dam na die ooptrek van die sluis. Hulle sit kruisbeen en wikkel hulle voete, verwonderd en wonderend oor

die wese van hulle verwantskap. Die boom staan op wag, geruisloos sonder die aanraking van die nagwind waarmee hy grootgegroei het.

"Dat sy nou aan die slaap lê en raak het," hunker die ouma. "En sy was so danig oor die boom. Straks moet ek haar wakker maak."

"As ons ook geweet het sy is hier," praat die oom. Die vuurvliegie van sy sigaret pyl rigtingloos om hom rond, wat bevestig dat hy klein gebaartjies maak terwyl hy die woorde sê. Hulpelose gebaartjies.

Toe weet die kind dat hulle geen geskenk vir haar het nie.

Dit maak nie saak nie, beraam sy braaf. Ons grootste geskenk was die Kind, dan nie? Netnou, netnou sal ek opstaan, belowe sy haarself en die Kind. Maar haar ledemate is ongehoorsaam, en die groot skemerte waarin 'n ver brulpadda klok, is 'n gewig op haar bors.

As die oom weer praat, is sy stem swaar van betekenis, sodat die kind weet sy het nie verniet op 'n verdere woord gewag nie. Sy vrou het met hom gefluister, en nou vra hy: "Kan ons ma se draadloos aansit?" En die vuurvliegie pyl vinniger om hom heen, ten spyte van die gedrae toon van sy stem.

"Ja, toe tog. Ma vergeet partykeers ... en die musieke is so mooi."

Die stasies krap. Ongekende, nooitgehoorde klanke kruis mekaar, slaan vonkies weemoed en allervreemdheid los vir die kind wat op die bed wag. Sy voel Bethlehem verder wegskuif, almaar verder soos die dynserige bulte op die karavaanpad.

"Kom, ma steek eers 'n lamp op. Draai die naald na die saaidbord se kant toe. Watter stasie soek julle dan?"

Nou tjier 'n glas, en die lampvlam leef op. Die kind sien dat die oom en tante se nekke en soekende hande littiger is as wat sy kan onthou.

"Aag, ma," sê die oom en laat dit na niks klink, sommer niks. "Dis net ek en sy wat 'n ietsie op die perde gesit het, net 'n kleinigheid ..."

Toe tel die ouma se swye nie verder nie, en hulle luister, met die oor naby die draadloos. Die vreemde manstem, belemmer deur die steuringe op die sender, dein in raaiselagtige golwe.

Dis uiteindelik die tante wat afskakel. "Maar toe was jy mos slim," sê sy kwaad. Die oom soek haar welbehae deur vir haar 'n sigaret aan te steek, in die oomblik van teleurstelling vergetende dat sy nooit voor die ouma gerook het nie.

"Og, ja ..." radeer die ouma. In die skaduspel van die lamp lyk dit kompleet of sy 'n boggel het. "Sy was so danig oor die boom, en toe gaan staan sy en aan die slaap raak."

"Dit is, ma," sê die oom bedruk.

Die tante sputter 'n tabakkriesel, of 'n mikroskopiese stukkie windsel, van haar tong af.

Dit kan ook wees dat daar balsem op haar tong gekom het.

Die kind draai haar gesig na die muur.

Die wind teen die donker venster sug van verre verdriete, soos van somervye wat, hoogryp, verskrompel het.

SOPHIE MÜLLER

Betlehemster bokant Mopanibos

Die drom hou op, begin dan weer reëlmatig pols in die warm middaglug. Josef hoor die drom en frons waar hy onder die mopaniboom sit. Toe die ritme skielik weer versnel, wys sy oë wit: "Dilamu jò"!

Hy sit onder die mopaniboom want die skool het gesluit. Hy bly hier want die skool is sy huis. Sy huis in die bos het gebrand die dag toe hulle sy ma en pa doodgemaak het. Hy kan nie sy ma en sy pa se gesigte onthou nie. Hy weet sy pa se hand was groot en sterk as hy die pap in die pot gevat het en soms as hy die vrouens in die skool hoor sing, brand sy oë en dan weet hy sy ma het ook gesing.

Die mense van die skool het hom gekry nadat die mans uit die bos weer weggegaan het. Hy het niks gehuil nie. Hy het net stil gesit. Die huil het eers later gekom toe hy gehoor het hoe sing die vrouens in die groot kombuis terwyl hulle die pappotte roer.

"Josef, Josef, waar's jy?" Hy kyk op. Sy maat staan langs hom met 'n koekie in elke hand.

"Josef, ons moet vir Elsie oppas terwyl hulle die kos vir vanaand regmaak." Hy spring op, stof die rooigrond van sy broek af. Dis lekker om vir Elsie op te pas. Hulle stoot haar in die karretjie al in die voortuin se paadjies. Hulle mag nie verder as die voortuin gaan nie, want dis gevaarlik. Hulle is lief vir Elsie en as hulle 'n grassie afpluk en haar nekkie kielie, lag sy kliphard en hy wat Josef is, is besig om haar te leer handeklap. As sy met vet wit handjies klap, is dit vir Josef so mooi dat sy keel brand. Hy leer haar om Josef te sê, maar sy lag net gh-gh-gh. Josef is so 'n mooi naam. Toe hy by die skool gekom het, kon hy nie sy naam onthou nie en toe het hulle vir hom die Josefnaam gegee. Hulle het vir hom 'n storie vertel van Josef wat alleen in 'n put agter gebly het en later 'n groot man geword het en toe gesê: "Jy is Josef — jy het ook alleen agter gebly, maar ons gaan jou slim leer sodat jy ook eendag 'n groot man kan word."

Hy leer saam met Piet — hy kan al lees en skryf. Hy kyk na Piet wat nou die kar stoot — Piet met sy reguit hare en sproete op sy neus — Piet is sy broer, want Piet se ma en pa is ook sy ma en pa want hulle het gesê die skool is sy huis en hy is hulle kind. Hy het lus en vertel vir Piet sy geheim, maar 'n geheim wat vertel is, is nie meer 'n geheim nie. Hy wens hy kry kans om te gaan kyk of sy goed nog is waar hy dit gebêre het, maar hy het dit juis vêr weggesteek want Piet se oë is wakker — hy sien alles.

Hy sien Frans wat in die groot kombuis werk, uitkom en die klok lui. Hulle draai dadelik om in die paadjie en stoot die karretjie terug in die rigting van die kombuis. Josef trek die karretjie by die stoep op en sien hoe Frans kwaai na hom kyk toe hy die karretjie vinnig ruk sodat die wieletjies 'n vaal streep oor die blink stoep maak, maar Elsie lag kliphard gh-gh en toe hy na die ma kyk, sien hy dat haar oë lag. Sy gee vir hulle elkeen 'n dik sny brood en 'n beker tee: "Nou moet julle twee gaan rus, elkeen op sy eie bed, want vanaand mag julle laat opbly. Kom Piet, kom jy sommer saam want ek gaan vir Elsie ook nou in die bed sit. Josef, jy moet nou mooi gaan rus want as die klok ses-uur lui, moet julle klaar wees."

Josef knik eerbiedig met die kop en draai weg na die slaapsaal toe. Toe

hy seker is dat hy uit die oog is, glip hy om die hoek en nael oor die oop stuk grond. Toe hy die skuiling van die bos bereik het, gaan hy staan en luister of niemand na hom roep nie. Hy weet hy is ongehoorsaam want die pa word baie kwaad as die kinders bos toe loop maar hy moes kom en hy sal mooi kyk waar hy loop. Hy stap verder in die smal kronkelpaadjie en spits sy ore vir enige geluid in die ruie veld, maar dis doodstil. Selfs die dromme het nou opgehou praat.

Hy draai uit die paadjie na die groot kremetart met die gat in die stam. Die bek van die gat wys weg van die paadjie en hy haal die tak uit wat hy daarin geplaas het. Hy kyk eers vinnig rond en buk dan vorentoe om die plastieksak uit te haal.

Hy gaan sit op een van die dik wortels van die kremetartboom wat by die grond uitsteek. Hy koester die kosbare sakkie in sy bakhande. Gisteraand het die pa hulle geroep, want het hy gesê, "Môre-aand sal julle nie mooi luister nie" en vir hulle weer 'n keer die storie van die skaapwagters vertel, die storie van die skaapwagters en die groot blink ster. Hy wat Josef is, wou nie asemhaal nie, want hy ken die storie en hy weet dat die wyse manne ook gaan kom met hulle presente! Die ma het hulle hande gevat toe die pa by die presente kom. "Onthou Josef en Piet" het sy gesê, "die grootste present was die seun wat die Here God ons gegee het. Hy het gesterf aan die kruis dat ons kan lewe." Josef wou nie aan die kruis dink nie. Hy wou die lammers hoor blêr en die lekker goed in die kruik ruik. Hy wou die drie slim manne se klere sien wat blink in die lig van die ster. Hy wou die pa en die ma en Piet en klein Elsie se gesigte sien as hulle weet wat bêre hy in die boom.

Hy maak die sakkie oop. Hy sprei die skatte voor hom uit. Die klein houtbeeldjies tydsaam gevorm met 'n knipmes en die hart — 'n koedoe vir die pa, sterk en gespierd met sy wye horings trots agteroor gegooi. Vir Piet 'n krokodil met 'n gloeiende, skubberige vel waaraan hy weke lank geskuur en gevryf het. Vir die ma het hy rooi pitte met swart hartjies bymekaar gemaak en dit ingeryg in 'n snoer — 'n snoer wat blink soos die ryp granate in die tuin. En Elsie. Vir klein Elsie het hy 'n klein kruisie met sy mes gesny uit die sagte bruin hout wat 'n mens net diep in die bos kry. Hy het die klein kruisie uitgekerf met 'n hart wat lag. Hy het die kantjies met 'n sagte hand geskuur tot hulle rond was. Hy het van die stoele se olie daaraan gesmeer en dit het vir hom geruik soos die kruik van die wyse man. Hy het dit blink gevryf sodat die ster se lig daarin kon weerkaats. Hy het by Frans 'n riempie gekry om dit aan te hang. Hy dink hy sal buig soos die wyse manne as hy die presente gee en dan sal hy sy hande klap en dankie sê vir sy mense en vir die kind in die stal.

Hy sit terug en lê teen die stam van die reuseboom. Die ma sê die Here het alles gemaak, ook die snaakse boom wat so groot is soos 'n huis. Dis vir hom lekker in die bos en die laat middaglug lê loom op sy vel. Hy sal moet draai want dit word skemer onder die bos en as die klok nou-nou lui, moet hy klaar wees, want hulle gaan eet en presente gee. Hulle gaan om die klavier staan en sing van die Betlehemster.

Dis toe hy opstaan om terug te gaan dat hy die skote hoor - vinnig opmekaar soos 'n hond wat blaf. Hy klem die sakkie styf vas, trek sy lyfie inmekaar en huil "Futi-Futi" teen die stam van die boom. Hy hoor die ysterhond weer en weer blaf. Hy hoor iemand vinnig en hard skree. Skielik onthou hy sy ma se gesig soos sy oor die stamblok gebuk het, soos sy opgekyk

het met die skrik in haar oë toe sy vir hom geskree het om te hardloop. Hy onthou sy pa se groot hand wat stil gelê het.

Hy word koud toe hy mense met die paadjie hoor aankom. Hy trek sy knieë op, sy rug styf teen die groot stam. Hy hoor hulle praat in sy taal. Een van hulle laat die geweer met die baie koeëls weer 'n keer spoeg en hulle lag hard toe die blare in die stil bos val.

Later, baie later, het hy voetjie-vir-voetjie in die helder maanlig huis toe geloop — die plastieksakkie styf in sy hande vasgeklem.

Hy het hulle in die voortuin gekry. Die pa en die ma en Piet en klein Elsie. Die mans wat die koshuis skoonmaak, het ook eenkant gelê en die nurse was in die hoek van die tuin. Hy het by sy mense gaan sit. Hy het klein Elsie se handjie gevat maar dit het teruggegly. Hy het gevoel hoe die groot huil in sy keel sit maar die skree wou nie uitkom nie. Later het die gras nat geword van die dou en hy het klein Elsie stoep toe gedra waar dit droog is.

Daar het Frans hom gekry, klein gehurk met 'n plastieksakkie in sy hand. Langs hom het klein Elsie gelê.

Frans het afgebuk: "Kom Josef, kom ons loop."

Hy het stil bly sit.

Frans het sy skouer geraak. "Josef, jy moet kom want toe die Mies sien dat die moeilikheid kom, het sy my gestuur om jou te soek. Sy het gesê ek moet jou hand vashou want jy is nou my kind en ek is jou pa. Jy moet by my vuur slaap en by my pappot eet. Ons moet nóú by die groot kerk loop, Josef, want die dromme is té stil."

Josef kyk op, sien die groot hand wat vir hom wag. Hy maak die plastieksakkie oop. Toe vat hy die riempie en maak dit met dom vingers om klein Elsie se nekkie vas. Hy vou sy hande saam toe hy sien hoe die kruisie in die maanlig blink.

Hy staan stadig op en vat Frans se hand en toe hy opkyk, sien hy die groot blink ster wat hoog bokant die vaal bos hang.

SOPHIE MÜLLER

My Seun

Toe jou naelstring 'n bloedrooi boog
spuug deur die wit lig van teatervuur
en hul jou met hees geskree
in die holte van my arm plaas

toe wis ek dat ek saam met jou
ook in my die groot geheimnis hou
want in die blydskap van die groet
lê ook die afskeid van die laaste uur.

Ek sien die wonder van jou groei
soos deur die genes vir ons voortbepaal
toe wonder ek of jy dalk die losprys
vir my sondes sou betaal.

Toe jy wegstap na die groot bont voël
ė́n roer in hand nog oulaas vir my waai
toe weet ek sonder twyfel
dat ek ons boek weer om moet blaai.

Toe hul jou terugbring
en ek vir laas na jou in die diepte leun
toe kluite jou pet bevuil en die blomme kneus
toe weet ek steeds
jy is
jy bly my seun.

CHRIS PELSER

vers vir 'n meisie wat ek geken het

ek sou wou hê
dat ons die liefde rantsoeneer
soos met petrolkoepons suinig
op elke nuwe rit besluit
ek sou wou hê
dat ons opnuut
'n land ontdek
op elke reis
'n sederboom as baken plant

maar jy het my
die honda motorbike
like hel laat ry
en toe by die verste grens
'n bord vol lensiesop
as soewenier laat kry

kleinkyk in my kontrei

augustus waai die wind
my hele dorp vol stof en sand
dit lê bruin op die keistene
van sypaadjies in huise
en op die bottelstoor se stoep
die windpompe draai
knarsend die son fel
op die blink blaaie
die vrugtebome bot vaal sand
en in die dorp se baksteenkroeg
sluk grys boere
lou en bitter biere af
eenkant in die hoek
speel die landdros en die s.a.p.-sersant
vuurhoutjies en darts
drink gemmerbier en dop
en bowenal gesels hul oor die bene
van die nuwe meisie by die
dorp se inryfliek

O swart bul, o prul-orakel in jou kamer

bysiende siener, astigmaties met 'n bril,
koerantlesende dus:

die oorlog slaan voetpad deur die stad
verby Oom Paul met die klipkyk en die duiwe op sy keil
oor jooloptogte horlosierooi busse en staatsbegrafnisse
Mercurius se afvlerkvoete staan grafsteen vir die dooie hobo's op die plein
hul vodde wapperend soos woorde op verkiesingsplakkate in die sneeu
winkelpoppige mense — verlep soos bougainvilleas in die ryp —
gryns op elke straathoek, soms 'n doemprofeet
met sy alewige spreuke en maer bene
bloedlose mannetjies met houtgewere
skiet terroriste op die dakke
Marxistiese slagspreuke hou parade op die Hoogte
die rykes wag vergeefs vir Waterkloof se busse
in Magaliesberg se grotte skets die vetkers stotterend
beelde teen die skurwe rots: só het 'n huis gelyk, 'n hond
'n dam waar bleshoenders op die winter wag
'n kerk kantel leeg gebid, sy toring knak 'n vlermuistuiste oop
die dominee vlug ylings in 'n straat vol dreinpype
sy spoor is dood in elke pad wat hy onthou in land en stad
kanselkleed: "Ja, só spreek die Here"
die Heilsleër speel 'n blikkerige lied
voor die vuil Griek se kafee op die hoek
en die swartes skreeu hêppie-hêppie
kompleet asof dit krismis is

maar ek, spinnekop, sit grys en bang
in my web van woorde vasgevang

my kamer, o my gedurige kamer
met sy oë en horde boeke
toneel deur my venster:
grou met die rook van grotgrawers in die rante

die antichris land agter doringdraad op Jan Smuts
en lees op 'n biljetbord met sy sonbruin meisie:
"Welcome in South Africa"

PEET VAN DER MERWE

Die Pottebakkersklas

Vir Piet Haasbroek

"Jy moet vir jou 'n stokperdjie kry," het die dokter vir Thomas gesê. "Iets wat jou kan laat ontspan. Jy moet die rywerk doen, nie gery word nie."

Thomas het nie vir sy stuitigheid gelag nie, maar wel by 'n pottebakkersklas ingeskryf.

Elke weeksdag het hy soggens opgestaan, biblioteek toe gegaan, elke dag se koerante deurgelees, opsommings gemaak van al die belangrike artikels en berigte en die goed aangedui wat op mikrofilm vasgelê moet word.

Maar smiddae by sy tuiskoms, nadat hy die deur agter hom toegemaak het, het die giftige sampioene van sy vrees steeds — ten spyte van die pottebakkersklas — in sy bors opgeskiet. Dit het nog altyd begin met 'n reuk, of 'n geklop, of getik, of iets wat onverklaarbaar anders, iewers in die woonstel was. Hy het soos sy gewoonte teen die tyd was, agter die badkamerdeur ingeloer en wanneer hy in die sit/slaapkamer kom, op sy knieë gesak en die deken oor die divan opgepluk om seker te maak dat niemand daar wegkruip nie.

Saans het hy al hoe moeiliker aan die slaap geraak en wanneer hy wel daarin geslaag het, het die koue kronkels van sy angs hom vasgevat en dan het die wortels van 'n boom met donker bloederige vrugte hom teen die aarde vasgedruk en hom doodgesmoor. Maar hy het selfs in sy slaap geweet dit was net 'n droom.

Vir die dokter was Thomas 'n kantoorwerker — soos baie ander — wat glo dat hy hulle kan help, omdat die lig te skerp geword het vir hulle bysiende oë agter die dik brillense. In hoeverre Thomas se werk tot sy angs en neerslagtigheid bygedra het, het hy nie probeer uitvind nie.

In die pottebakkersklas was almal kantoorwerkers, huisvrouens en sakemanne; mense wat een aand 'n week kom potte bak het om te ontspan; mense wat ontvlugting soek van die daaglikse sleur, van kantoor, van huis, van die man wat te veel vra (of te min), van die neulerige vrou, die daaglikse koerant en die eenselwige nuusberigte oor die radio en televisie.

Van almal het die ou vrou Thomas die meeste geïrriteer met haar dom vrae en onbeholpenheid: "Dink jy die ding se boom is dik genoeg, meneer?" "Sal mens groen kry as jy blou en geel glasuur meng, meneer?"

"Glasuur, mevrou, is nie verf nie, mevrou!" sou hy wou sê as hy kon.

Al het hy haar sover as moontlik vermy, was sy 'n gewone vrou — iemand wat hy sou kon liefhê as sy sy moeder was. Dit was egter nie altyd moontlik om uit haar pad te bly nie; die vertrek was daarvoor te klein en hulle het een maal per maand die gebakte potte versier en dan het hulle almal om die tafel met die emmers vol aangemaakte glasuursel gebondel. Telkens het een van hulle die roomdik mengsel wat grinterig onder die houtspaan voel, deurgeroer voor hy die pot, of wat hy ook al in sy hande had, daarin gedompel het om dit weer bleekwit of grys daaruit te voorskyn te bring. Daar is etikette op die emmers aangebring wat vir hulle 'n aanduiding gee van die kleur wat hulle te wagte kon wees na die finale bakslag.

Sy was 'n ou vrou en besig om die bros glasuurlagie van 'n pot wat op 'n

plek afgevat of afgestamp is, met 'n kwas uit een van die emmers reg te dokter, toe sy aan hom vra:

"Watse kleur is dié?" Sy het met vinnige hale die rou gedeelte aan die pot met 'n kwas toegesmeer.

Deur sy bril het hy bysiende na die etiket gesoek. "Swart," het hy gesê.

Sy was 'n gewone ou vrou en daar was niks vreemd aan haar nie.

"O maggies," het sy gesê. "Ek moes nou eintlik met die groen besig gewees het. Ek is seker dat ek hierdie pot netnou in die groen gehad het. Hoe dink jy sal die swart op die groen uitkom? Dink jy dit sal mooi meng?"

"Glasuur mevrou, ..." sou hy wou sê, maar hy was ook maar net een van die studente.

"O, wel," het sy gesê en haar skouers opgehaal. "Die wêreld sal seker nie van 'n kleur vergaan nie."

Hy het onmiddellik op die houtblad van die tafel geklop: sy behoort nie sulke onsinnige goed te sê nie. Op pad in die Sunnyside-bus en later in sy woonstel nadat hy agter die badkamerdeur en onder die divan gekyk, en nadat hy sy slaappil gedrink het, het hy steeds aan haar woorde bly dink en gewonder of hy nie 'n fout gemaak het nie.

"Jy moet vir jou 'n stokperdjie kry," het die dokter hom aangeraai.

Sy moet min geluk hê, het hy gedink. Dit word seker alles so verpraat soos vanaand.

Maar dit was niks persoonliks nie. Die rol van profetes het haar ook nie gepas nie; daarvoor was sy te gewoon, te onkundig en het sy te min van die politiek af geweet. Daar kon geen waarde aan haar woorde geheg word nie, al was dit die opstandjaar. Sy het dit net van die glasuur gesê wat toe nog ongesmelt, bleekwit, of grys en onidentifiseerbaar was.

Met haar sou hy nooit met sekerheid kon sê nie.

Hy het gelê en wonder oor die onsekerheid. Dit moes uitslaan in sy droom. Dit kon die vrugte wees, of dalk was dit die boom?

PIETER VAN DEN BERG

Tydsdokumente

VOORBLAD 24 AUGUSTUS 1978

NEGE SNEUWEL, lui die banier.
'n Vierkolom-raam meld die name.
"En nie een was eens mondig nie
en skaars 'n week in Oos-Caprivi."

Oorlewendes wys 'n Rooi Oog-missiel
soos dié wat met 'n "geluk"!-skoot
nege ná nul een nul nul uur
laat sneuwel het in hul slaap.
Op die kaserne-slagveld van Katima Mulilo:
'n gebreekte kitaar en 'n heel kitaar,
verkoolde stewels, slapbandrillers, 'n Bybel;
aan balke se splinters droë bloed.

Doodgewone woorde, ég, egter, soos rooi oë
van treurendes, wat treurendes tog troos:
Ouboet: "Willie was bly om te gaan.
'Dis my plig', het hy gesê, 'my trots.'
Maar nou wens ek liewer ek was maar
in sy plek met die kisklere aan."
"Net 'n foto het ek oor, en dié brief
van my jongste — my baba in uniform
wat so lief vir die land was, so lief."
"Gielie het nog geterg en gesê:
Dissie terries se mammies wat gat grens."
"God het beskik dat Gert sou moes sterf
as 'n offer vir sy land en volk."
"Kevin het so mooi skoon geleef."
"Jurg was atleet. En 'n wenner, altyd,
maar aan die wonder, altyd:
Hoekom sou ék so gelukkig wees?"
"Dirk en Laurie — hulle twee was ... hulle wás
tweelingbroers. Nie te skei nie. Nou is een ..."
"Mag God my vergeef dat ek so sê:
Hy het die wêreld Sy Seun gegee
dat ons vrede op aarde kan hê
en ons moes Hennie vir ons land afgee."

'Laat ons hulle onthou, daardie onmondiges,
daardie vredig slapend gesneuweldes:
'n baba in uniform, een halwe tweeling,
die gelukkige wat moes wonder,

dié wat "offer vir land en volk"
met kitaar en Bybel kon verbind.'

Rus maar, mamma se baba, rus
julle gelukkiges wat kon "lewe vir"
en "lief wees vir" 'n eenling-volk.
Rus maar, julle wat geslaap
en ontslaap het; en kan rus.

Terugkeer van die Verlore Seuns*

Son-dag drie September, en stralend
blou en helder. 'n Hercules land.
Agt krygsgevangenes klim uit
met "pro patria"-medaljes: "vir die vaderland".
"Moet net nie weer die pad byster raak nie",
skerts die generaal vaderlik en groet.

En almal begin vrolik word.

'n Vader storm nader, struikel en
... maar word gevang. Hy omhels
sy seun, haal die hoedjie af en streel
en streel die hare.

"Kyk! Kyk! Daar is Maria!
My broer, my broer,
jy't gekom, jy't gekom!"

"Toemaar, Mammie, ek's rêrig ..."

'n Brigadier skaam hom oor sy trane
maar 'n Rooi Kruis-man huil openlik van vreugde.
Soldate en harde joernaliste snuif-snuif
en 'n radioman stel skor 'n vraag
om sy stem baas te raak terwyl die volk luister.

Hannes Terblanche, pas sersant,
met oë rooi van "min slaap" verklaar:
"Iemand ons land onderkry? Niemand!"
(In Swart Desember 1975 is hy, geboei,
saam met Robert ("Grande") Wiehahn
ten toon gestel in Nigerië,
vuil, verhongerde, bebaarde bewysstukke
van die racistas se aggressie,
geparadeer soos skoudiere.
Maar die jag is tog oop op Afrikaners,
die skoudiere van Afrika?)

"Nou net een ding: Boerekos!"

"Ons het maar mansdinge gepraat:
meisies en motors. En baie gebid."

"Die dag toe ek geroep het, het U verhoor",
dank die kapelaan vir verlossing.

In 'n hotel word die vetgemaakte kalf geslag:
bier, vleis, vis en twintig soorte slaai.

Regverdiger offisiere mompel oor die bohaai:
"Afgevee aan bevele". "Wapens neergelê."
"Eintlik het hulle die krygsraad verdien."
Maar hulle troos hulleself gou
"want hierdie broers van ons was dood
en nou is hulle in *Suid*-Afrika.
Hulle was verlore en is gevind."

*Uit *Beeld*, 4 September 1978, *Rapport* 17 September 1978 en *Sunday Times*, 17 September 1978

CHRIS LOUW

Vrydag in Windhoek*

Dis Vrydagmiddag, 6 Oktober 1978. Ek sit op die terras voor die Hansa-hotel, in die koelte van die muur aan die westekant. Dis 'n groep Duitsers om die tafel naaste aan my, nog diep in die skaduwee, en drie jong Namas anderkant hulle, net buite bereik van die warm Suidwes-son.

Ek het Die Republikein klaar gelees en begin die koerant opvou toe ek die megafoon in die straat hoor: Môre ... Akturama ... op die skouterrein ... kom eet en geniet ..." Dit het stil geword op die stoep. Twee Duitsers staan op om te kyk, en die drie jong Namas rek hul nekke om tussen die struike aan die straatkant deur te sien. Die Kombi raak opgeneem in die verkeer, die laaste flardes musiek verswelg in die stadsgeluide.

Die Namas ontspan. Die Duitsers hervat hul luidrugtige gesprek. Ek kyk rond vir 'n kelner.

Dis Vrydagmiddag en ek is alleen. Johanita is ma-hulle toe — Stellenbosch toe, Republiek toe — sy en klein Eugène. Ek bestel 'n Windhoek-lager — Das echte Südwester Bier — en die groot Wambo (Herero?) sit 'n nuwe Euro-bottel voor my neer. Sestig sent.

'n Fris jongman en 'n middeljarige vriend in 'n safaripak kom by die kroegdeur uit en gaan sit by die oop tafel teen die noordelike muur. 'n Rukkie later kom nog 'n jong man by dieselfde deur uit, drie biere (Hansa) in sy hande en 'n aktetassie onder sy regterarm vasgeknyp.

"Geen droë, warm verkiesing hier", was Coenie se kop vir die stoepstorie wat ek vir bladsy een geskryf het. In die vrye verkiesing in Suidwes sal kroeë en hotelle oopbly. Dis warm in Desember wanneer die mense gaan stem. Dis nog maar Oktober nou, en kyk net hoe bak die son al.

Smithy kom by die trappe opgestap, Gène Travers agter hom. Mal Smith, noem die mense hom, en hy hou glo nogal daarvan. Ek ken hom nie, groet vir Gène ('n skuilnaam. Sy regte naam is glo iets soos Johannes Hendrik van der Berg, maar dit sou glo nie deug vir 'n man wat by die linkse Windhoek Observer werk nie).

"Wat gaan jy drink, Gène?" vra Mal Smith ongeduldig. Die kroegdeur swaai agter hulle toe.

Dis halfvier op my eerste Vrydag alleen in Windhoek. Ek het die koerant weer oopgevou: "Aktur en Swapo staan saam" en (kleiner) "Politieke vennote teen groot sokkerfees". Die son het nader geskuif: die skeidslyn tussen skadu en son val oor die tafel waar die drie jong Namas sit. By die tafel teen die noordmuur word klere verkoop: die middeljarige man het die aktetas oopgemaak, brosjures uitgehaal, 'n maatband, en besing nou die lof van sy produk; die fris jongman blaai deur die boekie, luister — hy gaan nóú val vir die verkooppraatjies.

Twee swartes kom sit in die son.

"'n Duisend-vyfhonderd, nee wag, ek lieg, 'n duisend negehonderd, het

*Die skrywer het wel op Vrydag 6 Oktober op die voorstoep van die Hansa-hotel in Windhoek gesit. Hy het net twee biere gedrink. Vir wat verder gebeur, kan hy nie instaan nie.

ek verlede maand gemaak," sê die middeljarige man. Die frisse het opgestaan om kleingeld te gaan haal. "Wat sê jy nou: Gaan jy ook verkoop?"

Johanita-hulle is Republiek toe. Ek sit op die stoep, en die son kruip nader. 'n Vrydagmiddag-son.

Die Duitsers gesels in 'n taal wat vir my vreemd is; die Namas se gesprek is onhoorbaar.

Ek wink die swartman nader: nog 'n bier.

Die vent betaal sy deposito — hy hêt toe geval.

Die Duitsers sit in die son.

Die Namas het geloop.

Die swartes in die son praat Afrikaans. Waarom sou Mal Smith 'n koerant in Engels uitgee? En dit in Suidwes, waar selfs die swartes Afrikaans praat? Hy is self Afrikaans, net soos sy kollega Van der Berg.

'n Vrydag in Windhoek. Die donnerse Vrydag. En alleen. Sy's weg Suid-Afrika toe. Die DTA het 'n sokkerfees, die NNF hou vergadering, Aktur propageer sy Akturama op die skouterrein, en Swapo se Danny Tjongarero gaan hof toe. Waaroor weet g'n mens nie.

Die swarte se stem kom deur: die blankes in die son het stil geraak: "Dis soos ek is. As 'n man hom beskaaf gedra, waarom nie?"

Ek sit in die skaduwee. Net-net.

Kry iets te drinke.

"DTA, Aktur, NNF, Swapo — almal belowe tog vryheid."

Ons praat Afrikaans. Die man in die son is koel: Ek praat nou. Wag tot ek klaar is.

Einde vanjaar stem ons.

Nou baklei ons. Vir vrede, vryheid, voorspoed.

Die een in die son staan op. Vrydag, en sy's weg Suid-Afrika toe, dis mense wat luidrugtig standpunte verkondig, en mense wat transaksies beklink, maar sy kom na my toe, haar vel blink in die Namibië-son, soos myne.

Sy soen my. 'n Vlugtige aanraking, haar hand koel op myne. Die ander is silhoëtte, mense by drankies.

Vry dag.

JAN DE BRUYN

Bergtoneel
vir Michael Croesér

Nou het ook ek
my fragmentjie veld
nou wel
gereghoek in 'n raam
maar tog wyer
as die oog se eerste
of selfs tweede
stadiger gryp

Voorlangs sien ek eers
wolkskape
oor bruin bergkruine wei
en dan, hoër op,
hulle wit miswolle
aan die dun en singende
doringdrade van die wind

En dan
in die donker skeure
agter helder waterboë
tiere met bleek en stil oë
en sagte kloue
met die naels nog ingehoue

En dan, nader,
in die gloed van geel gras
skielik
die kronkels
en die smal kop
met twee swart sterre
wat nooit gloei
of sagter blink nie.

En dan
en vir die eerste keer met skrik
half in
die vlek van 'n wolk
se skaduwee
'n klipspringer met skuins oë
meer weerloos
as waaksaam

Ek merk ek ly
aan 'n vreemde soort gelatenheid
soos dié van die lyf
as die slaweswepe en die son
die hart se ritme uit die rugvel breek
soos die stomme se stottering
wat 'n skel stilte word
soos 'n blinde
wat na berge gryp
en die lug voel breek in sy hand

MADA REINECKE

Torso

Die rugstring van die dag
lê seningrig
en afgevreet
saans as ek huis toe kom.
Die nagte betower my
soos 'n fluit
en destyds
toe ek onwetend
en lomp in die knieë was,
het ek een warm nag
wakkergelê en wag
op die vlermuise
wat piep
oor die liefde.
Hoe vol was daardie liggaam toe!

Nou lê die nagte
vlak om my keel
en die dag
breek seer in my gesig
as ek soggens
my liggaam
op sy voetstuk lig.

ELSABÉ VAN REENEN

geliefde droom

die swartgeraamde gesig
van die nag
gluur my met gloeiende kooloë aan
ek kruip tussen my varkpenlakens in
en spuit strignien om my heen
as jy durf aan my raak

wat eet jy
terwyl alles vrot om jou lê?
die aanhangsels van jou hande
fladder in smeking
om tien gebooies
wat meer speling tot verkragting
bedrog
en
manipulasie bring
selfs die kruisie om jou nek
is die wag voor jou geheuehek
waaroor my woorde nie kan spring

al is jy enkelvoudig in 'n ondubbelsinnige
grap opgeraap
sal jy onthou die bruin van herfs
die koue kom hier in transvaal gouer
as in stellenbosch
meisies met woltruitjies
knoop jou misrabelheid
in hul boektasse toe
op pad klas toe
vat jou musiek ongevraag saam
en huil
oor heel ander dinge as wat jy
jou ooit sou voorstel

vandat jy daar
en ek hier
is
sit ek sommer daelank en niks doen
sondagaande bly oneindig lank
geliefde droom
ek moet jou bedank
dat jy my toemaak
met die swartgeraamde gesig
van die nag

die soektog

verby die andesbergreeks
    anderkant sipres
    tot in mohammedland
reis die karavaan
een-vrou-ekspedisie
a l l e e n
met 'n watersak
radio & kompas

in kapitole en tempels
bid sy om rigting
    om krag
    en tyd
sy weet hy moet iewers wees
soek dwarsdeur die nag

uitgelewer aan vreemde siektes
struikel sy na 'n arabierdorp
yl vier dae rigtingloos
tussen skarlakenkoors
en verlorenheid
haar vel
eens onbekommerd wit
skroei onder 'n egiptiese son
smag sy na beskawing
die nag is so gou om te kom:

op kiki verloor sy haar verkyker
waar kan hy wees
waar kan hy wees
wonder sy terwyl sy wag
vir die grenspos om oop te sluit

u i t e i n d e l i k

hy is gevind!
laat haar radiokontak
    in pretoria
dié nag per radio weet
hy woon in sunnyside
    met duke
    sy hond
en het lankal van haar vergeet.

Elizabeth Catherine Crawford

my nederlandse oupa het met 'n skotse meisie getrou
elizabeth catherine crawford
uit graaff-reinet se swart bakhand
waar brakwater in komme staan
en donkies geharnas sluip
deur vaal stofstrate
voor bitsige swepe uit

my ouma het die boerse woorde ingewurg
en weer opgebring in bleek brousels
waarvan die spatsels my oupa se voerende hande
versuur het
    drupsgewys
        met die jare
            kots-erosie

maar toe my oupa oorlede is die dag
het elizabeth catherine crawford
haar whiskey-botteltjie gepak
haar reistas opgetel
en met vlerke van vreeslike blink metaal
dwarsoor die land
van kleinkind na kleinkind gefladder

sonder om te bodder
oor korrekte taal

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN

Namibië?

(Al sou die son sy somer kon vergeet,
sal iemand iewers van my liefde weet.)

Wanneer die aasvoëls oor my land krakeel,
sal iemand nog Chopin-nokturnes speel?
Sal daar nog Mei-versierde môres kom,
en nog Novembers oor die rante blom?
Sal iemand aan 'n Junie-aand vertel
die minnerama van ons nanagspel,
en sou die skugter engel nog daar waak,
weer hoop om aan jou naakte rug te raak?

Wanneer die rapers afsak op ons land,
sal nog die straatlamp van ons weemoed brand,
bly daar nog môres in 'n loom kafee
langs Kaizerstraat asiel vir sulke twee?
Sal sulke twee nog middae in die reën
hul luister aan 'n kamerlandskap leen,
'n strak hotel tot blink Olimpus bou,
en sal die reën hul ritseltaal onthou?

Wanneer die wildehonde sleur en skeur,
die Goue Koedoe tuimel, sal daar deur
die wentelwolke bo ons Helikon
nog duiwe glinster teen die middagson?
Sal iemand weet ons straal nog deur die mis
by Swakopmund, en skenk herrysenis
aan elke liefde wat Suidwes onthou
in ligroos marmer en Erongoblou?

Wanneer die wolwe oor die rante snuif
en duister sluiers oor die landskap skuif,
sal iemand weet hoe suiwer was die land
gespoel, en deur ons liefde blink gebrand,
die ritselinge in die amber straat
is ek en jy wat oor bestemmings praat?
Solank November aanbreek, keer op keer,
sal ek en jy oor hierdie land regeer.

FRANCIS GALLOWAY

Parthenon

ek trek deur die land
op soek na
'n verdedigbare vesting
vir ons liefde
'n akropolis vir die hart
van ons klein staat

daarop sal ek
'n tempel bou
van Penteleense marmer
wat wit brand
in die eerste son

ek sal self
die blokke kap
die klipkleed skil
van suildrom en metoop
sodat vorm op vorm rus
in volmaakte ewewig

ek sal 'n
suilegang ontwerp
wat soos arms sluit
om die Allerheiligste
bewaker van ons liefdesbeeld
die fynste goud en ou ivoor

ek sal 'n fries
uitkap in laagreliëf
ter herdenking van
'n jaarlikse fees:
die oopvou van
'n jubelmantel
vir óns Athena

asseblief
bring vir my die see saam
bring die suidoos in jou oë
en die skulpe van jou donker rug
bring die blou
bring jouself
en jou dun paaie en die koel groen
en die mis van tafelberg in jou woorde
maar los die bloublasies van jou tong
en kom vertel my
soos vir 'n kind 'n sprokie
van the way we were

my ou voertsek my ou maatjie
ons trap ons tjank af
ons blaf oor ontbyt
verwytend omdat ons
geen haar-af meer maak nie
daar's vlieë in my brak water
en jy kwyl net
gaande oor 'n mooi been
Salusation:
my lief laat ons mekaar oppas
kom ons bewaak mekaar soos ou honde.

INA LÜBBE

Jy pluk
vandag
'n bergangelier
wat ruik na sagte reën
Jy vra nie
hoe dit môre sal lyk
of hoe lank
die wonder mag duur
Want jy pluk
vir vandag
'n bergangelier

Jou woorde
is 'n golf
waaroor die seewind
waai
Skuimperde
wat jaag
wat breek
op die sand

In die fyn reën
van druppelsproei
hoor ek jou roep

Tot die stilte
weer
in natsand
lê

THEUNIS C.C. LOMBARD

die bitter bly nie
op die bodem van my bierglas agter nie
en die onpersoonlike kroegligte
ken geen genade nie

ek leef tussen muntstuk op muntstuk
en note die kontant bedrae
van 'n eensaamheid uit

en bring die offer
van my outonome arbeid
daaglikse swye van 'n weedom op datum

my voetstappe wek
die nanageggo's
in my soektog na niks
en na skemerlignêrens

en verkool my kankerende honger
in elke sigaret
en fluit domastrant
my opstand mak
hande-in-die-broeksak
teen die suidewind op pad

LENZE L. BOUWERS

dromen is bedrog (1)

de zon staat op strandweer
de lucht tropisch blauw met hier
en daar een verdwaald langgerekt
lintje wit, een verjaardagsslinger

links ligt de dochter korreltjes
blank zand in volle ernst te tellen

de zoon legt de laatste hand aan
de slanke toren van ons droomkasteel

een groepje meeuwen staat schitterwit
te wachten op een preek van Sint Franciscus

de golfslag kabbelt een speelliedje over
m'n voeten die beginnen te bruinen

m'n vrouw komt druipnat en lachend
uit de grote zee op ons allen af

hier raak ik van de wijs
dit is het para...

rakelings langs de gehoordrempel
giert een straaljager over
schiet en treft doel

DOROTHEA VAN ZYL

A.G. Visser, die kind en die poësie

1. Die kind en die poësie

Die kinderpoësie kan (soos kinderliteratuur in die algemeen) in verskeie opsigte 'n probleemkind van die literatuurstudie genoem word, omdat dit die letterkunde èn die opvoedkunde betrek. Reeds die term "kinderpoësie" spreek van die tweespalt waarop dr. Hennie Aucamp ook wys t.o.v. die jeugboek[1]: "Die jeugboek het dikwels iets tweeslagtigs omdat dit èn letterkunde èn opvoedkundig-aanneemlike leesstof wil wees. Die kwalifikasies 'jeug'- en 'kinder'-by literatuur is m.i. hiervoor verantwoordelik. Letterkunde is nou eenmaal vir volwassenes bedoel, maar daar is baie letterkundige werke wat op grond van hul stof en strekking hoogs toeganklik vir die jeug is, soos verhale waarin kinders 'n belangrike rol speel, of 'n kind self die verteller is, soos Huckleberry Finn". Dr. Aucamp onderskei ook tussen "kinder*literatuur*" en "kinder*lektuur*".

Indien dr. Aucamp se stellings juis is, sou dit beteken daar bestaan nie iets soos bv. kinderpoësie nie, maar slegs gedigte wat "op grond van hul stof en strekking hoogs toeganklik" vir kinders is. Dít is na my mening 'n oorvereenvoudiging. Digters skryf tog dikwels *spesifiek* vir kinders, met die gevolg dat die stof en aanbiedingswyse die werk vir hulle selfs aantrekliker maak as vir volwassenes in die algemeen. Hierdie poësie toon op implisiete wyse sy gerigtheid op 'n kindergehoor aan. Die grootmensvermoë kom wel duidelik te pas (ook die keurder, proefleser, illustreerder, verkoper en koper is meestal volwassenes!), sodat die werk afhangende van die digter en sy talent, 'n wisselende literêre gehalte bereik. Veral van die aanname "Letterkunde is nou eenmaal vir volwassenes bedoel" verskil ek, want ook die kind het tog meestal 'n aanvoeling vir klank, ritme en beeld in die poësie, d.w.s. vir dít wat bydra tot literêre gehalte.

Daarnaas is dit egter by dié tipe letterkunde belangrik of kinders dit as "kinderlik"[2] aanvaar. Wat die skepping, ens. betref, mag die kind 'n betreklik passiewe posisie inneem, maar deur sy voor- en afkeure bepaal hy tog wat as kinderliteratuur behoue sal bly. Deur die jare het reeds geblyk dat didaktiek en moralisering vir 'n kind minder aantreklik is, terwyl hy aangespreek word deur klank, ritme en "kinderlikheid". Gedigte van hoogstaande kunswaarde wat ontoeganklik is vir kinders (selfs al word dit oorspronklik vir hulle bedoel) sou dus ewemin die naam *kinderpoësie* mag dra as blote rymelary wat in sekere opsigte "kinderlik" is. Sowel die "opvoedkundige" maatstaf van kinderlikheid (deur kinder-oë gesien) as literêre verwagtinge[3] van eenheid, konsekwentheid van gekose gesigspunt, goeie taalgebruik, ens. kom dus ter sprake. Dit verklaar waarom die kinderpoësie (en kinderliteratuur in die algemeen) bepaald geen maklike genre genoem kan word nie.

2. A.G. Visser se kinderpoësie

A.G. Visser behoort tot die klein groepie Afrikaanse digters wat m.i.

kinderpoësie gelewer het.[4] Sy werk wil ek veral op twee maniere benader: By sy verse wat spesifiek te kenne gee dat dit vir klein kinders bedoel is, wil ek nagaan in watter mate voorsiening vir die kind èn die poësie gemaak word. By sy gedigte wat op groter kinders gerig is, volg ek Aucamp se "benadering" en wil ek by enkele gedigte nagaan wat in die stof, strekking of aanbieding dié werk vir hulle toeganklik maak. Ek kies vir hierdie doel sommige geestige verse wat D.J. Opperman in *Kinderkeur uit A.G. Visser* (1967) as "kindergedigte" ("Voorwoord") opneem.

2.1 Visser se kleinkindverse

Die "kinderlikheid" van Visser se poësie vir kinders het in die verlede reeds ter sprake gekom. F.E.J. Malherbe spreek hom bv. veral uit teen byskrifte by die titels van verse in *Uit Ons Prille Jeug*, wat hy as "die bewushumoristiese", "kommentaar in die slegte sin", "'n selfbewuste knipogie van die digter aan die volwasse buitestaander", "ongemotiveerd en storend in die verband"[5] verdoem. Daarom skryf Visser volgens hom geen "egte kinderlyriek" nie. Malherbe laat hom dus veral deur die opvoedkundige, maar ook deur die literêre verwagtinge (die laaste beswaar) t.o.v. dié genre lei.

J. van Melle konsentreer op die verwagting van kinderlikheid en reageer krasser: "Visser het ook heelwat versies oor kinders gemaak. By baie van hulle was seker die bedoeling dat hulle deur kinders gelees sal word, maar dan het hy nie heeltemal geslaag nie. Daarvoor het hy hom die gedagtelewe van 'n kind nie voldoende helder herinner nie, of hy het nie daardie gedagtelewe, deur wat hy as volwassene van kinders sien en hoor, kon binnegaan nie (...) Vir ons oues wat ook vergeet het hoe 'n kind voel en dink is dit wel leuk".[6] Indien Van Melle se kritiek geregverdig is, beteken dit dat Visser wel miskien poësie geskryf het, maar geen *kinder*poësie nie.

2.1.1 Die kind as ek-spreker

Die probleem van kind en poësie wat genoemde kritici by Visser aandui, wil ek opnuut nagaan, veral n.a.v. die "kinderspreker". Ek konsentreer op sy geestiger verse, omdat van sy ernstiger kinderverse net soos sy ernstiger gedigte vir volwassenes dikwels ly onder sentimentaliteit, geforseerdheid, hoogdrawendheid en geykte taal.[7]

In sy kleinkinderverse gebruik Visser graag 'n jong kinderspreker (een van die dinge wat volgens dr. Aucamp sekere literatuur vir die kinders toeganklik maak) om sekere ondervindinge uit die werklikheid of sekere fantasieë aan 'n sigbare of onsigbare gehoor mee te deel. Die gebeure word dus weergegee asof die kind dit self waarneem. Dit is die geval in nagenoeg veertien uit die 52 gedigte in Opperman se *Kinderkeur*. Met die uitsondering van een ("Kokkewiet") plaas hy almal in die eerste derde van die bundel wat hy georden het "volgens die ouderdom van die kind". In ses gedigte word beide grootmens en kind aan die woord gestel.[8]

Die keuse van 'n bepaalde spreker skep sekere "beperkinge". Die taalgebruik, verwysingsveld, insig, ens. moet by die spreker se geïmpliseerde of gestelde ouderdom en ervarings aanpas. In die *kinder*poësie is dit verder belangrik dat die grootmensspreker (wat in Visser se kinderwerk minstens

eweveel as die kind optree) die kind op geen manier moet uitsluit of oorheers op 'n wyse wat hy onaantreklik kan vind nie. As bloot met grootmensoë gekyk word, sal 'n breuk met die kinderlike noodwendig ontstaan.

Slegs een vers in *Kinderkeur* is m.i. volkome vry van *enige* grootmensintrede, nl. "Weg is die Wapad" (p.20). Dit roep uiteindelik 'n byna surrealistiese prentjie op deur die beeld "Want die motor, soos 'n tol,/ het die wapad opgerol!" Die oorspronklikheid daarvan behoort wel die grootmensleser/-hoorder se aandag te vang, maar dit oortuig tog as 'n stukkie kinderverbeelding. Die tipies-kinderlike byskrif: "Regtigwaar en sonder speletjies" toon dat die sprekertjie juis die onmoontlike van sy idee besef. T.o.v. die taalgebruik hinder die toutologiese "seker en gewis" (str. 3) bloot ter wille van die rym en ritme, asook die geforseerde "lyk die pad 'n breë band" (str. 1), maar dit doen nie juis afbreuk aan die spreker se geloofwaardigheid nie. Die taal, soos die voorstelling, is verder eenvoudig en vloei natuurlik deur enjambemente. Die breeduitgewerkte beeld word van die eerste tot die laaste strofe deurgevoer en bereik 'n klimaks in die absurde gevolgtrekking van die slotstrofe:

WEG IS DIE WAPAD
(Regtigwaar en sonder speletjies!)

As ek in 'n motor ry,
en die bossies vlieg verby,
vinnig na die agterkant,
lyk die pad 'n breë band,

wat die motor soos 'n tol
myl vir myl na binne rol;
en ek wonder hoe dit lyk
as 'n mens nou t'rug sou kyk.

Ek voel seker en gewis
dat daar glad geen pad meer is;
dat die bossies en die gras
groei waar netnou wapad was.

Want die motor, soos 'n tol,
het die wapad opgerol!
Hoe sal ons die koers nou kry
as ons weer wil huis toe ry?

Ná hieraan staan "Klein Ongeduld" (p.24) waar slegs die titel van 'n grootmensperspektief spreek. Die vers self, die weergawe van kindergedagtes en -fantasieë rondom die ou volksgelofie dat die ooievaar babas bring, is hoofsaaklik in kindertaal gestel, buiten miskien woorde soos "so heet hy" (str. 2) en "gewis" (str. 4). "Anderland", met 'n hoofletter om aan te dui dat dit vir die kind 'n spesifieke land is, kan egter 'n wins genoem word. Ook die uitbouing van die kinderverbeelding in "want toe ek hom gevra het/ toe knik hy met sy kop" en die slotwoorde "Die stoute ooievaar" klink oortuigend kinderlik.

Visser se gebruik van die byskrif, skerp deur Malherbe gekritiseer, kan

moontlik die kinderlikheid aantas. Dit gebeur egter geensins deurgaans nie. In een van Visser se mees poëtiese, musikale kleinkinderverse, nl. "Die Wilde Ruiter" (p.3) is die byskrif wel m.i. betreklik onfunksioneel. Dit doen geen afbreuk aan die geheel nie, maar lewer ook geen daadwerklike bydrae nie. (Dit is dus ten minste "ongemotiveerd", indien dan nie juis "storend in die verband" nie.) Vgl.: "Hy sou natuurlik nie Pa se kind wees as hy nie van kleins af lief is vir perdry nie". Dit sluit aan by die spogtoon van die kinderspreker en by die slotwoorde "Pa se kind!", maar dié gedagte lê reeds voldoende in die gedig self opgesluit. Deurdat dit 'n spesifieke pa aandui, werk dit ook verskralender as wanneer bloot die slotwoorde gebruik sou gewees het.

Die wyse waarop die kind se verbeelding in toenemende mate met die idee van sy stokperd speel, totdat dit kulmineer in die mooi allitererende reël "ek wen die westewind" is egter voortreflik. Die kinderlike aanbieding, klankrykheid, lewendige ritme, die opbou in die naamgewing (van die perd "Bokkie" tot die karwats "Rats", die plekname "die Kaap" en die klankryke "Oemkomaas", en die uiteindelike "Pa se kind!"), die sterk persoonlike element, ens. maak die gedig self uitstekend. In dié eenvoudige versie word kinderlikheid in so 'n mate met digterlike vaardigheid gekombineer dat dit ware kinderpoësie tot gevolg het.

In "As dit fluit-fluit gaan" (p.6) is die byskrif wel funksioneel, want dit gee die sleutel tot die interpretasie: "Met die kwalik verhole trots van iemand wat van sy kordaatstuk vertel". Die taalgebruik is klaarblyklik op die volwassene gemik, bv. op die persoon wat die kind moet help met die voordrag. Dit lyk dus nie of dit as sodanig bedoel is vir die kind nie. Die byskrif is egter noodsaaklik, want op die oog af lyk dit of die grootmens in die gedig die kind oorheers, vgl. die "bitter dag" en die pak slae wat volg. Soos ook o.m. blyk uit die terloopse "Wel ..." voor die woorde "tuis het ek 'n pak gekry/ en huil my byna hees" is dít nie die klimaks nie, maar eerder die slotreëls: "Maar dit was darem, glo vir my/ 'n lekker fluit gewees!" Die vermakerige toon, asof die kind hier die "onredelike" grootmens oorwin, maak van die gediggie in werklikheid geen weergawe van 'n vernederende ervaring met die kind as die lydende party nie, maar eerder 'n heldedaad verrig in weerwil van volwasse teenkanting. Daarom vertolk Katrine Harries se lewendige penskets in *Kinderkeur* in 'n soveel groter mate die "boodskap" van die byskrif en gedig as die bedroefde, bedremmelde seuntjie van Ada Fries in *Uit Ons Prille Jeug*. (Of die byskrif en klimaks 'n sterk genoeg teenvoeter vir die straf is, is natuurlik 'n ander vraag.)

Na my mening is slegs Malherbe se laaste, literêre, beswaar t.o.v. die byskrif geldig. Soos die titel staan die byskrif tog buite die eintlike gedig en kan dit slegs skade aanrig indien dit die gedig as geheel aantas. Andersins kan 'n kind wat niks daaraan het nie dit maklik ignoreer, terwyl dit ook die grootmens (en dus 'n groter gehoor) betrek. Dikwels kom Visser se sprankelende talent t.o.v. die geestige juis hier tot sy reg en beteken die byskrif eerder 'n verryking.

Die taalgebruik *binne* 'n gedig is van groter belang, omdat dit die oortuigingskrag van die ek-spreker kan aantas. Dit gebeur egter nie noodwendig by die gebruik van grootmenstaal nie. In twee gedigte, nl. "Biesie-Biesie-Bame" (p.12) en "Predikasie" (p.19) is die grootmens wel deeglik aanwesig in die taal, maar op 'n wyse wat geen breuk met die kinderlike veroorsaak nie. In beide word dit 'n weergawe van die grootmens-in-die-kind, waarby die kinderlike nie agterweë bly nie.

Soos in "Rymritjie" bou Visser in "Biesie-Biesie-Bame" bepaalde volksryme uit, nl. die gewilde gebedjie waarna die titel verwys en die tradisionele uittelrympie "ena, dena, dana, doe" (hier ietwat vervorm). Die byskrif: "As Mamma haar voorskoot aanhet en haar moue opgerol het, dan beteken dit: bad, bid, bed!" kan ewegoed die woorde wees van 'n kind wat op naïewe wyse vir haarself 'n volgorde uitredeneer n.a.v. die grootmens se voorbeeld. Dié slaaptydreseppie word dan ook sorgvuldig uitgevoer, vergesel van volwasse sêgoed soos "Sedig sit hul, maar ek vrees/ almal is nie soet gewees", wat tog as deel van die speletjie oortuig.

In "Predikasie" word ruimer voorsiening vir die grootmens gemaak, bv. in die byskrif, 'n klaarblyklike "knipogie van die digter aan die volwasse buitestaander" (Malherbe), wat egter ook die sleutel tot die interpretasie gee en nie op so 'n toon gestel word dat dit die kind verneder nie: "Ernstig, soos dit 'n man betaam wat al sy eerste kruisbande aanhet". Die spreker se houding en taalgebruik in die vers self onderskryf hierdie woorde. "Geliefde Gemeente", "Dorsland", "Ramshoorn en trompetgeskal", "liefdegawe ingesamel" en "Koster, hef die slotsang aan!" is, in aansluiting by die titel, tipiese predikantstaal. Niksseggende stellings soos die reeds spreekwoordelike "kan ek nie meer verder gaan/ begin ek weer van vooraf aan" tipeer die dominee, terwyl dit opvallend is dat die "boodskap" 'n blote stuk oppervlakkige geskiedenis is, met die kollekte as hoogtepunt van die diens. Die gedig word dus 'n parodie op die werklikheid, maar as gevolg van die keuse van 'n kinderspreker eerder speelse kommentaar as satire. Die vermakerige: "en in vervolg mag net dié sing/ wat Sondags hul kollekte bring" en die baasspelerige "Ek hoop dit is nou goed verstaan" stel die kinderlike mentaliteit voldoende op die voorgrond. Visser slaag uitstekend daarin om binne 'n primêr kinderlike gegewe veel plesier aan groot en klein te verskaf, sonder dat 'n breuk tussen die twee partye ontstaan.

By ander kleinkinderverse met 'n ek-spreker doen die taalgebruik egter wel afbreuk aan die karakter se geloofwaardigheid en die oortuigingskrag van die geheel. In "Klein Boetie" (p.25) kan die lewendige, amusante vertelling, die vraag-en-antwoordtegniek, herhaling ens. bv. tog nie voldoende kompenseer vir geforseerde en grootmenstaal soos "Abba moes Ma hom aljimmer", "veilig teen donker en dag se alarmpies", "klein bergenaar", ens. nie. Dit strook nie met die geïmpliseerde ouderdom van die kind wat nog glo aan die verhaaltjie dat sy nuwe boetie eers 'n bobbejaan was nie.

In 'n nog mindere mate oortuig "Is dit dan Reg?" (p.1) wat Opperman, waarskynlik vanweë die aansluiting wat dié opnoemingsversie by tradisionele vinger- en aanraakrympies vir die heel klein kindjie vind, heel eerste in *Kinderkeur* plaas. Die byskrif: "'n Klein mannetjie het somtyds 'n groot grief" se trefkrag berus, soos dié in "Sê-nou" (p.18), op 'n teenstelling. Waar die ouer lesertjie dalk al die geestigheid in lg. vers kan waardeer, is dit egter uiters onwaarskynlik dat die klein kindjie vir wie dié gediggie bedoel is, hierdie byskrif sal verstaan of geniet. Dit spreek ook te veel van afstand tussen grootmens-wat-vir-die-kind-lag en klein kind. Die twee slotreëls: "nou beweer ou dokter Bendiks/ ek besit net een appendiks!" is verder eerder "bewushumoristies" (Malherbe) as kinderlik. Dit impliseer dat die sprekertjie ten minste verstaan wat "beweer" beteken, indien "appendiks" dan vir hom 'n blote mooi groot, onverstaanbare woord is. 'n Breuk ontstaan m.i. beslis deur die teenstrydigheid daarvan dat die vers enersyds op die heel jong kind gerig is

en deur hom gesê word, maar andersyds te veel van en tot die grootmens spreek.

In twee gedigte, nl. "Grondmannetjie" (p.16) en "Goue Bruilof" (p.31) probeer Visser onkinderlike uitsprake aanvaarbaar maak deur die kind die volwassene te laat napraat, vgl. "my oupa sê" in die eerste en "Maar Mammie sê" in die tweede vers. Dié grootmensinsigte word boonop gekombineer met grootmenstaal en somberheid (lg. ondanks 'n doelbewuste poging tot geestigheid).

In "Grondmannetjie" gaan dit om die doodsgedagte: "Jy wil hom in die aarde hê" wat die kind klaarblyklik tog verstaan: "Dink jy ek sal na jou toe gaan/ dan sal jy lank moet wag!" Hier raak die teenoormekaarstel van jeugdige onskuld en ouderdomswysheid onoortuigend, omdat die kind te veel insig toon. Ondanks die betreklik kinderlike taal en die pogings tot geestigheid in reëls soos "Jy dink jy's snaaks, jy speel die gek", "Jou naam is Bang!", ens. bly die gedig somber. Dit is egter nog veel beter as "Goue Bruilof" wat benewens sowat veertien reëls afgesaagde grootmenswyshede op teenstellings gegrond (bv. "deur dik en dun van toe en nou — / die goue band van liefde en trou") te sentimenteel raak. Beide verse behoort m.i. tot Visser se minder goeie werk, enersyds omdat die nodige kinderlikheid ontbreek en andersyds omdat die sprankeling en oorspronklikheid wat soveel ander gedigte kenmerk, hier afwesig is.

In "Kokkewiet" (p.79) wat N.P. van Wyk Louw na my mening verkeerdelik "uitstekende poësie" noem,[9] word die digter verlei tot sodanige "digterlikheid", (vgl. o.m. die oorbeklemtoonde alliterasie in "o want Swaeltjie en Sonstraal en Somer is vrinde") dat die kinderspreker – volgens sy kinderlikbygelowige vrees en brawade as hy weer veilig in sy ma se kombuis is, kennelik nog jonk – plek-plek volkome verbygesteek word. Die taal pas soms by die kind aan en soms nie. Dit is waarskynlik om dié rede dat Opperman dit so ver na agter in *Kinderkeur* plaas. Andersins kom daar wel treffende vergelykings voor, soos die bok se "stewels wat kraak", die "water se handjies", ens. Die gedig is klankryk, met veel herhaling, hoewel dit soms hinder dat die taal nie glad en ongeforseerd vloei nie. Naas die gebrek aan oortuigingskrag omdat die kinderperspektief nie konsekwent volgehou word nie veroorsaak ook onfunksionele dele, rymdwang en geforseerde, geykte taalgebruik dat die gedig as geheel nie slaag nie. Die lang aanloop, die uitgebreide beskrywing van die swaeltjies, hou geensins verband met die res van die vers nie en verbreek die eenheid en spanningslyn, eerder as wat dit 'n positiewe funksie het.

Opsommenderwys kan gesê word dat Visser wel dikwels die kinderspreker op 'n geslaagde wyse voorstel, maar dat veral die taalgebruik, onkinderlike insigte en 'n verandering in perspektief sommige kleinkinderverse minder geslaagd maak.

2.1.2 Kind en grootmens aan die woord

Waar slegs 'n kinderverteller in 'n gedig gebruik word, kan veral onnatuurlike taal en te gevorderde insigte die karakter ongeloofwaardig maak. In die ses gedigte waar die grootmens en kind beurtelings direk aan die woord gestel word, ontstaan die gevaar weer dat die volwassene uiteindelik die hoofkarakter sal word en dat die gedig dus in 'n mindere mate tot kinders sal spreek.

"Algemene Kennis" (p.11) en "In die Katkisasieklas" (p.88) gee nagenoeg dieselfde verhouding weer, nl. die grootmens as vraesteller/leermeester teenoor die leerlinge wat 'n grappie binne die klassituasie maak en die werklike hoofkarakters bly. Grootmens en kind lag saam en geen breuk ontstaan nie.

Daarteenoor handel "Liefde met Gevoel" (p.13) en "Kierang speel" (p.21) oor die kleiner kind in konfrontasie met die ouer. Die gesagsfiguur is dus nie, soos in bg. twee verse, bloot teenwoordig nie, maar tree hier op so 'n wyse op dat die kinderkarakter daardeur beïnvloed word.

"Liefde met gevoel" se titel sluit nou by die vers self aan, nl. die uitbeelding van die twee partye, moeder en seuntjie, se "liefde" en "gevoel". Die sonnet gee egter in groter mate die grootmens se woorde en gedagtes weer, terwyl ook die byskrif "Vir die outjie wat met die tong stoot" (in aansluiting by die groot aantal s-klanke) spreek van 'n volwassene wat die kind as vermaaklik beskou. Tog sal die dialoog, interessante gegewe, klankspel en geestige gevolg (die grootmens uitoorlê deur die kind) in 'n mate daarvoor vergoed. Die vers is nie by uitstek kinderlik nie, maar wil eerder 'n grepie uit die werklikheid gee, met 'n regmatige deel aan moeder en kind. In dié opsig is dit vergelykbaar met "Die Strandlopertjie" (p.22), waar dit ook meer om die grootmens gaan, maar waar (volgens die byskrif) "die angsvalligheid van die moeder en die ongeërgdheid van die onbedorwe brokkie albei tot hul reg" kom. Die kind tree weer eens as eintlike wenner uit die stryd en daar word eerder goedig met die volwassene as met die kind gespot. As sodanig is beide verse m.i. in 'n groter mate op die grootmens gerig, maar ook die ietwat ouer kind sal veral "Die Strandlopertjie" aantreklik vind. Laasgenoemde is egter geen kleinkindervers nie en hoort na my mening meer na agter in *Kinderkeur,* indien 'n mens streng daarvolgens wil gaan dat die gedigte "volgens die ouderdom van die kind geordeen" is.

By die twee ander gedigte in dié kategorie is 'n kind telkens in die verloorposisie – iets wat bepaald die gewildheid daarvan by kinders kan beïnvloed. "Kierang speel" (p.21) stel, soos "Predikasie", die kinderspel as parodie op die volwasse werklikheid voor, maar die grootmens tree hier ook direk op die voorgrond. Die dogtertjie, wat by haar ma kla oor haar boetie wat elke keer die hoofrol in die kinderspel wil vertolk, wen, deurdat die seuntjie gestraf word. Daar is gevolglik nie slegs sprake van 'n verdeling grootmens-kind nie, maar ook van seun-dogter. Die taalgebruik oortuig verder nie as die kinderlike sê van groot woorde nie, vgl.: "wonde te genees" en veral "diepbedroefde, swaarbeproefde arme motorweduwee". Saam hiermee hinder onsuiwerhede ter wille van die rym of ritme, bv.: "Mammie kan jou nooit verbeel nie", "ek moet altyd minste wees", "Ek moet stil sit en tevree", ens.

In "Klein Woelwater" (p.58) is die moeder, "tant Lettie", meestal aan die woord met haar geestige boere-uitdrukkings soos "kleine spektakel", "reine mirakel", "Nou skaam ek my dood as 'n vyand of vrind/ sou vra: Is die swarte Masbieker jou kind?", ens. Jannie word byna uitsluitlik deur haar oë beskryf, bv.: "Ek kan nie meer praat nie, en 'k wil nie meer slaan nie/ ek weet nie waar kom so 'n stout kind vandaan nie".

Jannie se patetiese woorde in die laaste ses reëls pas beswaarlik aan by die klein "terreur" wat sy moeder beskryf, as hy "met ogies betraan" vra om liewer tuis te bly as om by 'n kwaai ou tannie te gaan kuier: "As Mams nie kan wag tot Jannie eers groot is,/ dan wag ons maar net totdat Tannie eers dood

is". Hoewel die hoofkaraktertjie klaarblyklik baie jonk is, sal 'n kleiner kind min vreugde uit dié vers put. 'n Ouer kind sal waarskynlik wel die geestige taalgebruik en die kwinkslag aan die einde kan waardeer. Anders as in "Die Strandlopertjie" kom die kind hier egter nie werklik tot sy reg nie, maar word eerder as lagwekkend-vir-grootmense voorgestel.

Saam met die taalgebruik, verwysingsveld, ens. is ook die mate waarin die kind as hooffiguur tot sy reg kom dus belangrik in kleinkinderverse. Die positiewe kenmerke van die meeste van dié gedigte, nl. lewendigheid deur die gebruik van dialoog, klankrykheid, fantasie, 'n verrassende, oorspronklike slot en veral Visser se sprankelende geestigheid bied wel voldoende kompensasie wat die ouer kind betref, maar in so 'n geval kan nie meer van kleinkinderverse gepraat word nie.

2.1.3 Grootmens- of ongeïdentifiseerde verteller

By hierdie gedigte ontstaan dikwels eerder die vraag na wat dit toeganklik vir kinders maak. Die tema, aanbieding, geestigheid en veral die geïmpliseerde hoorder kom hierby veral ter sprake. Heelwat van Visser se verse, vir beide klein en groot kinders, behoort tot dié groep.

In "Rymritjie" (p.1) praat die grootmens bv. op 'n vertroulike wyse met 'n heel klein kindjie. Die gedig word eenvoudig en logies opgebou, met 'n progressie van hoog tot laag, van "here" tot "klonkies". Die vrae betrek die kind persoonlik by die vertelling, terwyl die herhalende slotkoeplet enersyds bydra tot die eenheid en andersins die musikaliteit verhoog. Die musikale staan van die begin op die voorgrond, vgl. die woorde "Knietjie ry, sing vir my" en die ritme wat die kniebeweging markeer. Die gedig voldoen sonder twyfel aan die moontlike verwagtinge van die klein kind t.o.v klank, ritme en inhoud, hoewel sommige woorde soos "edele rosse" dalk buite sy begrip mag val. Visser slaag daarin om 'n ou volksrym op sinvolle wyse in 'n nuwe geheel te verwerk, wat die kind persoonlik betrek by die tipe humor wat hy kan waardeer.

Daarteenoor gee "Trippe, Trappe, Trone in die Droogte" (p.4) in 'n groter mate 'n grootmenssiening weer. Die gedig handel egter oor "Tweejarige kindertjies" (byskrif) en is dus waarskynlik bedoel om vir kleiner kindertjies voor te lees, vir wie dit eerder om ritme, klank, herhaling, ens. gaan as om betekenis. Die aanbieding is duidelik kinderlik — te meer as 'n mens dit bv. vergelyk met D.J. Opperman se ironisering n.a.v. dieselfde volksvers in *Joernaal van Jorik:*

Trippe ... trap patrone
kanontjies en atome

Die grootmensspreker in "Die Mensvreter" toon sekere kinderlike trekke. Outa Klaas, wat aan die woord is, deel bv. 'n voorliefde vir die grieselige met sy kinderluisteraars (wat hier spesifiek aangedui word), maar is tog versigtig om die beskrywing nie te erg te laat klink nie. Die oordrywing en absurde vergelykings maak dit eerder komies, vgl.: "Hy't 'n moesie tamaai/ soos 'n skurwe pampoen op die punt van sy neus", ens. Ook die uitroepe, skynbaar bedoel om spanning te wek, is lagwekkend, bv.: "allemintag", "O, koes!", "ag soe!", "ag foei", "Voertsek!" en "Allehoe!" Die twee slotreëls impliseer op sigself duidelik dat die bangmaakstorie nie vreesaanjaend genoeg is om die luisteraars wakker te hou nie. Dit is jammer dat dié andersins geslaag-

de geestige vers deur die voortborduur op dieselfde tema sonder veel progressie, die indruk wek van 'n blote voortstroom, sonder 'n noodwendige opbou.

Die tema van "Dapper en ek" (p.68), nl. 'n jong man se soektog na 'n vrou, impliseer skynbaar 'n volwasse of ouer kindergehoor. Sekere eienskappe, soos die naïewe toon waarop die gebeure vertel word, die volkse, eenvoudige verhaaltjie met sy gelukkige afloop, die klank- en naamspel (soos in die tipiese boerename "Hammerkopkrans", "Heuningneskloof", "Karnemelksvlei" en "Mooimeisiesfontein") en lewendige ritme sal dit waarskynlik egter ook vir die jong kind aantreklik maak.

Die geestigheid vorm 'n groot deelgebied van grootmens en kind. Heelwat van Visser se verse is toeganklik vir almal wie se humorsin voldoende ontwikkel is om die gewoonlik onskuldige grappies te kan waardeer. Veral op dié gebiede lewer Visser sy sprankelendste, mees hoogstaande werk. Hoogstens die tema (bv. die drankmisbruik in die bekende "Nat en Sap") sluit jonger kinders soms uit. Dit is opvallend dat 'n groot aantal van die gedigte wat Opperman in *Kinderkeur* opgeneem het, klaarblyklik nie spesifiek vir kinders geskryf is nie. (Bv. "Lotos-land", "Die Sware Tye", ens. uit die afdeling "Erns in Luim" in *Gedigte*; "Dapper en Ek", "Die Liewe Onskuld", "Klein Woelwater", "Die Duisendpoot", "Wit en Swart", ens., van tussen ander gedigte opgeneem uit *Die Purper Iris,* ens.)

Baie van die geestige gedigte handel wel op een of ander wyse oor 'n kind of kinders, bv. "Die Wortel van die kwaad" (p.28), "Die Sware tye" (p.59); "Die Duisendpoot" (p.43); "Wit en Swart" (p.33); "Toe die Wêreld nog jonk was" (p.93), ens. In die uitstekende "Lotusland" (p.89), met sy ryke verwysingsveld wat o.m. Pervecal Gibbon se *The Vrouw Grobbelaar's Leading Cases;* Tennyson se "The Lotos-eaters"; bekende Afrikaanse digters soos Celliers, Langenhoven, Leipoldt, Malherbe en Totius; die Bybel; die leuenliteratuur; die mitologie; ens. insluit, betrek die twee slotstrofes die kind direk in 'n heerlike toegif, waar Visser die didaktiese skool in die Opvoedkunde wat alles bysleep om 'n sedeles te leer, voortreflik satiriseer. Ook die genoemde verwysings sluit aan by die kennis van die ouer, skoolgaande kind.

Een van Opperman se keuses uit dié soort, nl. "Die Liewe Onskuld" (p.61) is minder oortuigend. Aan die woord is 'n grootmensverteller wat op 'n redelik nostalgiese en soms filosofiese wyse terugkyk op sy kinderjare, vgl.:

> Vergeet is lank die trane,
> die droefheid van die jeug —
> maar nooit die kwajongstreke ...
> O liewe, liewe deug.

Die vers spot eintlik fyn met grootmense wat hul eie jeug as ideaal voorhou. Dit gaan dus nie soseer om die kindergehoor nie, hoewel die hoofkarakters eintlik die kinders is en die jeug graag saamluister as hul ouers van hul eie kinderstreke vertel. Die subtiele teenstellings en die ironiese toon sluit egter veral die jonger kind uit, wat die gedig moraliserend mag vind.

"Die Duisendpoot", wat miskien minder bekend is as ander gunstelingverse soos "Wit en Swart", "Toe die Wêreld nog jonk was", ens. wil ek hier in meer besonderhede bekyk:

Bo-aan die gedig staan 'n "geleerde" Latynse aanhaling: "Similia similibus curantur" (gelyksoortighede word deur gelyksoortighede geheel) wat die vers oënskynlik 'n sekere status van "wetenskaplikheid" wil gee. Die gedig

begin en eindig verder op die oog af met 'n "les" of waarskuwing, soos die slotstrofes van "Lotusland": "Pas op, pas op vir die Duisendpoot:/ as hy jou byt, lag jy jou dood". Dié volkse bygelofie dien egter slegs as voorbereiding en afronding van die komiese, absurde verhaal wat volg.

Die lewendige vertelling en die voortdurende spel met klank en ritme (vgl. die klanknabootsing in Jannie se lag: "Ha-ha!", "ho-ho!", "hie-hie!", ens.) maak die gedig ook vir jong kinders aantreklik, terwyl die kostelike beskrywinge en woordspel, saam met die suiwer fantastiese gebeure wat soms na die absurde oorhel, baie vir die oueres bied. Fantasie en geestigheid word uitstekend verenig, bv. in die eerste strofe waar die ritme, herhaling en spesifieke woordkeuse verder bydra tot 'n uiters geslaagde inset:

Hy byt klein Jantjie op 'n dag;
daar kry die kind die lekkerlag:
Dit kielie hier, dit kielie daar,
dit kielie oral aanmekaar, ...

Veral die kure en name in die vyfde en sesde strofes is baie amusant, bv. "dokter Oudedoos", wie se naam reeds die implikasie van onvermoë dra asook die geslaagde samestellings "ou juffrou Net Natuur". Die "homeopâtie-man" se kennis word duidelik spottend aangeprys, juis deur die klem op sy oordrewe alleswetendheid: "geen siekte of hy weet daarvan/ Hy't simpatie, hy weet 'n plan". Sy hoogdrawende en by tye Nederlandse taalgebruik lewer in die daaropvolgende twee strofes 'n verdere bydrae tot die geestigheid, bv. "Ek het al mense in die wandel/ met ekstrak van verstand behandel", "*tot berstens loeg*" en "*Oud zijn zij en der dagen zat*".

Die woordspeling in die laaste twee reëls, voor die herhaling van die waarskuwing, is 'n uitbreiding op die basiese tema, maar met 'n belangrike betekenisverskuiwing:

'n Stokou grap is 'n goeie ding
teen Duisendpootvergiftiging
Pa sien die grap nie heeltemal,
want hy moes die gelag betaal.

Dié gedig is een van die talle goeie voorbeelde van geestige verse deur Visser wat bekoring vir jonk en oud inhou.

Ander gedigte handel geensins oor kinders nie, maar tog is dit uit die aanbieding, tema, ens. duidelik dat kinderluisteraars òf spesifiek veronderstel òf in elk geval ingesluit word.

In "Noag se ark" (p.7) dui die byskrif ("Met die welsprekendheid van iemand wat 'n sweep in sy hand en 'n pluiskeil so effens skuins agteroor gestoot het") nie noodwendig op 'n kinderspreker nie, terwyl die vers kinders ook op geen manier spesifiek betrek nie. Tog is daar sterk aanduidings dat 'n kindergehoor veronderstel word en dat 'n kind aan die woord is. Die afsonderlike kort, beskrywende gediggie oor elke dier, "formeel" aangedui deur die subtitel, laat dit na 'n kindervoordrag klink. Ook die klank- en naamspel, die tema en die sterk verbeeldingselement (veral in die slotstrofe), sluit baie nou by die kinderwêreld aan en maak dit by uitnemendheid 'n gedig vir 'n kinderbundel soos *Uit Ons Prille Jeug* (p.39) of *Kinderkeur uit A.G. Visser*.

Die grootmens sal veral die briljante taalspel met die voorkoms, eienskappe en name van die diere geniet (wat dit ten slotte eerder gefantaseerde

taaldiere as werklike "grootwild" maak). Daar is egter verder voldoende eenheid binne die verskeidenheid, klankrykheid en ritme om selfs kleiner kindertjies te amuseer.

Ek bespreek die derde dier, "Die Dromedaris", ter illustrasie: Die subtitel skep die verwagting dat die "skip van die woestyn" ter sprake sal kom, maar heel verrassend is dit "die Fordkar van die sandwoestyn" (iets wat lank hou?). Die woorde "harige ou harlekyn" vertoon 'n sterk onderlinge klankverband en sluit ook aan by die "Kalahari" en "hari" wat later volg. Die reël "met 'n rolvatwater in sy inventaris", tref veral deur die oorspronklike en komiese beeld, terwyl die "klaar" in die daaropvolgende reël enersyds deur die suggestie van gereedheid hierby aansluit en andersyds by die "silwerskoon" in die betekenis van "helder". "Kalaharie" en "Sarieharie" (Sahara) skakel albei met "sandwoestyn" in reël twee. "Blikkanarie" kan (deur die "blik") dalk verband hou met "Fordkar", maar dui andersins waarskynlik op die gelerige kleur, taaiheid en skor stem van die kameel. Die verskillende woorde pas dus uitstekend by mekaar aan t.o.v. sowel klank, ritme en betekenis:

Die harige ou harlekyn,
die Fordkar van die sandwoestyn,
met 'n rolvatwater in sy inventaris,
wat nog altyd silwerskoon en klaar is,
is die
Kalaharie-
Sarie-
harie-
blikkanarie-
drome-
daris.

Wat dié gedig nog meer hoogstaande maak, is die feit dat Visser hierdie oorspronklike kyk op die verskillende diere, die klank- en naamspel en die aanpassende ritme in elke strofe volhou. Dit is inderdaad een van die beste en mees besondere Afrikaanse kindergedigte, wat veel vir kind en grootmens bied sonder dat enige breuk ontstaan — weer hoofsaaklik danksy die geestigheid.

Die geestige aanbieding, die tema (vetsug) en die (ietwat te) sangerige ritme in "Vet" (p.64) sal dit vir 'n ouer kinderhoorder aantreklik maak. In strofe 3 kom verder 'n verwysing voor na die skoolkinders en "stipte meester Van der Dool". Die vers verras veral (soos "Lotusland") deur die variasies op die tema, waarby 'n wye spektrum van verwysings ter illustrasie betrek word, soos die padbouery, godsdiens, onderwys, huwelik, politiek, beeldhoukuns en die poësie van Cats. Die geestige naasmekaarstel van waarheid en verdigting, werklikheid en fantasie, bring die gedig ná aan die "volkshumor" en gevolglik ook die kind wat saamgeniet. Hoewel die grootmens die hoofrol speel en die taal sowel as die verwysingsveld oorheers, is hierdie geestige vers derhalwe toeganklik vir elkeen wat Visser se beskrywing van "'n Swaar voorwerp as ligte onderwerp" (byskrif) kan geniet.

3. Gevolgtrekking

Visser se geestige verse is dus dikwels nie spesifiek gerig op òf volwasse-

nes òf kinders nie, maar op almal wat sy vonkelende humorsin kan waardeer. Dié gedigte bly steeds modern, vanweë sy uitmuntende taalbeheersing wat tot uiting kom in fyn taal-, klank- en ritmespel. (Lg. word wel soms ietwat oordryf ten koste van die "betekenis".) Sy oorspronklikheid, verbeeldingskrag, tipies-Afrikaanse onderwerpe, die afwesigheid van duister of diep-filosofiese gedagtes en sy voorkeur vir 'n regstreekse aanbiedingswyse met mono- of dialoog laat sy poësie ingang vind by die breë publiek, maar dié eienskappe maak dit terselfdertyd ook uiters toeganklik vir kinders. Visser se vermoë om klein en groot gesamentlik by sy verse te betrek, is nog nie in die Afrikaanse letterkunde oortref nie.

Terwyl Visser se gebruik van die kinderspreker in sy kleinkinderverse partymaal probleme meebring wat Van Melle se beweringe ten minste t.o.v. sommige verse waar maak, slaag hy egter baie goed daarin om in gedigte waar 'n grootmens- of ongeïdentifiseerde spreker optree veral vir die ietwat groter kind, maar dikwels ook vir die kleiner kind, veel aantrekliks te bied. Visser het nogtans genoeg besonder geslaagde kleinkindergedigte gelewer (bv. "Weg is die Wapad", "Die Wilde Ruiter", "Predikasie", "Noag se Ark", en heelwat ander) dat sy vermoë as digter van kleinkinderpoësie nie in twyfel getrek kan word nie. Selfs minder geslaagde verse (wat die klein kind betref) bied sekere kompensasies soos klankrykheid, 'n lewendige ritme en veral sprankelende geestigheid, wat dit waarskynlik aantreklik vir ietwat groter kinders sal maak.

Ten slotte is dit egter veral dié geestige gedigte wat nie kind òf grootmens uitsluit nie, wat Visser se gewildheid by die nageslag sal bly verseker. Visser het uitstekende kleinkinderpoësie geskryf, maar na my mening word sy sukses op dié gebied nog oortref deur sy vermoë om gedigte te skryf wat "op grond van hul stof en strekking hoogs toeganklik vir die jeug is". Is dít nie egter juis kinderpoësie by uitnemendheid nie? Hierdie verse se bekoring hang juis na my mening saam met die feit dat hulle, vanweë die jeugdige kwaliteit van die vonkelende, onskuldige tipe geestigheid, die altyd-kinderlike in die mens aanspreek.

VERWYSINGS

1) Aucamp, Hennie, *Kort voor Lank. Opstelle oor kortprosatekste,* Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1978. Die W.A.T. maak eintlik betreklik min verskil tussen "kinderlektuur" en "kinderliteratuur", nl.: "Lektuur, leesstof/Literatuur ... wat vir kinders bedoel, geskik is". Dit is jammer dat dr. Aucamp sy onderskeid nie verder omskryf nie.

2) Ek gebruik die terme "kinderlik" en "kinderlikheid" in die betekenis wat die W.A.T. daaraan gee, nl. "kinderlik": 1. "(Soos dié) van 'n kind; wat aan 'n kind herinner of laat dink. 2. Soos, op die wyse van 'n kind; volgens die aard, wese van 'n kind; wat die goeie eienskappe van 'n kind vertoon; vandaar eenvoudig, naïef, onskuldig, onbevange, argeloos, opreg ... 4. Uit die kindertyd". "kinderlikheid": "Eienskap, hoedanigheid van kinderlik te wees". Verder beteken dit egter ook vir my: asof dit vanuit die kind se ervaringswêreld spreek, asof hy dit self beleef of met sy eie oë waargeneem het (dus ook 'n kwessie van perspektief).

3) Ek verkies die term "verwagting" bo "vereiste" of "eis", aangesien dit na my mening verkeerd is om die letterkunde se vryheid op enige wyse in te perk.

4) Enkele ander name wat hier genoem kan word, is dié van Eugène Marais, Langenhoven, A.D. Keet (in enkele van hulle gedigte), F. du Plessis, e.a., terwyl persone soos Helena Lochner, Henriette Pienaar, Bella Traas, Saar Engela, Tienie Holloway, S.E. Fraser,

Mavis de Villiers, e.a. 'n waardevolle bydrae gelewer het met kleinkinderverse wat soms nader aan rympies staan, maar tog poëtiese elemente bevat.

5) Malherbe, F.E.J., *Humor in die algemeen en sy uiting in die Afrikaanse Letterkunde, 2de druk,* Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1932.

6) Van Melle, J., soos opgeneem in Nienaber, P.J., *A.G. Visser — Digter en Sanger,* Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1950. p.91.

7) D.J. Opperman wys in *Senior Verseboek,* p.79, bv. reeds op die meerdere literêre kwaliteit van A.G. Visser se geestige verse, soos ook P. du P. Grobler: "Visser na Vyf-en-Twintig Jaar", *Standpunte,* Nuwe Reeks 10, Feb. 1956. Veral N.P. van Wyk Louw het sterk standpunt hieroor ingeneem in 'n reeks artikels in *Die Burger,* Julie, 1957, later opgeneem in *Opstelle Oor Ons Ouer Digters,* Human en Rousseau, Kaapstad, 1972. Ek laat die ernstiger kindergedigte uit, enersyds vanweë beperkte ruimte en die gevaar daarvan om in herhaling te verval t.o.v. taal-"tekortkominge" wat telkens voorkom en andersyds omdat ek dit as belangrik beskou om 'n digter t.o.v. sy beste werk na waarde te beoordeel.

8) In vyftien gedigte tree ôf een grootmensspreker op ôf die dialoog tussen twee volwassenes word weergegee. Saam met die twee gedigte waarin 'n trein en 'n donkie onderskeidelik praat ("Lied van die Ysterperd", p.13 en "Die donkie", p.52), verkies Visser dus in nagenoeg 37 verse uit die 52 wat Opperman in *Kinderkeur* opneem 'n spesifieke verteller, in enkele gevalle aangevul deur 'n objektiewe verteller. In die orige gedigte kom feitlik deurgaans gedeeltes mono- of dialoog voor. Dit skep die verwagting dat direkte segging, waar die karakters as 't ware regstreeks gepresenteer word sonder die tussenkoms van 'n objektiewe verteller, 'n belangrike rol speel in die kinderpoësie.

9) Louw, N.P. van Wyk, *Opstelle oor ons ouer digters,* p.113. In die derde van drie artikels in *Die Burger* Saterdag 23 Augustus 1958, verklaar D.J. Opperman o.m. in antwoord op hierdie uitspraak: "'Kokkewiet' is 'n middelmatige bangmaakrympie soms met vulsel en rymdwang."

ESTELLE SCHUTTE

Sterfgeval op 'n Vliegtuig

Passasiers op vlug S.A.L. 225
na Las Palmas, Salisbury
en Jan Smuts sal nooit weet
wat sy bestemming was;
niemand sal ooit weet:
of hy verskriklik bang was,
of geloof gehad het in iemand
wat op 'n lughawe vir die hartseer wag.
Hulle was magteloos en veilig
vasgegord terwyl hy stadig sterf
oor die Atlantiese oseaan;
op die kaart van Afrika
en sy woestyne die onbekendes
eensaam sterf; van Noordpool
tot Antarktika oral op aarde
die liggaam langsaam
en enkel vrag word.

HEIN VILJOEN

Die struktuur van M.E.R. se *Goedgeluk:* emblematies en idillies

M. Nienaber-Luitingh het ernstige bedenkinge oor die struktuur van M.E.R. se *Goedgeluk* (uit *Onweershoogte,* 1927 p.29 86), veral oor die strukturele rol van die eerste twee briewe waarin die lewe en omgewing van die vertelster beskryf word. Sy skryf:

> En die feit dat hierdie inleidende beskrywing van haar en haar man se lewe op hulle Bosveldplasie tot die mees onvergeetlike bladsye van die Afrikaanse prosaliteratuur behoort, verander niks aan die waarheid dat dit in die bou van hierdie verhaal feitlik nie inpas nie (1969 p.340).

Selfs Kannemeyer (1965 p.134) se betoog dat die besondere vorm van die vertelling, nl. die briefroman, so 'n struktuurbreuk voorkom, beïndruk vir Nienaber-Luitingh nie; sy verwag "stilering" in so 'n "literêre brief" (p.340 noot 3). Haar besware berus op 'n veronderstelling wat m.i. nie bo alle twyfel vas staan nie. Dit is naamlik dat *Goedgeluk* primêr handel oor Rheede en Regina se liefdesgeskiedenis: "In ... Goedgeluk", skryf sy, "word in briefvorm die tragiese liefdesgeskiedenis vertel van 'n goeie meisie en 'n man wat 'n periodieke dronkaard is" (p.339). Die ek-vertelster in *Goedgeluk* is, soos sy sê, "in elk geval nie die hooffiguur in die eintlike verwikkeling nie" (p.340); Regina is dit. Maar ek meen 'n mens sou 'n saak daarvoor kon uitmaak dat die ek-vertelster die hooffiguur in *Goedgeluk* is, en by implikasie dus daarvoor dat *Goedgeluk* oor meer gaan as bloot 'n tragiese liefdesgeskiedenis. Die probleem is dus: verteenwoordig die uitvoerige beskrywings in brief 1 en 2 'n struktuurbreuk in *Goedgeluk*? Anders gestel: gaan dit in *Goedgeluk* om die liefdesgeskiedenis van Rheede en Regina of gaan dit om iets meer? En dan: wat is hierdie "iets meer"? Ek sal die vraag in die tweede vorm probeer beantwoord deur nog twee argumente by Kannemeyer s'n te voeg.

Veel eerder as sy pleidooi dat die briefvorm 'n struktuurbreuk onmoontlik maak, dien Kannemeyer se hele ontleding van *Goedgeluk* om te bevestig dat geen struktuurbreuk bestaan nie. Nienaber-Luitingh se beswaar daarteen is dus betreklik oppervlakkig. Kannemeyer wys op verskeie deurlopende dinge wat die novelle bind. Een is die gedurige vergelyking tussen die Laeveld en die Boland (p.130). 'n Tweede is die manier waarop die vertelster gedurig "rekening hou" met haar leseres (p.130), wat voorkom dat die vertroulike omgang met die lesers versteur word. Die leseres word gedurig by die vertelling betrek deur bv. die vrykamer te noem "jou kamer as jy die volgende winter by ons kom deurbring" (p.39). Of, na aanleiding van die papiervloer, "jou kamer, ou Siena, het ook so 'n tapyt" (p.41). Aan die slot word die vertelling geregverdig deurdat Regina en haar vader in die Boland gaan kuier. Siena se kuier, wat dwarsdeur die novelle genoem word, word so ook werkliker. Hierdie deurlopende patroon verleen al dadelik eenheid aan die novelle.

My eerste argument ten gunste van die eenheid van *Goedgeluk* is eintlik deur Kannemeyer se ontleding ingegee, maar hy het dit nie volledig uitgewerk

nie en sou dalk dieselfde gevolgtrekkings gemaak het as hy maar die regte teks gebruik het![1] Hy moes die beeldende werkswyse wat hy in *Goedgeluk* raakgesien het, verder ontgin het. Hy wys daarop dat die vertelster bv. nie *sê* sy waardeer die tafeltjie besonder baie nie — sy voer 'n "beeldende bewys" (Kannemeyer p.130) daarvoor aan: "Ek poleer tog daardie tafelblad!" (p.40). Die informasie oor die papiervloer (p.41), sê Kannemeyer, "word deel van die beeldstruktuur van die vertelling" (p.131) as die vertelster die 4de brief afsluit met:

> Dis nou genoeg — dis 'n wonder, sê Gys, dat ek nog penne het, en of jy my aangestel het om vir jou stof te lewer vir 'n papiervloer (p.65).

Dieselfde geld vir die bakoondbeeld (p.44):

> Die hoofgedagte is dat hulle deur 'n smeltkroes is, 'n gedagte wat ook verband hou met die "bakoond"-beeld (die wesensverandering) wat sy reeds betreklik vroeg (...) gebruik (Kannemeyer 1965 p.133).

Hierdie beeldende werkswyse kan mens nou wyer sien, en *Goedgeluk* ook 'n emblematiese kunswerk noem, soos Kannemeyer (p.113) *Die belofte* van Dürrenmatt en *Sewe dae by die Silbersteins* noem. Daarmee bedoel ek dat bepaalde stellings gemaak, idees verkondig word, en hierdie stellings, idees dan gestaaf word met beelde, tonele, gebeure. Die emblematiese hang natuurlik saam met 'n "wetenskaplike" neiging in M.E.R. se werk: om haar betoog te staaf met beelde en voorbeeld, "konkrete gevalle" (Botha 1975 p.4). Die emblematiese neiging loop dwarsdeur *Goedgeluk,* maar die teks by uitstek wat bo-aan die novelle kan staan, wat gestaaf word in en deur die novelle en die geval Rheede-Regina, die tema van die novelle staan op p.36:

> Ou Siena, wat lê alles in ons geeste verborge en onontwikkel, weggebêre onder die liggaamsdeksel, wat nog eendag te voorskyn sal kom? Ons ken ons eie vermoëns nie: die liggaam is 'n nie-geleier en sluit die fyner stromings af. Wat, wat lê nie alles voor nie as ons proeftyd hier deur is, goed of sleg, en die liggaam, wat nou so veel van ons afdwing, neergelê is soos 'n "wegwerplike kleed"?

Die tema van die "fyner stromings" het drie uitlopers in die novelle: die idee van nie-vermoede vermoëns soos vergestalt in die vertelster en later ook in Regina (by Rheede kry ons ook verborge (bose) vermoëns of swakhede); die idee van die proeftyd en derdens die idee van die dwang wat deur die liggaam opgelê word — albei vergestalt in die figuur van Rheede.

Dit is natuurlik altyd die vertelster wat eksegetiseer en beskryf, al is dit dan 'n fyner stroming by haarself, soos die geselshonger wat direk in die eerste brief beeldend voorgestel word. Uit hierdie beeld van wag op die poshaler, sy koms, die lees van die briewe, ontwikkel sy dan die tema van die novelle.

Die tweede brief dui dadelik 'n tweede fyner stroming by haar aan: die vermoë om "die *gees* wat van die wilde aarde hier *uitstraal*" (p.36, my kursivering) waar te neem. Die natuurbeskrywings in die novelle is dus beelde van hierdie vermoë van die vertelster om 'n amper-vrees vir die onbekende natuur te registreer. Al die beskrywings in brief 2 illustreer hierdie subtema: die gebrek aan spoorlyne en paaie, die gevare van malaria, die krokodille, die katalogus van diere wat veral slange insluit (p.38), die gebrek aan wêreldsgoed wat blyk uit die beskrywing van die huisie (wat tog weer deur die natuur, die rys-

miere, aangetas word), die primitiewe kombuisie. Uit hierdie beskrywings, wat algemeen, groots begin: die ontembare natuur, die ontsaglike kloof, en met die kleine, intieme eindig: die kombuisie, die bakoond, vloei 'n derde fyner stroming voort:

> Ek weet waarvan die buitebakoond 'n sinnebeeld is - van begrawe en die steen opsit, van wesensverandering in die opgeslote donker en 'n wederopstanding tot aller geluk en welvaart! Reïnkarnasie! (p.43 – 4).

Dit sluit aan by die idee van die proeftydperk en die volledige ontwikkeling van die geestesvermoëns in brief 1.

Die motief van die ontembare natuur word in brief 4 weer opgeneem. Die idilliese toneeltjie met Gys en Siena op pad na Schagen, wat so 'n sterk teenstelling vorm met Rheede en Regina se verhouding, word uitgebalanseer deur die passasie op p.56 waar die vertelster die ontembaarheid van die natuur herbevestig:

> ...en ons kyk na die veld, ..., en ek met die gevoel, ... dat Goedgeluk nie in ons tyd sal mak word nie en oor ons baasskap en nooiskap in sy vuis lag.

Hierdie gevoel van haar word dadelik uitgebeeld deur die beskrywing van die Hoëveldse winter op p.56 – 7. Die toneel wat daarop volg, die beskrywing van die saagmeul, laat dit vir die vertelster lyk asof die Laeveld wel getem kan word – deur Rheede en ander soos hy. Maar dit word weer gerelativeer deur die beskrywing van al die middels om oor die rivier te kom – 'n vaatjie, 'n sweefspoor, die hangbrug. Hier word die beeld nie weer geëksegetiseer nie. Dieselfde met die beskrywing van die bokke en die ape in brief 5. Dit bevestig weer die idee van die ontembaarheid van die natuur, hoewel dit nie bewus geëksegetiseer word nie. As Rheede egter sy "selfbeheersing weggooi", moet die leser besef dat die natuur nog glad nie getem is of gou getem gaan word nie – juis omdat hierdie subtema aan Rheede en sy saagmeul gekoppel word.

Die noukeurige beskrywing van Rheede en Regina tydens hulle besoek in brief 3 illustreer weer die vertelster se fyn waarnemingsvermoë. Ook in brief 4 sien 'n mens dit: Fanie terwyl hy na Regina luister en kyk (p.60), of as hy wil hê Regina moet 'n entjie saam gaan stap (p.64). Eers in die vyfde brief, by die wassery, sien ons 'n volgende geestesvermoë van die vertelster: die vermoë om te onthou sonder dat jy jou ingespan het daartoe:

> ...toe kom die lesgee van sus An my weer voor die gees, stuk vir stuk, soos 'n bioskoop, en ek pak aan. (p.69)

Die gesprek met Fanie tydens die wassery (p.69 – 76) is 'n illustrasie van die wonderlike sielkundige insig en takt van die vertelster.

Hierna word dit al meer Regina se nie-vermoede geestesvermoëns wat na vore kom. Daar is sprake van geestesaanraking:

> Maar ons verstaan mekaar dikwels, ons vrouens, sonder die woorde van die mond (p.77).

Eers in die krisis toon Regina haar ware staal:

> Maar Regina, fyn en oorgevoelig soos sy is, het darem 'n vasberadenheid wat my waarlik verras het (p.80)

En:

> Maar gelukkig loop daar deur Regina se sieleweefsel, diep verberg, 'n staaldraad (p.81).

Ten slotte:

> Haar gees is te sterk en groot om geknak te wees (p.86).

Rheede, die figuur in wie die ander twee idees van die tema geïllustreer word, kom eers in die derde brief op die toneel. Reeds hier neem die vertelster op haar byna ekstra-sensories fyn, intuïtiewe manier verborge fyner stromings by Rheede waar:

> Net nou en dan ... gewaar 'n mens skielik iets, 'n beweging om die hoek van sy mond en 'n vlugtige blik uit sy oë. Dit is of 'n vensterluikie in 'n oogknip weggeskuif word en weer toe, voor 'n mens iets binne kan erken. (p.47)

In die perde-episode (p.49) en die slang-episode (p.51) word hierdie verborge trekke, hierdie andersheid van Rheede beeldend voorgestel. Hy word 'n outsider: hy slaan bv. nie die slang dood soos 'n mens gewoonlik sou doen nie (p.53). Hierdie dinge, ook sy vertellery oor die wêreld se houtsoorte (p.48), het die onheilsame uitwerking dat Rheede steeds die middelpunt van die gesprek bly, en *hierdie* feit word eintlik deur die hele derde brief geïllustreer. Die vertelster kyk terug oor die gebeure en sien dit dan self:

> toe was dit darem vir my of Rheede meer van almal se aandag gekry het as hom toekom. Sommige mense is so: al kom dit hoe, maar hulle bly die middelpunt. Kyk nou, jy kan aan my brief sien hoeveel hy in my gedagte is (p.54).

Rheede se middelpunt-wees is maar 'n voorafskaduwing van sy werklike gebrek, soos dit in die vyfde brief onthul word, maar voor daardie tyd, in brief 4, sien die leser reeds dat Rheede ly aan daardie sentrale gebrek van al M.E.R. se ondergangsfigure. Elize Botha druk dit so uit:

> gebrek aan maatskaplike sin, die afwesigheid van gesonde aanraking met die samelewing, afsondering van die ewemens, (is) die oorsaak van agteruitgang by die mens in geestelike èn materiële opsig. (1975 p.2)

Rheede sonder hom doelbewus af van die gemeenskap (vgl. p.62), en deels daarin lê sy ondergang.

Rheede se dronkenskap "is 'n sonde van die liggaam" (p.76). Dit illustreer die dwang wat die liggaam die gees oplê. Maar Rheede ly ook aan 'n verminkte siel (p.76—7), iets ongesonds, "'n verdieptheid in homself, 'n werklike onbewustheid van ander se belange en gevoelens" (p.77). Die afloop van die verhaal van Rheede en Regina is 'n beeld van albei hierdie gebreke. Hy kan die afskeiding "tussen die ek en die liggaam" nie bereik nie, die toestand waar

> die ek dan op 'n standvastigheid, op die 'pilare van Gods wil' staan en neersien op die liggaam wat deur verbygaande winde en storme geslinger word (p.79).

In skerp teenstelling met Regina se opofferende liefde wat slegs oor hom bekommerd is, sluit hy homself af van sy ewenaaste en van Regina, en hierdie

gebrek aan "maatskaplike sin" laat hom 'n "onmens" (p.83) word — dit was dit wat "agter die vensterluikies in sy oë en om sy mond geskuil het" (p.83). In sy dood is die dwang van die liggaam en sy sielsgebrek weggevee, en daarom kan die leser deernis met hom hê. Hy was "besete", maar

> Wat dierlik was, het op sy gesig geen spoor agtergelaat nie: die Dood het daar sy majestueuse setel. Die lewensvraagstuk, so moeilik, so bo sy kragte om op te los, was beslis: elders sou hy geleer word (p.86).

Hier word die idee van wesensverandering en die proeftydperk herhaal en die vertelling bevredigend afgesluit.

Die "fyner stromings" word geïllustreer nie net in Rheede en Regina en hulle verhouding nie, maar baie sterk ook in die vertelster en deur haar beskrywings. *Goedgeluk* het dus meer om die lyf as bloot die verhaal van 'n jongman en 'n jongmeisie. Hoewel die eties-didaktiese bespiegeling, soos Kannemeyer (1965 p.133) sê, "nie 'n struktuurbreuk (veroorsaak) nie, omdat die briefvorm met sy verbinding van vertelling en essay (...) dit regverdig", lyk dit soms darem te opvallend of te langdradig — veral aan die begin van brief 6. Die emblematiese is dus nie die enigste of die sterkste eenheidskeppende element in die novelle nie. Daar is nog 'n gebrek aan integrasie van al die heterogene bestanddele, van beskrywing en vertelling, maar dit dui tog op die moontlikheid van 'n volkome integrasie — die moontlikheid wat 'n mens in *Die hol krans* in vervulling sien gaan.

Goedgeluk is 'n idille. Dit is die tweede argument wat ek wil aanvoer ten gunste van die eenheid van die novelle. G. Dekker (1944 p.27) het reeds gepraat van die "idilliese omgewing" waarin die verhaal hom afspeel. Dit gaan egter veel verder: al die elemente van Erna Merker (1958 p.742) se omvattende omskrywing van die idille kan 'n mens in *Goedgeluk* terugvind:

> Die Idylle ist ein kleines, in sich abgeschlossenes, literarisches Genrebild, welches einfache menschliche Verhältnisse fern vom öffentlichen, bewegten Leben im engen Zusammenhange mit der Natur schildert und dabei einfache, gutartige Charaktere in behaglich glücklichen Lebensverhältnissen heiter und nicht selten humorvoll zur Darstellung bringt.[2]

Reeds die titel is volkome idillies. "Vollglück in der Beschränkung" noem Jean Paul die idille. *Goed* beklemtoon hierdie geluk en dui ook op die "gutartige Charaktere" wat in die novelle voorkom. "*Rus* of *rustigheid* en *geluk* is 'n grondtrek van die idille" (Cloete 1970 p.5). "Ruhe ist der herrschende Eindruck", sê Schiller van die idille. Die rus Vrydagmiddae na skool, sê die vertelster, "(was) lank nie so soet, of die vrede so lieflik, as op ons ou plasie hier in die Bosveld Saterdagmiddae nie" (p.34).

"Die kleinheid, engheid of beperktheid van die idillise ruimte, sy afgeslotenheid is iets baie tipies van hierdie genre." (Cloete 1970 p.4). Goedgeluk is *afgesonder:* dit lê "in die eensame Bosveld agter in Transvaal" (p.35). Dis *afgeslote:* daar is min paaie, spoorlyne en brûe. Hierdie afgeslotenheid word sterk beklemtoon deur die talle vindingryke maar moeisame metodes waarmee die rivier oorgesteek word (p.60—62) want, soos Regina op p.63 sê, "'n mens voel nie weg voor jy die rivier oor is nie." Hoewel dit in 'n groot landskap geplaas word: "'n ontsaglike kloof, myle en myle breed" (p.38), is die ruimte in *Goedgeluk klein.* Dit omvat die werf op Goedgeluk, die huisie, "klein in die

groot veld" (p.39), die wasplek by die spruitjie, die opstal en saery op Schagen, en dis eintlik al. Daar lê 'n klein stukkie (onbewuste?) ironie daarin dat die vertelster haar korrespondent verseker dat die Laeveld al vol mense is, want "van waar ons woon, kan ons vyf opstalle met die oog sien en met die verkyker nog heelwat meer" (p.37). Die geslotenheid en beperktheid kom duidelik uit in Regina se woorde op p.63:

> Weet jy, 'n mens raak so verdiep in jou eie vraagstukke, so alleen op die plaas, met net die mans om jou; dan lyk hulle vir jou groter as hulle werklik is.[3]

'n Mens kry in *Goedgeluk* byna dieselfde patroon as in *Martjie* of *Trekkerswee* (Cloete 1970 p.12 – 14). Die novelle begin naamlik ook by die huislike en die intieme: Gys en Siena Saterdagmiddag wagtend op die pos. Daarna kry die opstal en werf van Goedgeluk al meer gestalte, nadat dit eers in die groot landskap gesitueer is. Algaande word die ruimte van *Goedgeluk* dan groter: dit sluit Schagen in, die rivier, N., en in die laaste brief verskuif die middelpunt heeltemal na Schagen. Op die ou end, kan 'n mens byna sê, gaan die Boland as't ware deur *Goedgeluk* se mense verower word wanneer oom Andries en Regina daar gaan kuier. So verwyd die horison van *Goedgeluk* algaande.

Die kontras tussen Laeveld en Boland (Kannemeyer 1965 p.129) verteenwoordig nog 'n kontoer van die idille. 'n Mens kan dit noem 'n teenstelling tussen 'n relatief beskaafde en 'n relatief minderbeskaafde omgewing. Marinelli praat van die kontras tussen "town and country" (1971 p.12) en "a conflict in terms of Nature and Art" (p.11). Verder sê hy: "The dominant idea of pastoral is a search for simplicity away from a complexity" (p.11). Die primordiale vrees in *Goedgeluk* vir die wilde, ontembare natuur pas in hierdie skema. Dit getuig van 'n uiterste ongereptheid, al leef mens en natuur redelik harmonieus saam — veral as dit by wasgoedbleik kom (p.69):

> En die bleik is soos toorwerk: die grote Son, Lewegewer vir die ganse aarde en al die ander planeetbolle, in sy onmeetlike krag, help vir my, sy kind, soet en vriendelik met my wasgoed.

Die vermensliking van die natuur soos in hierdie passasie is ook 'n tipiese trek van die idille (Cloete 1970 p.4). 'n Mens kan die gedagte nie van jou afskud nie dat Rheede, wat die natuur kom tem en die idille kom versteur, half doelbewus deur die natuur uitgewerk word.

> Das Glück der Idylle ist nicht blosse Freude *in* der nun einmal vorgefundenen Enge, sondern Freude *an* der ... Enge, am 'geistigen Nestmachen',

skryf Feuerlicht (1947 p.207). Hierdie feit word baie letterlik geïllustreer deur die liefdevolle wyse waarop die vertelster haar huis en omgewing betrag en beskryf. Sy beleef geluk *aan* haar afgesonderde klein ruimtetjie.

Hierdie geluk *aan* die ruimte sien 'n mens in die "kunstenaarsgeluk in skeppingswerk" (p.43) wat die vertelster ondervind as sy op haar bakplaat koek bak. Dié frase geld natuurlik ook vir die *skryf* van *Goedgeluk*. Dié geluk is veral sigbaar aan die verkleinwoorde wat soms gebruik word. Hulle druk die liefde van die vertelster vir haar idilliese ruimte uit. Sy praat van *ons ou huisie* (p.39), haar *kombuisie* (p.50) *geelhouttafeltjie* (p.40). Gys en Siena op pad na

Schagen talm 'n *oomblikkie* by die *spruitjie* (p.55). Op die trein en op N. waar 'n mens 'n groot ruimte sou verwag, daar wemel dit van verkleinwoorde wat die idilliese mens se behae in samekomste uitdruk: *kamertjie, basaartjie,* 'n *vroutjie* met 'n siek *kindjie, hotelkamertjie* P.64).

As Fanie die swaar nuus verneem dat Regina op Rheede verlief is, kom daar weer baie verkleinwoorde voor:

> Ek keer my *badjie* water om en begin ander te skep. Hy staan op en neem die *emmertjie* uit my hande. Ingedagte staan ek by en kyk hoe hy sorgvuldig, soos 'n masjien wat werk, die *moddertjies* vermy, en die dooie blare opsy gooi en my *badjie* oorlopens vol helder water skep. (p.73)

Dis al of hierdie beskrywing Fanie se leed kan versag, seker omdat die verkleinwoorde hier die vertelster se deernis met hom uitdruk.

Ook die KARAKTERS in *Goedgeluk* is volkome idilliese mense. Hulle is *landelik* (boere), *jonk* of jonk van gees ("amper het ek gesê jong beginners", p.34). Hulle is mooi, eenvoudig en goedhartig. Die vertelster is daarvan die aartsvoorbeeld: dink maar aan haar deernis met Fanie hierbo. Fanie is "gaaf — goedgeleerd en 'n flukse boer" (p.49). "Gys is 'n goeie raadgewer" (p.75). Regina se staal het ons al leer ken. Selfs Rheede is, afgesien van sy swakheid, 'n begaafde en bevoorregte man. Die karakters verteenwoordig ook hoë sedelike ideale. Regina se liefde vir Rheede en Fanie se liefde weer vir haar word geïdealiseer. Fanie is bv. meer oor haar bekommerd as oor homself:

> Sal ek dan maar moet bystaan en sien dat sy haarself in ellende dompel? As dit 'n man was wat haar werd is, sou ek opsy staan, al kos dit my ook wat (p.75).

Hierdie dinge getuig van Merker se "behagliche glücklichen Lebensverhältnissen". Ideale maatskaplike verhoudings sien 'n mens by almal. Dit spreek bv. baie duidelik uit die volgende:

> Ons is goeie vriende – iets wat hier in die eensaamheid heelwat meer beteken as by julle (p.45).

Die Laeveld is die ideale wêreld; die Boland is effens minder ideaal — in *Goedgeluk,* altans.

Die GEBEURE in Goedgeluk, die liefdesgeskiedenis, is tipies van die idille (Cloete 1970 p.10). Ook tipies idillies is die samekomste en besoeke oor en weer wat in *Goedgeluk* beskryf word. Siena "ontvang gaste" in die eerste brief. Brief 3 verhaal die besoek van Rheede en Regina. Later kom Fanie en Wouter ook daar aan. Vir boere "wat nie baie kuiergaste kry nie" (p.54), is dit 'n belangrike gebeurtenis. Die gebeurtenisse in brief 4 is nóg belangriker: "Ons was kerk toe! Dit gebeur maar eenmaal in drie maande en is 'n hele onderneming" (p.54). Dit is tegelyk 'n verskoning vir 'n hele reeks idilliese byeenkomste en tonele: Gys en Siena "tevrede en gelukkig" op pad na Schagen (p.55), die hele middag op Schagen kuiergaste. "Dit was tog so plesierig om weer by 'n groot geselskap te kom", skryf die vertelster (p.56). Daarop volg die "musiekaand" en, die volgende dag, die plesierighede op die trein en op N. Die besoek van Fanie in die vyfde brief is eintlik al geleentheid waartydens daar ook gewerk word: "Ek gaan maar voort met my werk, want was en gesels gaan goed bymekaar, soos die Boland se was-aias in die witklip-

riviere goed weet" (p.70). Selfs dan is dit 'n idilliese soort werk, geskik vir kuier en gesels. Origens word, soos in *Martjie* en *Trekkerswee*, "die arbeidsure oorgeslaan" (Cloete 1970 p.11).

Daar is eintlik min uiterlike handeling in *Goedgeluk*. Die sesde brief is 'n *verslag* van die krisis in die verhaal; dit word nie ten tonele gevoer nie. Selfs hier waar daar meer van handeling sprake is as in die res van die novelle, word daar nie nader gepresiseer as dat Rheede "hom daar aan losbandigheid oorgegee het" nie (p.83). Die besonderhede word vermy; die leser moet sy eie gevolgtrekkings maak. Die spanning en Rheede se gewelddadige dood versteur die rus en geluk van die idille, maar selfs dít is nie "'n vreemde verskynsel vir die idille nie dat sy rus en geluk uiteindelik verbreek word" (Cloete 1970 p.6). In *Goedgeluk* word die rus na Rheede se dood by implikasie herstel, maar daar het tog 'n verandering ingetree.

TYD. Feuerlicht skryf: "Die Menschen der Idylle 'haben Zeit', gerade wiel sie ausserhalb der Zeit stehen" (1947 p.204). Dit hang saam met die afgesonderdheid van die idille, die noodlotvryheid daarvan, dat dit ook tydloos en ahistories is, "fern vom öffentlichen, bewegten Leben", soos Merker (1958 p.742) dit stel. Van die Bolandse kuier sê die vertelster: "Jy vang mos nooit die tyd nie" (p.35), maar in die idilliese Laeveld is daar tyd selfs vir geesteskontak met jou familie ver van jou af. In *Goedgeluk* word die datum nie nader gepresiseer as 2 Julie 191... nie (p.31). Die seisoene verander wel van winter na lente, maar dit pas by die ongetemde natuur. Eintlik is die winter die idilliese tyd by uitstek: "A, die sagte, heerlike winter; en, o, die warm, benoude somer", sê die vertelster op p.65. Siena kom juis in die winter kuier, want die "winter het honderd bekoorlikhede" (p.44).

In die *Kwartet*-teks is die naam van die buurplaas, Schagen, verander na *Houtbosloop*. Naby Nelspruit is daar 'n plekkie met die naam Schagen. Dit lyk dus of hierdie verandering doelbewus aangebring is om die vertelling denkbeeldig te hou. Om hierdie rede staan daar ook net *N.* in die novelle, wat waarskynlik vir Nelspruit staan. Maar hierdie uitvaag van historiese plekname help ook om die novelle ahistories te maak. Hoe ahistories *Goedgeluk* inderdaad is, blyk uit die volgende:

> In ons omgewing kom 'n mens meer nog as elders, sover ek ken, onder die indruk dat ons soos die Voortrekkers leef (p.37).

Die tyd in *Goedgeluk* het gestol, die geskiedenis by die Voortrekkers opgehou.

In *Goedgeluk* kry 'n mens nie baie tipies idilliese woorde (Cloete 1970 p.17 – 18) nie. Daar word wel gesê dinge kan nie "hulle gewone stille gang gaan" nie, weens die spanning tussen Rheede en Regina (p.79). Gys en die vertelster geniet wel Saterdagmiddae die *vrede* en sit *rustig* (p.34). 'n Rondawel gee wel aan die oog 'n *gerustheid* (p.40). Siena loop wel "gerus en tevrede weg" (p.43) as die brood eers in die oond is. Oom Hendrik se "stille vriendelikheid bestraal 'n mens, soos 'n sonnetjie in die winter" (p.56). Maar eintlik is daar in die novelle veel meer woorde wat geluk uitdruk as woorde wat stilstand of tydloosheid uitdruk: *pragtig* (p.36), *bekoorlikhede* (p.44), *soet* (p.50), *fyn* klere (p.55), "die *heerlike, koesterende warmte* van die Laeveld" (p.57), *vrolikheid* (p.63), *bly* (p.63), *lekker* (p.64), *prag* (p.65), *lieflike* (p.67), *soet* en *vriendelik* (p.69), *ewe plesierig* (p.69). Dit druk die idilliese mens se geluk in en aan sy omgewing uit.

Die interessantste (idilliese) tydvorm in *Goedgeluk* is die verteltempo

self. Die verhaal begin eers in brief 4 ontwikkel. Reeds word die slang-episode "onderbreek om eers te verduidelik waarvandaan die slang gekom het" (Kannemeyer 1965 p.132). Brief 4 begin met 'n lang beskrywing van die kerk toe ganery, die kuiery op Schagen, die Hoëveldse mense, voordat die verhaal van Rheede en Regina by die saery hervat word. Daarna volg weer die lang beskrywing van die pont, sweefspoor en hangbrug. Selfs brief 6, die klimaks van die verhaal, begin met 'n lang mymerpassasie. Hierdie beskrywings en mymerings vertraag die verhaaltempo. Eintlik kom die verhaal amper tot stilstand terwyl die vertelster liefdevol, dralend, traag haar omgewing beskryf. Die novelle word amper staties, amper 'n skets. En juis in hierdie stilstand, hierdie sketsmatigheid is *Goedgeluk* wesenlik 'n idille. Die vertelster het tyd om 'n wêreldbeeld te skep (Cloete 1970 p.3). Hiermee verval ineens dan alle besware teen die struktuur van *Goedgeluk,* want dit is idillies gebou. Die lang beskrywings skep die idilliese wêreldbeeld. Die verhaal word amper terloops aangebied. Die verhaal is aan die begin baie duidelik bysaak; die oproep van 'n wêreldbeeld hoofsaak. As die gebeure afgeloop is, kan dinge weer hulle "gewone stille gang (gaan)" (p.79). Dan is die vrede herstel, die idille weer ongeskonde – wat natuurlik nie wil sê dat die verhaal van Rheede en Regina nie meesterlik vertel word nie.

Goedgeluk is 'n idille. Die eties-didakties bespiegelende gedeeltes lyk, in isolasie beskou, te lank en opvallend. Beskou in die lig van die idille, werk hulle mee om 'n idilliese stilstand in die tyd of onttrokkenheid aan die tyd te suggereer. *Goedgeluk* gaan, om my vraag aan die begin te beantwoord, oor die skep van 'n wêreldbeeld, en daarvoor is sy struktuur uitmuntend ontwerp.

Universiteit van Pretoria
Februarie 1978

VOETNOTE

1. In die (verbeterde) teks in *Kwartet* (1957) wat Kannemeyer gebruik het, ontbreek o.a. die onderstreepte woorde in die slot van brief 1:

   Wat, wat lê nie alles voor nie as ons proeftyd hier deur is, *goed of sleg, en die liggaam, wat nou so veel van ons afdwing, neergelê is soos 'n "wegwerplike kleed"*?

   Die "verbeterde" teks is maar al te dikwels net 'n verandering en nie 'n verbetering van die ouer teks nie. So staan daar op p.25 bv. "van binne wil jou goed, wat vierkantig is en nie *gebuig* nie, eenmaal nie daarin pas nie". *Gebuig* is nouliks 'n verbetering op die ouer teks se *rond*. Die nuwe slot van brief 2 is ook allermins 'n verbetering. Daar is egter heelwat plekke waar die Kwartet-teks wel 'n verbetering is. Die nuwe teks laat dikwels onnodige dinge weg, soos bv. "ek skat hom so vir veertig" (O p.47, K p.30), maar voeg dan dikwels weer ewe onnodige dinge by, soos die uitbreiding "paling *wat Gys soms snags in die rivier gaan vang*" (p.28). Die K-teks is ook gemoderniseer: Bosveld het Laeveld geword; *Kaffer* is vervang deur "die ou nasie" (p.21), "Basoeto" (26), "hulle" (26), "jong" (27), "werksman" (37), "Swazi" (39), ens., wat gelukkig verder veranderings van hierdie aanspreekvorms in die toekoms voorkom. Origens is die taal in die K-teks geslyp. Onbeholpenhede is weggeskaaf, die posisie van tydsbepalings verander, en so meer, maar al hierdie dinge neig om die "strangeness" (Culler, 1975 p.262) van hierdie ouer werk te verbloem en die suggestie van 'n verbygegane kultuur te verswak. Om hierdie redes verkies ek die Onweershoogte-teks.
2. Die idille is 'n klein, in homself geslote literêre genrestuk wat eenvoudige menseverhoudings ver van die woelige openbare lewe in noue samehang met die natuur skilder en daar-

by eenvoudige, goedhartige karakters in behaaglik gelukkige lewensverhoudings vrolik en dikwels luimig uitbeeld (eie vertaling).

3. *Hulle* kan hier op sowel die *vraagstukke* as op *die mans* slaan. Hierdie dubbelsinnigheid is 'n fyn sielkundige trekkie, want dit toon hoe naby *mans* en *vraagstukke* in Regina se gemoed aan mekaar lê. Rheede is mos haar vraagstuk. Hierdie fyn selfonthulling ontbreek in die *Kwartet*-teks.

BIBLIOGRAFIE

Botha, Elize. 1975. *M.E.R. Van naby gesien*; 'n keur uit die kortkuns van M.E.R. Kaapstad. Tafelberg. 90p.

Cloete, T.T. 1970. *Twee idilles: Martjie en Trekkerswee.*

Jan F. Celliers Totius. Pretoria en Kaapstad. Academica. 26p. Blokboeke oor die Afrikaanse Letterkunde nr. 13.

Culler, J. 1975. *Structuralist Poetics*; Structuralism, linguistics and the study of literature. Londen. Routledge & Kegan Paul, 301p.

*Dekker, G. 1944. 'n Mooi werkie herlees. *Die Huisgenoot* 29(1186) 27, 43.

Feuerlicht, I. 1947. Vom Wesen der deutschen Idylle. *Germanic Review* XXII(3) 202—217 Oktober.

Kannemeyer, J.C. 1965. *Die stem in die literêre kunswerk*; 'n ondersoek na die aanbiedingswyse in die liriese en epiese poësie, verhalende prosa en drama. Kaapstad. Nasou. 235p.

Marinelli, P.V. 1971. *Pastoral.* Londen. Methuen. 90 p. The critical idiom 15. ed. John D. Jump.

Merker, Erna. 1958. Idylle. *Reallexikon der deutschen Literaturgeschichte.* Berlyn. Walter de Gryter. bd. 1 p.742—749.

Nienaber, P.J. (red.) 1969[3]. *Perspektief en profiel*; 'n geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde. Johannesburg. Afrikaanse Pers-Boekhandel. 3de hers. uitg. 665p.

Nienaber-Luitingh, M. 1969. *M.E.R.* in Nienaber, P.J. 1969. p.335—346.

Rothmann, M.E. 1927. *Onweershoogte en ander verhale.* Kaapstad, ens. Nasionale Pers. 175p.

_____ 1957. *Kwartet.* Kaapstad, ens. Nasionale Boekhandel. 186p.

*_____ 1958. *Goedgeluk* met een woord vooraf deur Jan Greshoff. Amsterdam-Antwerpen. Wereld-Biblioteek-Vereniging. najaar.

*My dank aan die Nasionale Dokumentasiesentrum vir Afrikaans vir die verskaffing van hierdie bronne.

T.T. CLOETE

Die parabole in Van Melle se "Oom Karel Neem Sy Geweer Saam"

In die tyd van die hedendaagse kortkuns het Van Melle glad nie sy aansien as kortverhaalskrywer verloor nie. Die teendeel is eerder waar. Van Melle kón 'n storie vertel, alhoewel minder intrigant as Marais, maar hy was veral 'n uitstekende verhaalbouer, soos H.C. Bosman. Van sy beste kortkuns is selfs byna verhaalloos, soos "Die tuiskoms", nogtans uitstekend, want dit is werk van 'n bewonderenswaardige tektoniek (soos ek vroeër probeer aantoon het in "'n Knap kortverhaal van Van Melle", *Tydskrif vir letterkunde,* XII/3, Aug. '74).

Die tektoniek van 'n literêre werk is nie net daar vir die mooiheid nie — dit is ook sinvol. In "Die tuiskoms" bv. wys die tektoniek die fokuspunte van die gebeure uit, dit bou die implikasies van die verhaal uit, voeg iets wesentliks toe tot die verhaal.

In "Oom Karel neem sy geweer saam" is dáar verskeie paraboliese kurwes in die verhaalverloop, aanskoulik, selfs skouspelagtig, maar ook sinvol. Daar is eerstens die makroparabool van die groot verhaallyn, met daarbinne of daaronder meer as een kleiner parabool (omdat hulle kleiner is egter nie noodwendig in waarde ondergeskik aan die groot parabool nie), net soos daar in *Raka* van Van Wyk Louw 'n makroverhaal is met daarbinne verskeie mikroverhale wat dieselfde storie vertel, kleiner verhaaltjies wat selfs 'n groter intensiteit aan die grote gee — maar dit nou daargelate. In "Oom Karel neem sy geweer saam" intensiveer die onderskeie parabole mekaar eweneens.

Elke parabool het drie hoofmomente: i stasis — ii opstaan (opstandigheid) — iii stasis.

A. Die oorkoepelende parabool begin met (i) die stasis aan die begin van die verhaal — die bejaarde oom Karel voel die dood naderkom en hy *sit* in sy huis behoorlik drie maal gestel: "Oom Karel sit maar daar; sit en kyk; sit en kyk ..."[1] (ii) Dan kom Oom Karel in beweging en onderneem sy laaste rit bos- en jagveld toe voor die finale stilstand van die dood: "'n Paar dae later ry oom Karel na een van sy ou vriende ... Hy ry met kar en perde ... So ry hy dan alleen ..." Drie maal weer word dit nou gestel dat hy ry. Ons kan min of meer in die taal van die verhaal self hierdie reis en verbreking van die aanvanklike stasis oom Karel se opstanding noem. (iii) Dan keer hy terug huis toe, die finale stasis tree in, hy het "heengegaan", hy het gesterf:



B. 'n Kleinere parabool voltrek hom binne hierdie oorkoepelende een: (i) As die predikant oom Karel besoek en vra hoe dit gaan, sê die oom, wat die dood voel naderkom: "Ek kan net sowel gaan *lê*" (oorgawe aan die stasis). (ii) Later, in sy sterwensmomente, kom daar "opstanding" en dink die oom: "Ek het nou al lank genoeg *gelê*" (dit is sy heel laaste oordenking). (iii) Hy sterf en dan staan daar in die voorlaaste paragraaf: "Op sy rug *lê* hy daar op sy bed ..." Dit is intussen van belang, met die oog op die argument hieronder, om daarop te let dat dieselfde woord (*lê*) in al drie punte van die parabool voorkom, maar in (iii) ná oom Karel se dood, nie meegedeel uit sy eie mond nie of in die vorm van sy oordenking soos in (i) en (ii) nie:



C. 'n Pragtige miniatuurparabool staan in 'n enkele kort sin van net 'n paar woorde teen die einde, as oom Karel besig is om te sterf: (i) "dit word *swart* voor hom (stasis); (ii) hy probeer kyk (opstanding);[2] (iii) maar dit word weer *swart*" (finale stasis).



Dit is alles kompositories mooi, maar meer as dít: dit is ook sinvol. Die sinvolheid blyk veral uit die vierde geval, wat soos die voriges deurlopend met dieselfde begrip werk, in 'n baie geraffinieerde argument wat die woorde met mekaar voer:

D. Oom Karel stel hom die hemel in die beelde van die tyd-ruimtelike werklikheid voor, "realisties" kan ons sê. Die predikant stem nogal met oom Karel oor sekere dinge van sy realistiese voorstellinge van die hemel saam (net soos oom Karel met sekere uitsprake van die predikant gedeeltelik saamstem), bv. dat daar bosse en wild in die hemel sal wees. Die predikant verwerp daarteenoor ander voorstellinge van oom Karel, bv. dat daar stryd sal wees: (i) "...*vrede* sal daar wees, geen *stryd* ..." (vrede as stasis). Hierdie uitspraak van die predikant staan in die middel van die verhaal, wat mens met goeie reg as

'n tektoniese fokuspunt kan beskou. (ii) Oom Karel wil hierdie uitspraak van die predikant nie aanvaar nie, en hy sterf sonder dat hy dit toegee of insien. "Opstandig" gryp hy die ander woord aan: stryd, want dit is juis sy siening van die hemel dat daar stryd sal wees soos hier op aarde: in die hemel sal daar "ook plekke wees waar *stryd* en oorwinning is"; lang togte sal daar wees "vol *stryd* en worsteling". 'n Variant van oom Karel se stryd-opvatting is dat hy nog 'n keer voor hy sterf met die predikant weer wil stry oor die saak. (iii) Die verhaalverloop gee oom Karel egter nie gelyk in sy strydopvatting van die hemel nie; die predikant word gelyk gegee; teen die einde, in die voorlaaste paragraaf, as hy dood is, word oom Karel beskrywe in die taal wat die predikant vroeër in die argument met oom Karel, daar teen die helfte van die verhaal, gebruik het in die karakteristiek van die hemel (dus by punt (i) van die onderhawige parabool): oom Karel lê daar, "kalm, *vredig*". Dit staan daar as oom Karel geen sê meer het in die storie nie (net soos in die finale stasismomente van al die vorige parabole). Hierdie parabool gee die duidelikste uitspraak oor die twispunt, en die ander vier kurwes bevestig dit:



E. Hierdie *vredig* waarmee parabool D eindig, is 'n merkwaardige geval, want as eindpunt of finale stasispunt van D is dit tewens die beginpunt van 'n nuwe parabool, heel teen die einde van die verhaal, 'n parabool in miniatuurvorm maar van groot waarde:

(i) die gestorwe oom Karel lê daar "kalm, *vredig*" (stasis).

(ii) Maar daar kom 'n skynopstanding, 'n skynherlewing van die ou stryder (in die oë van die kinders wat hom aanskou), 'n soort opstanding uit die vredige dood en 'n terugkeer tot die stryd van die lewe:[3] "hy lyk of hy nog sommer weer sal kan opstaan en 'n vyand storm of 'n geweer gryp en 'n leeu afwag".

(iii) Maar dan volg die finale sin in die verhaal: "'n Vegter wat in *vrede* heengegaan het":[4]



Die voltooiingspunte van die vyf parabole lê baie dig op mekaar in die laaste drie paragrawe van die verhaal. Die slot is inderdaad 'n werklike klousuur.

Die verhaal gaan nie verniet na oom Karel se dood voort nie — die eindbegrippe van die verhaal bereik hulle voltooiing na oom Karel se dood en dus onafhanklik van sy menings sus en so oor werklikheid en hemel. In hierdie nadoodse tydsbestek in die verhaal kom daar 'n finaliteit waaroor oom Karel geen uitspraak meer het nie. Die *tydsgegewe* en bo-persoonlike *vertellersperspektief* loop in hierdie nadoodse fase sáám en is kop in een mus.

Die saamgestelde voorstelling van die vyf parabole sien soos volg daar uit (die alfabetiese onderskeidingsimbole wat ek aan die onderskeie parabole toeken het niks te make met die volgorde waarin die parabole 'n aanvang in die verhaalverloop neem nie):



Daar is nog ander dergelike kurwes of parabole in "Oom Karel neem sy geweer saam", vandaar die baie wendinge op *maar* en verskeie van die drieledige opeenvolgings: insinking — opflikkering — insinking.

Dit wat hierdie verhaal self betref; en met hierdie verhaal dan as vertrekpunt, kan mens verder deurredeneer. Van Melle, die realis, soos hy algemeen genoem word, het verhale geskryf waarin die realisties getekende realiteit die mens beknel en mislei, hom skend, teisterend en moordend is, 'n

werklikheid waaruit die mens partykeer ontsnap deur die liefde, drome, ook deur die dood — die dood wat nie net in "Oom Karel neem sy geweer saam" as *mooi* beskryf word nie maar ook in ander. Oom Karel ly eintlik aan 'n oormaat van realisme, 'n naïewe realisme, en die verhaal gee hom ongelyk in die realistiese voorstellinge wat hy, gevange soos hy is in die realiteit, van die hemel maak. Let wel, oom Karel het geen twyfel daaroor dat hy hemel toe gaan nie — die vraag is hoe dit daar *is* en *lyk* — dis 'n realiteits- of realistiese vraag, waaroor daar in die voltooiingspunte van die parabole ná sy dood uitspraak gegee word.

1. Die *kyk*handeling in die sit-situasie kry teen die einde meer betekenis in 'n ander parabool.
2. Vgl. nou die kyk van die beginparagrawe, in die sit-situasie: die "sit en kyk" van die verhaalbegin is dus 'n hibridiese soort handeling: stasis, maar met 'n element van opstanding — die oom het immers 'n sterk visuele gerigtheid dwarsdeur die verhaal: hy stel hom die hiernamaalse visueel voor.
3. Hierdie skynopstand is die ekwivalent van die opstandingsuitspraak van oom Karel in parabool B: "ek het nou al lank genoeg gelê".
4. Dr. Elize Botha het in 'n gesprek my aandag op die alliterasie gevestig. In die lig van die totale gebeure kan ons sê dat die *vegter* in die klankveld van die *vrede* oorgedra is. Die opposisionele dinge word uiteindelik ook op hierdie wyse versoen: klankmatig.

ABEL BOTHA

Die duiwel se kandidaat nommer een —
dié Lang Hans Versleen —
behalwe half kens, nog mank ook,
met sy een hout been

die gesuip en gefuif hou heelnag so aan
en die boere se dogters moet hulle keer net ken,
hy's 'n duiwel op sy beste —
dié Mal Hans Houtbeen

maar vannag, môrester se tyd
as die Duiwel sélf in roesslaap verval
sluip Mal Hans sy enigste skande te doen:
sy kinders, arm en sieklik die hele stad deur
met geskenkies by die venster op te beur
en só die duiwel, sy baas te verneuk!

C.N. VAN DER MERWE

'n Analise van *Dagboek van 'n verraaier*

Daar het nog min Afrikaanse literêre werke verskyn waaroor die menings van kritici só uiteenlopend is as J.C. Steyn se novelle *Dagboek van 'n verraaier.* Die waarde-oordele wissel van dié van Hilda Grobler in *Hoofstad* (27 Julie 1978), wat beweer "*Dagboek van 'n verraaier* is sonder die minste twyfel die belangrikste 'versetswerk' wat nog in Afrikaans geskryf is en een van die hoogtepunte in die Afrikaanse Letterkunde", tot dié van Abraham de Vries, volgens wie "die mengsel van intellektualisme en emosionele atrofie 'n trieste beeld van die Afrikaner-intellektueel (skep)" (*Die Burger,* 10 Augustus 1978). Ook die gronde waarop die waarde-oordele gebaseer is, wissel aansienlik.

Vir Ernst Lindenberg is die skrywer van die dagboek "vir hart én verstand (...) 'n nonentiteit. Verder: "Ons weet (...) niks van hom as méns nie, behalwe dat hy 'n bietjie lamsakkig is en vir 'n intellektueel darem ongelooflik naïef" (*Oggendblad,* 30 Junie 1978). Lindenberg het egter glad nie al die aspekte van die karakteropenbaring in die novelle raakgesien nie.

Op bl. 22 praat die verteller, d.w.s. die dagboekskrywer, van 'n skrywer oor wie hy 'n storie sou wou skryf, en sy karakterisering van hierdie skrywer is tegelykertyd 'n karakterisering van homself: "Hy het 'n oorontwikkelde, onbeperk woekerende fantasie, verslaaf aan assosiasies; 'n karakter wat 'n swart engel is van homself, die ewig-universele mens wat verlede-hede-toekoms saam-saam tesame beleef: 'n eensame wandelaar wat 'n voor- en agterskadu oordrewe sien rek en krimp in die lig van die lampe oorkant die straat."

Die opnoem van parallelle met die Suid-Afrikaanse situasie geskied dus nie bloot ter wille van die formulering van 'n politieke standpunt nie, maar ook om die karakter van die verteller te openbaar. Hy is die tipiese intellektuele mens, wat 'n probleem van verskillende kante bekyk en dit ook sien in die lig wat die verlede en 'n moontlike toekoms kan bied. Maar juis in sy krag is ook sy swakheid geleë, want wanneer hy 'n saak van die een kant beskou, kom die ander kant onmiddellik by hom op, sodat hy "'n swart engel (...) van homself" is, een wat sy lot nêrens volkome kan inwerp nie.

Hiervan is daar oorvloedig voorbeelde. In die eerste deel van die boek, wanneer die verteller nie aktief by die verset teen die regering betrek is nie, kwel sy "onbetrokkenheid" hom in toenemende mate. Maar dan, wanneer hy besluit om aktief met die versetstryders saam te werk, begin 'n nuwe onsekerheid hom te kwel: Sê nou hulle word gevang? Is die mense met wie hulle saamwerk, aanvaarbare persone? (bll. 48 – 49). Deur sy twyfelende geaardheid is die verteller gedoem om nooit die innerlike bevryding te smaak van een wat 'n definitiewe keuse maak en sy keuse deur die daad bevestig nie.

Die probleem van die verteller is egter nie net sy gedurige twyfel nie, maar ook sy onvermoë tot barmhartigheid en lojaliteit. Daarom bly hy eerder waarnemer van as deelnemer aan die gebeure – anders as "Achilles wat vanweë sy liefde ten slotte tot die stryd bereid was" (bl. 118). Wat hier belangrik is, is om te onderskei tussen die verteller en die geïmpliseerde skrywer. (Met laasgenoemde term bedoel ek die skrywer van die literêre werk soos hy hom in die bepaalde werk openbaar — sy lewenshouding, sy voor- en afkeure.

Vir die term, kyk W.C. Booth: *The rhetoric of fiction,* bll. 70 – 76). Dis 'n onderskeid wat De Vries nie in sy resensie maak nie, sodat hy verkeerdelik die swakhede van die verteller op die rekening van die skrywer, J.C. Steyn, plaas.

Daar is 'n paar gevalle waar die verteller se reaksie op skokkende gebeurtenisse uitermate flou is. Op bl. 65, nadat hy gehoor het van twee ou mense wat wreedaardig deur swartmans aangerand is, interesseer dit hom slegs of die ou man net so groot en dik soos sy vrou was. Maar ook teenoor onreg van die "ander kant", nl. die blanke regering, staan hy bra ongevoelig. Wanneer Anton vertel het van die selfmoord van sy geliefde Adèle as gevolg van die "Ontugwet", vra hy aan die dagboekskrywer: "Miskien moes ek nie daarvan vertel het nie, nè? Jy sal dit nie begryp nie, nè?" (bl. 73). Hierop is die antwoord: "Hoekom sal ek nie? Dat mense mekaar liefhet, is altyd begryplik". En dan wonder die dagboekskrywer verder: "Waarom meen hy sou ek dit nie begryp nie? En hulle het mos nie soos hy sê die Ontugwet oortree nie? Waarom moet dit my dan hinder?"

Anton het volkome gelyk wanneer hy meen dat die verteller nie sy verhaal sal begryp nie. Die verteller sê hy begryp dat mense mekaar liefhet, maar die kern van die verhaal ontwyk hy: die verskriklike lyding wat 'n onmenslike wet meebring. Aan sy gedagtegang geoordeel, is daar niks aan die episode wat hom moet hinder nie, want Anton en Adèle het nie die "Ontugwet" oortree nie! Uiteindelik kom hy, aarselend-redenerend, by die vanselfsprekende gevolgtrekking: "'n Mens kan eerder die onmenslike van ons sisteem daarin sien." In plaas dat hierdie gebeurtenis hom dryf tot aksie om dié soort onreg te beëindig, fantaseer hy oor 'n verhaal wat hy daaroor kan skryf — en dis interessant dat hierdie verhaal, met die verwysing na die "twee coninghs kinderen", meer deernis openbaar as wat die dagboekskrywer self besit. En tog is hy nie totaal gevoelloos nie. Diep in hom bly 'n ongemaklike gevoel, en hy staak gou sy fantseerdery oor 'n "behoorlike storie" met 'n "mooi leuse" — hierdie geskiedenis is te skrynend vir 'n estetiese spel.

Hoewel die geskiedenis van Anton en Adèle 'n sterk aanklag teen die politieke sisteem maak, is ook hier die "meerkantige siening" aanwesig wat in *Dagboek van 'n verraaier* so opvallend is. Teenoor die taktvolle optrede van die konstabel wat Anton en Adèle "betrap" staan die onbeheerste onbeskoftheid van Adèle, wat suggereer dat sy in werklikheid nie 'n goeie huweliksmaat vir Anton sou gewees het nie.

Net na die "Ontug"-verhaal volg 'n toneel wat insiggewende ooreenkomste daarmee vertoon. Wanneer Anton en die verteller gesels oor die Indiër-student wat onder polisiebewaring selfmoord gepleeg het, is die verteller se reaksie weer eens taamlik power: "Miskien was hy maar net 'n Kommunis? Hulle sê dis wat sulke Kommuniste soms doen?" (bl. 73). In die redenasie wat volg, kom die meerkantige siening van die novelle weer na vore. Die verteller se argument dat so 'n episode nie noodwendig die polisie of die "sisteem" se skuld is nie, is geldig, maar die geldigheid van sy argumente kan nie vergoed vir sy onvermoë om deur die leed van 'n ander geraak te word nie. In dié opsig is Anton vir hom 'n voorbeeld: Anton, met sy "traantjies van woede" oor die voorval (bl. 74).

Die volle betekenis van hierdie gedeelte (bll. 73 – 74) blyk eers wanneer 'n mens dit met die slot van die novelle verbind, waar Anton op 'n soortgelyke manier as die Indiërstudent sterf. Dit lewer die afdoende bewys dat dit nie altyd "maar net 'n Kommunis" is wat op dié manier sterf nie. Dan ervaar die

verteller van naby wat hy vroeër op 'n afstand bespreek het. Daar kan geen twyfel bestaan oor die feit dat die geïmpliseerde skrywer hom telkens van die dagboekskrywer distansieer nie, en omdat kritici soos A.H. de Vries en André P. Brink (in 'n polemiek in *Rapport,* 6 Augustus 1978) die dagboekskrywer verkeerdelik met die geïmpliseerde skrywer vereenselwig, lewer hulle ongegronde kritiek op die twee gedeeltes (bll. 70—73, 73—74) wat hierbo bespreek is.

Daar word van twee kante 'n beroep op die verteller gedoen: deur "sy mense", die Afrikaners, en deur diegene wat onder 'n grotendeels Afrikaanse regering moet ly. Gepaard hiermee gaan sy verbondenheid aan karakters van albei kante: o.a. sy vrou Christa en sy broer Herman teenoor sy vriend Anton wat hom teen die onreg van die regering verset. In sy verhouding met al hierdie karakters skiet die verteller jammerlik tekort.

Soos Merwe Scholtz in sy bespreking aangetoon het (*Die Burger,* 10 Augustus 1978), dui die begin van die huwelik van Christa en die verteller reeds op die gebrek aan innige liefde: "Daar was geen romanse met in-die-oë-kykery en 'n aanhoudende ge-ek-het-jou-lief-sêery nie. Dit was 'n volwasse huwelik van nugterheid en verstand" (bl. 46). Hoe sterk kontrasteer die roerende liefdesverklaring van Anton en Adèle (bl. 71) nie hiermee nie! Die skeiding aan die einde tussen die verteller en sy vrou vind op dieselfde koel wyse plaas as die aanvang: "Ons het saaklik reëlings getref vir die versending van ander goed wat sy nodig sal hê vir die onbepaalde tyd dat sy na haar ouers teruggaan" (bl. 125).

Reg van die eerste ontmoeting kan Christa Anton nie verdra nie. In hierdie vroeë stadium is daar reeds tekens van wat later kom: die verteller "verraai" sy vriend met 'n leuen, en Anton moet hul woonstel verlaat (bl. 5). Ander kere is dit weer Christa wat ly onder sy verbintenis met Anton: sy moet al die huiswerk verrig terwyl hy en Anton "sit en sanik oor die Regering" (bl. 47), en met die spaargeld vir nuwe gordyne koop hy 'n rolprentkamera om Anton met die dokumentasie van onreg te help (bl. 54).

In sy huwelik met Christa maak die verteller dieselfde fout as in sy verset teen die regering: hy verloën sy eie aard ter wille van wat hy reken "behóórt te wees" (bl. 46). Sodoende pleeg hy verraad teenoor Christa, Anton én homself. Soos hy nooit tot 'n huwelik met Christa moes oorgegaan het nie, omdat hy haar nie lief genoeg het nie, so is hy ook nie geskik vir Anton se versetstryd nie, o.a. omdat hy ten slotte besef dat die versetstryd dié dinge bedreig wat deel van homself is, nl. taal en volk.

Tussen verraad en leuens is daar 'n noue verband: "Om te lieg is om jouself te verraai; akkurater gesê: verraad te pleeg teen jouself. 'n Leuen, selfs 'n nood- of 'wit' leuen (blanke leuen), kan onskuldig begin, maar hy teel aan soos populieropslaggies in 'n swartgrondvlei en jy raak onopregter en onopregter totdat jy naderhand nie meer aan jou eie goeie trou kan glo nie" (bl. 3). Dit is presies wat met die verteller gebeur: hy is oneerlik met homself en pleeg daarom verraad teen homself. Hy, as "blanke", leef leuenagtig, en dis fataal in 'n "swart" omgewing ("swartgrondvlei"). Sy oneerlikheid met homself "teel aan", sodat hy sy gedagtes vir die mense wat hy verraai, moet verberg: eers vir sy familie en later vir Anton. Ten slotte glo niemand, hyself nòg iemand anders, meer aan sy goeie trou. So gebeur dit dan dat sy dagboek hom in 'n dubbele sin verraai: dit lei daartoe dat die Veiligheidspolisie op sy spoor kom en openbaar ook sy ontrouheid aan homself en sy mense.

Anton en Herman, twee karakters met teenoorgestelde politieke oortuigings, het albei 'n besondere verbintenis met die verteller. In albei gevalle word die klem gelê op wat hulle saam met hom beleef het (bv. bll. 2, 44, 114, 78). Albei kan dus aanspraak op sy vriendskap en lojaliteit maak, maar hy stel albei teleur — vir Anton op die beskamendste wyse. Sowel in sy persoonlike verhoudings as in sy groepsverbondenheid word daar van teenoorgestelde kante 'n beroep op die verteller gedoen. Herman en Christa staan teenoor Anton; sy volksverbondenheid teenoor die kritiek op sy volk se regering. Twee keer probeer hy sy teenstrydige lojaliteite versoen: eers deur die argument dat opstand teen die regering in der waarheid 'n diens aan volk en taal is, en dan deur halfhartig aan Gert, die Veiligheidsman, van sy en Anton se versetplanne te vertel, met die naïewe wens dat Anton net gewaarsku moet word (bl. 107). Deur sy onvermoë om intellektueel 'n definitiewe standpunt in te neem en emosioneel voldoende betrokke by ander se leed te wees, is hy uiteindelik 'n totale mislukking. Omdat hy aan geen persoon of ideaal genoeg trou betoon nie, verraai hy ten slotte alles waaraan hy waarde geheg het.

Ons weet dus heelwat meer van die verteller as wat Lindenberg noem, nl. "dat hy 'n bietjie lamsakkig is en vir 'n intellektueel darem ongelooflik naïef". Wat sy "ongelooflike" naïwiteit betref: hy is 'n voorbeeld van 'n tipe wat ongetwyfeld bestaan: die intellektueel met 'n uitgebreide feitekennis en 'n logiese redeneervermoë, maar wat uiters onbeholpe en naïef optree wanneer hy by die aktiewe verset betrek word.

Ook 'n ander kritiese stelling van Lindenberg is myns insiens foutief: "Al hierdie verwysings (d.w.s. verwysings na parallelle situasies — C.N. v.d. M.) bring (...) geen vordering in die argument nie, maar herhaal dit tot in die oneindige." As 'n mens die novelle noukeurig lees, merk jy dat daar 'n stap-vir-stap-ontwikkeling van die argumentasie is, wat nóú saamhang met die ontwikkeling wat die verteller ondergaan. Hiermee gaan gepaard die stap-vir-stap-ontplooiing van die politieke beskouings van die geïmpliseerde skrywer, wat hom, soos reeds genoem, soms van die verteller distansieer (veral van sy halfhartigheid en ongevoeligheid), maar oor die algemeen sy inligting en redenasies as relevant en intelligent aanbied.

Ek noem, baie onvolledig, enkele stappe in die ontwikkeling van die novelle. Aan die begin is die verteller vervreemd van sy ouers en broer, en sy swaer Gert vermy politieke gesprekke wanneer hy kom kuier; daarteenoor gesels die verteller en Anton eensgesind "soos Boggom en Voertsek" (bl. 2) saam. Daarom is hy in die eerste deel hoofsaaklik onder Anton se invloed. Hy noem die onreg van die regering teenoor die swartman (bl. 28), die benadeling van Afrikaans (bl. 38), en wanneer hy en Anton oor volk en Christenskap redeneer, het Anton die oorhand, sodat hy sy vriend uiteindelik "met 'n baie patetiese klein stemmetjie" antwoord (bl. 30). Die verbeelde artikel oor die Maya-ryk (bl. 33 e.v.) en die toekomsvlug op bl. 41 e.v. vestig beide die aandag op die feit dat beskawings en tale kan verdwyn, en beklemtoon die plig van die denkende indiwidu om dié dinge te beveg wat sy volk en taal bedreig. Dit is daarom begryplik dat die verteller net hierna besluit om Anton by te staan in sy versetstryd. F.I.J. van Rensburg fouteer myns insiens in sy opvatting dat die bekering van die dagboekskrywer tot Anton se versetsorganisasie in die laaste fase daarvan te abrup verloop (*Die Volksblad*, 22 Junie 1978). Nie net ondersteun die gang van die argument sy "bekering" nie, maar sy eerste bydrae tot die organisasie, nl. 'n manifes, is só mak dat dit duidelik is,

die verteller het geen radikale verandering ondergaan nie. Hy is nog steeds die koerantbriefskrywer, en hy besef self nie die volle konsekwensies van sy besluit nie, dat hy 'n "kritieke grens" (Van Rensburg) oorgesteek het.

Dan, op bl. 54, gaan hy 'n stap verder wanneer hy geweld verdedig as middel tot verandering. Nou begin die invloed van die ander kant hom egter laat geld. Sy gesprekke met Gert kry 'n politieke kleur en hy begin meer van Gert te hou (bl. 61). Ook raak hy met Herman versoen, en wanneer hy sy broer se plaas besoek, sien hy sy hervorminge en kom hy onder die indruk van sy offerbereidheid vir sy vaderland (bl. 68).

Herman se dood het 'n belangrike invloed op die verteller. In sy gedagtes beleef hy ervaringe wat hom aan sy broer bind, en die afstand tussen hom en Anton vermeerder, veral wanneer laasgenoemde koel op die nuus van Herman se dood reageer (bll. 80—81). Gert wys hom skyfies en foto's wat 'n ander verhaal vertel as die foto's wat hy self vroeër geneem het: 'n verhaal naamlik van die ontberinge in ander Afrika-state, wat suggereer dat die omverwerping van die huidige S.A. regering nie noodwendig tot 'n verbetering van lewensomstandighede sal lei nie. Inteendeel. Die tema van hervorming, aangeraak met die besoek aan Herman se plaas, word verder gevoer deur Gert in 'n belangrike diskussie op bll. 89—91. Allerlei hervorminge vind plaas, sê Gert, en in 'n tyd van hervorming is 'n land uiters kwesbaar, sodat enige rewolusionêre optrede 'n kettingreaksie aan die gang kan sit wat uiteindelik tot die ondergang van die Afrikanervolk en sy taal kan lei. Die verteller staak nou sy vroeëre sarkasme teenoor Gert, en hy walg van homself (bl. 91).

Vervolgens word die immorele "moraliteit" van buitelanders geopenbaar: die Hollandse futuroloog en die Amerikaanse regering. Intussen leer die verteller ook meer van die mense wat saam met Anton in die stryd is: Lucy, wat geen Afrikaans verstaan nie (83), en Snoopy, wat die polisie wil doodmaak en die "Boere" se leiers teen die muur wil doodskiet (bll. 100—101). Wanneer die dagboekskrywer Anton oor Snoopy se beskouings uitvra, stotter Anton en dan gee hy sy toekomsvisioen van 'n Suid-Afrika "waar wit en swart mekaar se hande sal kan vashou", wat sy wêreldvreemde idealisme openbaar (bll. 102—103). As die verteller net hierna sy tweede verraad pleeg, nl. teenoor Anton, is dit sorgvuldig voorberei en gemotiveer.

In die loop van die novelle vind daar dus 'n geleidelike verandering in die verteller plaas in samehang met die geleidelike ontwikkeling van 'n argument. Aan die einde het die leser die genuanseerde politieke beskouing van die geïmpliseerde skrywer, wat 'n groot hoeveelheid relevante inligting in ag neem en teenoorgestelde fasette van die geheelbeeld versoen. Dit blyk dan dat Popper se filosofie van geleidelike hervorming vir hom die aanneemlikste is.

Ter ondersteuning van die argument gebruik Steyn 'n aantal motiewe wat telkens in gewysigde vorm voorkom. Een voorbeeld is die kankermotief. Die eerste keer word dit ironies gebruik in die cliché "die kanker van verraad in ons volkslewe" (bl. 9), maar wanneer dit die volgende keer voorkom (bl. 15), word die wesenlike gevaar van kanker genoem: "die gewas verdring, verwoes alles in sy pad". Die beskrywing van die bleek, sieklike oom Piet Joubert (bl. 19) bevestig die gevaarlikheid van kanker.

Van bl. 55 tot 62 word 'n paar simboliese motiewe op 'n subtiele en boeiende wyse gebruik. Terwyl die verteller Anton probeer afluister, val hy van 'n vullisblik af en trap 'n paar kakkerlakke dood (bl. 56) — die diertjies wat Anton nie kan verdra nie en met D.D.T. doodmaak (bl. 16). Die

oorblyfsels van die kakkerlakke wat doodgetrap word, word nogal taamlik simpatiek beskryf: die "vog en vlerkies van kakkerlakkarkassies". Die val van die asblik af maak die verteller se maermerrie so seer dat dit bloei. Op bl. 58 word rewolusie en ewolusie teenoor mekaar gestel, en die val van die vullisblik met rewolusie verbind. Ook kanker, blyk dit nou, is 'n soort rewolusie, 'n sprongsgewyse verandering. Die suggestie is dat die verteller se verbintenis met Anton gepaard gaan met rewolusie en die "kanker" van verraad. Die kakkerlakke is simbolies van die Afrikanervolk, verag deur vele, wat danksy taaie volharding homself in die verlede kon handhaaf. Vgl. bll. 62–63: die verteller verbeel hom hy is 'n besoekende wetenskaplike wat navorsing oor die plaasboere doen, en dan noem hy drie tipes verskynsels wat hy sou kon waarneem: 'n nuwe mutasie springbok soos die swart springbok, die dodo's wat uitgesterf het, en "daardie toonbeeld van taaiheid, die kakkerlak, wat al 2 500 jaar bestaan". Hiermee is ook die drie moontlikhede vir Afrikaans en die Afrikaner gegee: om in 'n nuwe vorm voort te bestaan, om uit te sterf of om te oorleef. Met sy rewolusionêre aktiwiteite vernietig die verteller nie net kakkerlakke nie, maar benadeel hy ook homself, soos gesuggereer deur die besering van sy maermerrie. Die ergste is dat hy volhou met sy verraderlike aktiwiteite, en die gevolg is dat sy maermerrie keer op keer op dieselfde plek seerkry (bll. 70, 81).

Vermeldenswaardig is verder die verwysings, telkens in gevarieerde vorm, na die Zimbabwe-ruïnes, Abraham Kuyper en Carthago. In al drie gevalle hou die variasies verband met die ontwikkeling van die verteller en ondersteun hulle die politieke beskouings van die geïmpliseerde skrywer.

Steyn se begeerte om 'n goed gemotiveerde politieke filosofie in sy novelle tot uiting te bring veroorsaak sekere swakhede in die werk. Ter wille van die volledige weerspieëling van die probleemsituasie word véél inligting gegee en parallelle situasies genoem, maar dit bring mee dat die verhaal in die eerste helfte te stadig vorder. Hoewel die volledigheid deels karakteropenbarend is, omdat dit aantoon hoe die verteller "besete is met die versamelings- en volledigheidsdrang van die aartstaksonoom" (bl. 3), word daar nie voortdurend nuwe lig op sy persoonlikheid gewerp nie. Die verandering van sy politieke sienswyse raak soms van oorheersende belang, en die openbaring van sy menslikheid skuif dan op die agtergrond.

'n Belangrike aspek van die novelle is die tema van die plaasvervangende offer. Die "bleek proponentjie" se preek (bll. 26–27), wat heelwat implisiete kommentaar op die idees en optredes van persone in die novelle bevat, eindig met die volgende gedagte: "Alleen die offer van Golgota het enige krag. Alle ander 'offers' help net tydelik om Gods oordeel af te wend". Veral laasgenoemde sin is vir die novelle belangrik. Op bl. 30 word daar vertel van Otto III, "wat die skuld vir duisend jaar se sondes van 'n onbarmhartige Christendom op hom kom neem", en op bl. 40 stel Anton dit so: "Negatiewe dade van 'n enkeling kan op die rekening van 'n hele gemeenskap en volk kom en net so kan die een mens vir die hele volk iets goeds doen, hy kan as't ware die plek inneem van die hele volk".

Daar is twee karakters in *Dagboek van 'n verraaier* wat genoeg liefde en lojaliteit besit om hul lewens vir hul ideale op te offer: Anton en Herman. Herman sluit uit vrye wil by 'n kommando aan en moet dus grens toe, waar hy sterf. Dit laat die verteller dink aan Huizinga, wat skryf "die soldaat is iemand

wat uit plig, sonder eie skuld, vir ander ly en so sy hoogste etiese funksies vervul" (bl. 68).

Ook Anton se offerbereidheid is bewonderenswaardig. Hoewel sy politieke opvattinge nie die goedkeuring van die geïmpliseerde skrywer wegdra nie, is hy verre van die "bad guy" wat De Vries van hom maak. Ook Brink fouteer waar hy praat van 'n patroonmatige skeiding van "goed" en "sleg" (*Rapport*, 16 Julie 1978), met die implikasie dat Anton tot die "slegte" groep behoort. Eerder die teendeel is waar. Wanneer 'n mens Anton bv. met die dagboekskrywer vergelyk, val sy (d.w.s. Anton se) goeie hoedanighede des te meer op: sy liefde vir Adèle, sy woede oor sosiale onreg, sy innerlike vryheid en rus (bl. 108) en sy bereidheid tot die daad. Die pragtige manier waarop hy sterf (bl. 112) bevestig die hoë kwaliteit van sy lewe.

Dit beteken nie dat Anton se offer dieselfde waarde as Herman s'n het nie, want Anton mis Herman se mensekennis en realisme. Dis nie toevallig dat die ANT van sy naam hom met die "paradys" Atlantis verbind nie (bll. 60—61), want sy toekomsideaal vir Suid-Afrika is 'n paradysagtige droom (bl. 103). Die offer van die bruid in die Maya-verhaal (bl. 34) het raakpunte met Anton se geskiedenis. In die eerste plek hou die offer verband met die dood van Adèle, die slagoffer van 'n onmenslike wet. Soos die dood van die Maya-vrou die begin is van haar geliefde se verset teen die bestaande sisteem, is Adèle se dood 'n belangrike rede vir Anton se diepgewortelde afkeer van die politieke opset. Maar daar is ook 'n tweede raakpunt tussen Anton en die Maya-geskiedenis: die ekstatiese bruid wat aan die reëngod geoffer word herinner aan die "evangeliese ekstase" (bl. 110) waarmee Anton sy offer bring. In albei gevalle is die doel van die offer nie die lewe werd wat dit eis nie, en die suggestie is dat selfopoffering met 'n intelligente ondersoek van ideale gepaard moet gaan om waarlik sinvol te wees.

Die Maya-geskiedenis wys dus vooruit na Anton se dood. Ook op ander plekke is daar 'n heenduiding na sy sterfte. Hy noem bv. dat hy eerder uit 'n hoë gebou sou spring as om sy vriende te verraai (bll. 73—74). Aan die einde van die novelle raak die aanduidings meer. Anton meen dat Linus 'n gepaste naam vir homself is (bl. 100) en "Linus ... groet jou", staan in die Bybel. Sy eintlike skuilnaam is Charlie Brown, en Charlie kom dikwels "op die naat van sy rug te lande" (bl. 106). Die aanhaling van die Bybelteks "met my God spring ek oor 'n muur", net voordat Anton self oor 'n muur spring en sterf, is nie "volkome wansmakig", soos De Vries reken nie, maar skrynend, omdat Anton se vroomheid deurgaans met soveel waardering uitgebeeld word. Wanneer Anton dan selfmoord pleeg, is die gebeurtenis weliswaar verrassend, maar tog voldoende voorberei.

Daar is 'n besondere verbinding van aktualiteit en universaliteit in die novelle. Alhoewel dit handel oor 'n spesifieke volk en taal onder spesifieke omstandighede, word groter universaliteit verkry deur die oproep van parallelle situasies. Die sentrale tema is die dagboekskrywer se "private ache (...), die ache oor volk en taal", maar dié "private ache" hou verband met iets wat elkeen ken, want: "Dis miskien ons almal se enigste egte besit: die smart en die vrees vir die smart om te kan verloor wat vir ons die liefste is" (bl. 122). Die dagboekskrywer gee 'n beeld van een bepaalde politiek-ekonomiese sisteem, maar die dilemma van die twyfelende, daadlose intellektueel is 'n tema met universele geldigheid. Ook temas soos verraad en selfopoffering is nie aan een plek of tyd gebonde nie.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat *Dagboek van 'n verraaier* veel meer waardering verdien as wat dit van verskeie resensente ontvang het. Ongetwyfeld bevat dit swakhede, maar in die geheel genome is dit in denke en struktuur 'n fassinerende werk.

Universiteit van Kaapstad

WIUM VAN ZYL

Nou
met die R1 wat doodswaar hang
hier tussen vaalgras en kremetarte
onthou ek jou soos die eerste keer
jou ronde arms
en borsies wat maar nog effens
'n sagte suidebries
teen jou meisiebloesie beur.

Nooi

Jy help huiwerig herformuleer
aan die boodskap van my lyf
en word mettertyd 'n gulsige
posbussie iewers op 'n hoek.

H. OHLHOFF

Oor harpe, trompette en kettings — beelde en beeldspraak in *Lucifer* van Vondel

Inleiding

Reeds met die lees van die eerste reëls word dit duidelik dat *Lucifer* 'n versdrama is: "Myn Belial ging hene op lucht en vleugels *dryven,* / Om uit te zien waer onze Apollion magh *blyven.*" G.B. Tennyson sê die volgende oor dialoog in die drama: "Finally, dialogue possesses the feature of artifice; this is perhaps the most important of all" (Tennyson, 1967, bl. 34). In die versdrama is hierdie feit natuurlik nog opvallender as in die prosadrama, a.g.v. onder andere die metriese basis. Maar, soos Tennyson ook aandui, is "(m)etrics, cadence, and rhythm of line ... only some of the features of verse drama" (ibid, bl. 39). 'n Ander belangrike element is die *beeld en beeldspraak.* Dit wil nie sê dat prosadramas nie hiervan gebruik (kan) maak nie, maar "verse drama seems to concentrate such things and to challenge the reader's linguistic ingenuity in a greater variety of ways" (ibid, bl. 40).

Terminologie

As literêre terme enigsins op wetenskaplikheid aanspraak wil maak, is een van die eise "that each of its terms denote with economy and precision one and only one thing" (Shipley, 1970, bl. 332). En nou is dit nie die geval met die term *beeld* nie: "This term (d.i. *image/imagery*) is one of the most common in modern criticism, and one of the most ambiguous" (Abrams. 1971, bl. 76). Ook uit prof. Grové se artikel "Beeld" in sy *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans* blyk dit dat daar geen ondubbelsinnige inhoud aan hierdie term gekoppel word nie.

In hierdie artikel sal ek die woord "beeld" gebruik vir die "representation of something sensed or perceived" (Brooks e.a. 1975, bl. 884). "Klip, rooi, helder" en alle ander woorde wat met die een of ander sintuig te make het, is dan *beelde.* So 'n beeld kan egter ook o.a. as deel van 'n vergelyking of metafoor gebruik word ("my dae verdwyn / in stiltes soos *kwartels in lang gras*"). In plaas daarvan om, soos soms gedoen word, die hele vergelyking of metafoor 'n beeld te noem, sal ek die term *beeldspraak* gebruik of die geval spesifiek as vergelyking of hoe ook al benoem.

Lucifer

Die eerste stel beelde waaraan ek aandag wil gee, is dié wat met musiek te make het. Die eerste keer dat daar in *Lucifer* van musiek sprake is, is in Apollion se verslag oor sy verkenning van die Paradys: "Noch zwygh ick welck een lof den mensch wort *toegezongen* / En *toegequinkeleert* van 't lustpriëel, vol *tongen*; / Terwyl de wint in 't loof, de beeck langs d'oevers speelt, / En *ruischt op een muzyck,* dat nimmer 't hart verveelt" (r.97—100). Die opvallende in hierdie gedeelte is die harmonie; daar is geen wanklanke in die

musiek van die Paradys nie. Dié indruk word versterk deur die rustige, idilliese konnotasies van die wind wat in die blare en die spruit wat langs die oewers *speel*. Ook belangrik is dat die mens *toegesing* word. In die hemel waar die engele woon, word slegs God toegesing. Geen engel het hierdie voorreg nie.[1] 'n Mens sou dus ook hier 'n sprankie jaloesie in Apollion se vertelling kon bemerk.

Parallel aan die harmonie in die Paradys staan die (geïmpliseerde) harmonie in die hemel. Die Rei praat van die "juichende gewelf" (r. 811) en sê "triomfen, kransen, palmen, / en *harpen* passen ons, en *snaren*" (r. 811/812). Gabriël roep die engele dan ook op om God te prys: "Laat zommigen voor Godt de schael vol wieroock branden, / En brengen voor Godts troon der menschen offerhanden, / En wenschen, en gebeên, en *zingen* 's Godtheits lof, / Dat zich de *galm* verspreie in 'n eeuwigh*juichend* hof" (r. 261—4). Dit doen die Rei ook, t.s.v. Gabriël se bevel dat die engele die mens voortaan moet dien: "Verheft de Godtheit: *zingt* haer eer" (r. 336). Die Luciferiste getuig dat hulle ook so opgegaan het in lofsange aan God: "Wy juichten, in den lof der Godtheit opgetogen, / Aenbaden, wieroockten met schalen, neighden, bogen / Onze aengezichten neêr. de hemel gaf gehoor, / Verslingert op den dans des galms, van koor in koor, / Ja smolt van volle vreught op *tongmuzyck, en harpen*" (r. 1022—6). Belangrik is dat die werkwoorde hier konsekwent in die verlede tyd staan. Dit wás so, maar nou is dit anders: "de zwangre keelen zwegen" (r. 1030).

Die Rei stel ook hulle eie huidige houding direk teenoor dié van die Luciferiste: "Toen wy, op Gabriëls bazuinen, / Ontvonckten, en *een nieuwe wys / Aenhieven,* Godt ten prys; / ... / ... *scheen de Nyt / Van onder in te sluipen*" (r. 754—63). Dit word dus mettertyd duidelik dat die musiekbeelde die dramatiese gang begelei.

As daar gevra word wáárom die "swangere kele" begin swyg het, word die antwoord weer o.a. in musiekbeelde gevind. Die Luciferiste praat van Gabriël se *basuin* (as begeleiding van sy aankondiging) wat "zich plotseling quam werpen / Met dezen donderslagh in't midden van Godts eer" (r. 1027/8). Let op die felle kontras: enersyds God se eer, besing met "tongmuzyck, en harpen" (r. 1026), andersyds die basuin se donderslag met die konnotasie van verskrikking. Só het hulle tot swye gekom. Die verslaenheid en bitterheid van die Luciferiste oor hulle nuwe opdrag om die mens te dien, word egter ook nog verder op subtiele wyse deur musiekbeelde gesuggereer. As Belzebub in die tweede bedryf met Lucifer in gesprek is, sê hy sarkasties: "legh af uw morgenstralen, / En hulsel voor dees zon, of pas haar in te halen / Met zangen, en triomf, en goddelÿck cieraat" (r. 404—6). Die lof wat God toekom, moet dus volgens Belzebub deur die môrester, Lucifer, aan die mens "(d)ie van beneden rÿst" (r. 352) toegebring word, en dit stuit hom teen die bors, want dit tas sy eie posisie aan. Laasgenoemde kom duidelik tot uitdrukking in die volgende woorde van Lucifer met hulle kontras tussen die mens se majesteit wat besing sal word en sy eie wat "verdoof" gaan word: "Den mensch, zoo hoogh met Godt vergodlyckt in zyn' troon / Te zien het wieroockvat toezwaeien, *op den toon / Van duizentduizenden eenstemmige kooralen*; / Verdooft de majesteit en diamante stralen / Van onze morgenstar" (r. 514—8).

As die Rei oor die ongehoorsaamheid van die Luciferiste praat, doen hulle dit ook met verwysing na musiek — gehoorsaamheid is vir God meer

werd as goddelike musiek (r. 868/9). Trouens, God is heeltemal outonoom: "eeuwigh ryck / En heerelyck, behoeft zy (d.i. die Godheid) wieroock, noch *muzyck,* / Noch geur, haer toegeswaeit, noch lof, haer *toegezongen*" (r. 952—4).

In plaas daarvan om in hulle opstandigheid en ongehoorsaamheid net te swyg, kerm en steun die Luciferiste egter. As Belzebub met hulle praat, kom die kontras tussen die jubeling van die Rei en die weeklag van die Luciferiste as wanklank (en dus die splitsing in hemelse geledere) duidelik uit: "De schelle keelen, die met zang de Godtheit dancken, / Zien om, en belgen 't zich, *om dat ghy valsche klancken / En basterttoonen mengt, in 't goddelyck muzyck.* / Uw *bittre weeklacht* steurt de maet van 't hemelryck. / 't Gewellef *huilt* u na. de *rougalm,* in den hoogen / Gestegen, rolt al voort, van d' een in d' andre bogen" (r. 1002—7).

Nie lank hierna nie sweer die ontroue engele trou aan Lucifer en vind iets plaas wat hom nêrens anders in die werk beskore is nie: Soos God en die mens in Christus word hy besing: "verheft hem met gedicht, / Gezangen, en muzyck, bazuinen, en schalmeien. / ... / Heft op een' heldren toon, / Ter eere van zyn kroon" (r. 1269—73). So toon Belzebub en die ander hulle solidariteit met Lucifer en laat hy toe dat op onvanpaste wyse aan hom hulde gebring word. Daarom dat Gabriël in die vierde bedryf praat van die "goddeloos muzyck" waarmee Lucifer vereer word (r. 1340 en ook 1375/6).

Saam met hierdie "onhemelse" besinging van Lucifer gaan ook nuwe musiekbeelde: dié van trom en trompet, oorlogsbeelde dus: "Volght dezen Godt op zÿn trommel, en trant. / Beschermt uw Recht, en Vaderlant" (r. 1278/9). In die vierde bedryf word hierdie beelde mettertyd oorheersend. Eers neem Gabriël net die woorde van die Luciferiste op ("Vorst Lucifer braveert: hy roert trompet, en trom" — r. 1335), maar dan groei die oorlogsgeluid aan as Michaël self ook bevel gee dat die basuin geblaas moet word: "Men blaze de bazuin: men sla de holle trommels. / Verdaghvaerde in der yl ontelbre dicke drommels / Gewapenden. blaest op: ick schiet de wapens aan" (r. 1388—90). As Lucifer dan in r. 1655 sê "daer hoor ick Godts trompet", kom die finale keerpunt en is die stryd 'n voldonge feit. Steeds word die voortgang van die handeling dus ook in die musiekbeelde weerspieël.

As Uriël verslag doen oor die geveg, hoor ons van Michaël wat laat *blaas* het: Eer sy God (r. 1832). Sulke lof aan God vind ons egter nie by die Luciferiste nie, maar wel 'n "gruwzaem veltgeschrey" (r. 1824) en 'n "luchtgeschrey" (r. 1877). Uiteindelik is daar by hulle slegs sprake van 'n aaklige "musiek" — tekenend van hulle verwording en ondergang: "men hoortze *brullen, bassen.* / D'een *janckt,* en d' ander *huilt.* wat ziet men al grimmassen / In Engletronien nu zweemen naer de hel ..." (r. 1974—6). En noudat die opstandelinge met hulle "musiek" in die hel versink het, vind ons weer lofsingende musiek in die hemel. Die triomfantlike Michaël word besing: "De Reien groeten hem met lofzang, en cimbalen, / Schalmeien, en tamboer. zy treden hier vooruit, / En stroien lauwerloof, op 't hemelsche geluit" (r. 1979—81). Bowenal klink na die oorlogsmusiek die loflied aan God nou weer uit — 'n teken dat die hemel nou weer rus en vrede ken: "Nu zingt de Godtheit lof, / In 't onverwinbaar hof / Prys en eer zy den Heere aller Heeren. / Hy geeft ons zingens stof" (r. 1998—2001).

Dan volg die val van die mens egter, en die ontsettendheid daarvan word verbeeld in die feit dat selfs hemelse "treurmusiek" nie kan help nie:

"geen handenwringen, klagen, / Noch schreien helpt den mensch en zyne weergade" (r. 2103/4). Só kry die musiek in elke sentrale gebeurtenis in *Lucifer* sy plek.

Vervolgens enkele opmerkings oor beelde en beeldspraak wat uit verskillende sfere kom en die mens, sy situasie en sy posisie in die oë van die twee engelegroepe belig. Wanneer Gabriël aankondig dat die mens deur die engele gedien moet word, gebruik hy enersyds beelde van lig om die heerlikheid van die mens (in Christus) te suggereer: "Zy boude 't wonderlyck en zienelyck Heelal / Der weerelt Gode en oock den mensche te geval; / Op dat hy in dit hof zou heerschen, en vermeeren; / Met al zÿne afkomst hem bekennen, dienen, eeren; / En stygen, langs den trap der weerelt, *in den trans / Van 't ongeschapen licht, den zaligenden glans.* / Al schynt het Geestendom alle andren t' overtreffen; / God sloot van eeuwigheit het Menschdom te verheffen, / Oock boven 't Engelsdom, en op te voeren tot / *Een klaerheit en een licht, dat niet verschilt van Godt*" (r. 211–20). Hy praat ook van die helder vlam van die Serafyne wat duister sal lyk in vergelyking met die mens se "licht, en glans, en goddelycken luister" (r. 230). Andersyds wys hy die engele egter d.m.v. 'n "boombeeld" daarop dat hulle en die mens "medebroeders" is: "De mensch en Engel, beide *uit eenen stam gesproten,* / Zyn medebroeders ..." (r. 237/8).

As die opstandelinge oor die mens praat, is daar egter uiteindelik min van die gedagtes van heerlikheid en broederskap oor. Belzebub sê in sy fyn spel met die hoogmoedige Lucifer: "Een *aerdtworm,* uit een' klomp van aerde en klay gekropen, / Braveert uw mogentheit" (r. 389/90). Die mens word dus as 'n wurm gesien, as iets wat verfoeilik is t.s.v. sy heerlike Paradysbestaan, en dit omdat die opstandelinge nie voor hom wil buig nie: "Het Geestendom, gewyt tot amptenaers van 't hof / Des hemels, zal voortaen een' aertworm, uit het stof / Gekropen en gegroeit, ten dienst staen, op hem passen, / En, in getal en staet, ons over 't hooft zien wassen?" (r. 4652–5). Die metafoor wat Belzebub gebruik het, word dus nou ook deur Lucifer opgeneem, en uiteindelik ook deur die Luciferiste sodat dit een van die aanduiders word van die uitgebreidheid van die verset: "Waerom belast men ons een' snooden worm te dienen, / Te dragen op de hant, te luistren naer zyn stem?" (r.1195/6). So sterk voel Lucifer trouens hulle "vernedering" aan dat hy die engele sélf in hulle toekomstige posisie met wurms vergelyk: "daer wort de mensch geheven / In top der hemelen, door alle kreitsen heen, / En ziet het Engelsdom zoo diep, zoo laegh, beneên / Zÿn voettapyt, in stof vast grimmelen, als wormen (r. 597–600).

Gabriël het in sy aankondiging die diens aan die mens gekoppel met die diens aan God: "Zoo past u trou in Godts en 's menschen dienst te dragen" (r. 234). Ook die Rei sien dit so: "Laet ons God in Adam eeren" (r. 346). Lucifer en sy trawante sien diens aan die mens egter as verknegting, 'n feit wat duidelik word uit die beeld van slawerny wat telkens opduik. Die eerste keer dat Lucifer aan die woord kom, som hy die engele se situasie op in die woorde "Ons slaverny gaet in" (r. 363). Daarna keer die gedagte by verskillende figure terug. So hoor ons die Luciferiste sê dat hulle "*als slaven*, voor zÿn heerschappye beven" (r. 791). Waar hulle nog "vergelykingstaal" praat, gaan Belial verder en praat "metafoortaal": "Zy (d.i. die Luciferiste) houden d'orden, daer de hemel hen toe riep; / Maer kunnen traegh verstaen des menschen *slaef* te worden" (r. 970). Treffend word dié gedagte ook verbeeld in die vol-

gende gedeeltes met hulle suggestie van vernedering en lyding: "De menschen zyn om Godt, en wy om hen geschapen. / 't Is tyt dat *'s Engels neck hun voeten onderschraegh*'" (r. 365/6); "...eer hy (d.i. die mens) der Englen Staet / Verplette, en zy *geboeit,* als snoode en arme slaven, / Gedwongen worden *naer zÿn sweep* en wil te draven; / Gelÿck hy daer beneên de dieren houdt in dwang" (r. 1037—40). Lucifer sien die resultaat van 'n geslaagde opstand dan ook as 'n vrye staat: "Zoo zal de tiranny der hemelen verkeeren / In eenen vryen Staet, en Adams zoon, en bloet,/ Gekroont in top van eere, en met een' aertschen stoet / Omcingelt, uwen hals niet boeien aen de keten / Van slaefsche dienstbaerheit, om hem ten dienst te zweeten, / En onder 't kopren juk te hygen, zonder endt" (r. 1441—6).

Die opstandige engele wil dus nie deur die mens geketting word nie; daarom gaan hulle voort met die opstand. Maar, ironies genoeg, waarsku Rafaël Lucifer dat die opstand nie vryheid nie, maar juis "gekettingdheid" sal meebring. Hy doen dit met 'n beeld "ontleen aan die Romeinse triomftogte waarin gevange heersers deur die strate van Rome gevoer is" (Grové. 1968, bl. 155): "Ick hoor, 't is schrickelyck, alree de ketens smeden, / Om, na de neêrlaegh, u geketent door de lucht / Te voeren in triomf" (r. 1617—19). En so word hulle ook uiteindelik, as onafwendbare afloop van hulle handelinge, gevangenes van Hom teen wie hulle in opstand gekom het: "Ga hene, vang en span het heir der helsche dieren, / Den Leeu, en fellen Draeck, die tegens ons banieren / Dus woedden: vaegh de lucht van dees vervloekte jaght, / En boeize aen neck en klaeu, en ketenze met kracht" (r. 2158—61).

AANGEHAALDE WERKE

1. Abrams, M.H. 1971. *A glossary of literary terms.* New York, Holt, Rinehart & Winston.
2. Brooks, C. e.a. 1975. *An approach to literature.* New Jersey, Prentice-Hall.
3. Grové, A.P. 1968. Uitgawe van *Lucifer.* Pretoria, Van Schaik.
4. Shipley, Joseph T. (red.) 1970. *Dictionary of world literary terms.* Londen, Allen & Unwin.
5. Tennyson, G.B. 1967. *An introduction to drama.* New York, Holt, Rinehart & Winston.

1 Die enigste uitsonderings hierop in die drama is Michaël en Lucifer, maar dan in besondere kontekste waarop ek netnou terugkom.

LITERÊR-AKTUEEL

Prof. Gerhard Beukes tree uit

Prof. Gerhard J. Beukes tree aan die einde van 1978 uit as hoogleraar in Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Die Redaksie wil graag die geleentheid gebruik om, by wyse van die plasing van 'n kort *curriculum vitae,* die belangrike rol wat prof. Beukes in die Afrikaanse letterkundige lewe gespeel het, in herinnering te bring. Prof. Beukes is lid van die Afrikaanse Skrywerskring; in 1946 was hy een van die stigterslede van die Pretoriase Afrikaanse Skrywerskring, wat later met die Johannesburgse Skrywerskring geamalgameer het om die Afrikaanse Skrywerskring in sy huidige gedaante te vorm.

Gebore op 21 November 1913 op die familieplaas Biesjespoort naby Upington in Noordwes-Kaapland. Matrikuleer op Upington; daarna na die Universiteit van Stellenbosch (B.A., S.O.D.). Tien jaar lank onderwyser, en sedert 1947 verbonde aan die Universiteit van die O.V.S. — eers as senior lektor, later as professor in Afrikaanse Letterkunde. Behaal in 1939 die M.A.-graad (Universiteit van Suid-Afrika) en in 1946 die graad D.Litt (Universiteit van Pretoria) op 'n proefskrif: *Die Moderne Eenbedryf.*

PUBLIKASIES:

Laat die Kerse Brand	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1945)
Ses Eenbedrywe (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1946)
Die Swart Engel	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1947)
Die Moderne Eenbedryf	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1947)
Uitgesoekte Eenbedrywe (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1948)
Kerse teen die Wind	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1950)
Salome Dans!	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1950)
As ons twee eers getroud is!	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1952)
Langs die Steiltes	— Nas. Boek., Kaapstad	(1952)
Skrywers en Rigtings (met medewerking F.V. Lategan)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1952)
Nuwe Eenbedrywe (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1952)
Jesus van Nasaret (Reeks radiospele)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1954)
Verkiesing sonder Politiek!	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1955)
Vyf nuwe Eenbedrywe (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1957)
Skerm en Masker (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1958)
Spele vir die Jongspan (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1958)
Judas van Keriot	— N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad	(1959)
Kom ons speel Toneel	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1959)
Die Vonkel in haar oë!	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1960)
Woord en Masker (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1964)
Die Huigelaar (verwerkte vertaling van *Tartuffe*) (Molière)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1967)
En Ewig sing die Woude (vertaling van Trygve Gulbranssen se roman)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1968)
Twee Sente vir 'n Pêrel (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1968)
Die Nôientjie het Planne!	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1969)
Uur van die Waarheid	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1969)
Ek Glo	— Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad	(1970)
Iewers langs die Pad (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1970)
Vier Nederlandse Eenbedrywe (red.)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1970)
Man van Keriot (verwerking van *Judas van Keriot*)	— J.L. v. Schaik, Pretoria	(1977)

ONDERSKEIDINGS EN BEKRONINGS

Eerste prys Krugersdorpse Afrikaanse Toneelvereniging:
Salome Dans!
Eerste prys N.G. Kerk-Uitgewers vir oorspronklike Bybeldrama:
Judas van Keriot.
Eerste prys FATSA vir oorspronklike Afrikaanse eenbedryf:
Die Vrees.
Eerste prys Driehonderdjarige-herdenkingstoneelwedstryd uitgeskryf deur Dept. Onderwys, Kuns en Wetenskap (1952):
As Ons Twee eers Getroud is!
Hertzogprys vir Drama 1952 (S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns):
As Ons Twee eers Getroud is!
Langs die Steiltes
Salome Dans!

KULTURELE BEDRYWIGHEDE

Lid S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns (1952)
Voorsitter, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns (1973 – 1975)
Voorsitter, Fakulteitsraad vir Kuns en Geesteswetenskappe (S.A. Akademie) (1973 – 1975)
Lid De Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leyden (1958)
Lid Hoofbestuur, F.A.K. (1973 – 1976)
Lid Ondersoekkommissie na instelling van Televisie in S.A.
Voorsitter Kom. vir Woordkuns (Nasionale Kultuurraad)
Voorsitter Beheerraad Openbare Biblioteek, Bloemfontein (1948 – 1970)
Voorsitter Vrystaatse Kunswedstrydvereniging (1950 – 1970)
Voorsitter Nasionale Toneelbiblioteek, Bloemfontein
Lid Kom. vir Beurstoekennings. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Lid Advieskomitee vir Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere (RGN)
Lid Adviesraad Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum
Lid Beheerraad Uitvoerende Kunste vir die O.V.S. (SUKOVS)
Voorsitter Kommissie vir Uitvoerende Kunste van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns (1969 – 1973)
Voorsitter Argiefkom. S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns
Lid Beheerraad Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-Organisasie (DALRO)
Lid Beheerraad Christelike Afrikaanse Rolprent- en Fotografiese Organisasie (CARFO)

P. de V. Pienaar oorlede

Prof. dr. Pierre de Villiers Pienaar (geb. 1904) is op 6 April 1978 in Pretoria oorlede. Hy was 'n stigterslid van die Afrikaanse Skrywerskring; reeds by die voorlopige vergadering op 20 Augustus 1934, toe die Skrywerskring nog beplan is, was hy teenwoordig.

P. de V. Pienaar staan bekend as die vader van Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie in Suid-Afrika. In 1929 is die doktorsgraad in die Fonetiek en Taalkunde deur die Universiteit van Hamburg aan hom toegeken. In 1933 is hy as lektor in Fonetiek aan die Universiteit van die Witwatersrand aangestel, en deur sy toedoen is die eerste diplomakursus in Spraakheelkunde in Suid-Afrika in 1937 aan die Universiteit van die Witwatersrand ingestel. In 1944 het dié afdeling deur sy ywer die volwaardige Departement Fonetiek, Linguistiek en Logopedika geword; Spraakheelkunde en Fonetiek het volwaardige hoofvakke geword van 'n vierjarige B.A.-kursus — die eerste van sy soort in Suid-Afrika. Hier maak hy ook 'n begin met die studie van Eksperimentele Fonetiek in Suid-Afrika. Sedert 1959 was hy verbonde aan die Universiteit van Pretoria, waar hy 'n Departement Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie uitgebou het.

In die literatuurgeskiedenis word die naam van P. de V. Pienaar veral verbind aan sy roman *Skakels van die Ketting*, wat in 1929 'n nuwe geluid in die Afrikaanse prosa was, vanweë die "eksperimentele" aard daarvan. Dié eksperiment het veral die psigologiese uitbeelding van die hoofkarakter as jong seun gegeld, asook die pogings tot feitlik fonetiese weergawe van spreektaal, impressionistiese beskrywingskuns en 'n soms opvallende kontrastering van naturalistiese en romantiese gegewens. Hy het ook 'n noemenswaardige bydrae gelewer tot die kortverhaal in Afrikaans, met sy bundels *Ruth* (1934), *Magte* (1936) en *Die Oorlogskind* (1940).

Berigte van die Digtersgroep Dimensie

HONDERD NIEUWE DICHTERS,
van dichtersgroep Dimensie, deel 4 verschenen!

De Dichtersgroep Dimensie brengt in amper twee jaar tijd een vierde deel uit in dit internationaal poëzieprojekt. De belangstelling blijft aanhouden. Daardoor is de selektie voor deel 5 aangevangen.

Alle dichters en dichteressen die niet in de eerste vier delen staan kunnen vijf goede gedichten insturen.

Over het doel van het projekt schreef Jan Biezen: "...een poging om inzicht te verschaffen hoe poëzie in allerlei stadia thans werkzaam is." Er wordt van uitgegaan dat poëzie een levend organisme is van het maatschappelijk gebeuren!

Adres: Dichtersgroep Dimensie — Haringrodestraat 81 —
B — 2000 Antwerpen.

★ ★ ★

Na een suksesvolle uitgave van een Hans Andreus-nummer onlangs, brengt het literaire tijdschrift *Dimensie* een oktober-nummer gewijd aan de dichter-schrijver *Maurits Mok* uit.

Naast negen ongepubliceerde gedichten van Maurits Mok — waaronder een Andreus-gedicht — zijn een veertigtal ongepubliceerde bladzijden van zijn door Wim Hazeu geredigeerde memoires opgenomen. Verder een beschouwing van de dichter over zijn eigen poëzie terwijl Dirk Kroon naast een

aan hem opgedragen gedicht een artikel schreef over de beroemde literaire relatie tussen Achterberg en Mok.

Ook korte beschouwingen van Jan H. de Groot en Ton Luiting. Een bibliografie sluit het nummer af.

Adres: *Dichtersgroep Dimensie,* Haringrodestraat 81, B-2000 Antwerpen.

Van die redaksie

In die *Tydskrif vir Letterkunde,* XVI: 2 (Mei 1978) word die gedig "Counsel" (bl. 11) verkeerdelik aangedui as 'n vers van Dawid Engela. Die vertaling daarvan, "Raad in nood", is wel van Dawid Engela, maar "Counsel" is, op sy beurt, 'n vertaling deur Roy Campbell van 'n gedig van Manuel Bandeira (vgl. Roy Campbell, *Collected Poems,* 1960, Vol. 3, p.144).

NUWE AFRIKAANSE BOEKE

(Opgestel deur Anské Grobler, Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Musiek en Toneel)

Prosa

ANTHONY, Len, *pseud.* Die sluiper. Randburg: Pronk-boekklub, 1978. R3,50
BAKER, Eleanor. Monica. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,25
BEKKER, Johan. 'n Dokter vir Kashowe. Johannesburg: Perskor, 1978. (Klub 707). R2,75
— Konkelbaai. Johannesburg: Perskor, 1978. (Dagbreek-boekkring). R2,75
BEUKES, Dricky. Anderkant die verste ster. Pretoria: Van der Walt, 1978. R0,70
BIERMAN, Ettie. Die laventelhaan. Johannesburg: Perskor, 1978. (Dagbreek-boekkring). R2,75
— Wolfsnes. Johannesburg: Perskor, 1978. (Klub 707). R2,75
BRINK, André P. Gerugte van reën. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R9,50
COMBRINK, Jan. Nag van die seewolf. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,95
DE KOCK, Helene. Soete dwaling. Bloemfontein: De Villiers, 1978. R3,50
DU PLESSIS, Anita. Die krale van Kathrina. Bloemfontein: De Villiers, 1978. (In die kol-boekklub) R2,75
HEINE, Mike. Hier's tant Alie weer. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,50
JOUBERT, Elsa. Die swerfjare van Poppie Nongena. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R7,50
JOUBERT, Marlise. Klipkus. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50
KOCK, Nelmari. Die vriende wat jy het. Randburg: Pronk-boekklub, 1978. R3,50
LE ROUX, Braam, *pseud.* Gif vir die hart. Turffontein: Sirkel Publikasies, 1978. R0,50
— Moordenaar in wit. Turffontein: Sirkel Publikasies, 1978. R0,50
— Die wind beveel. Turffontein: Sirkel Publikasies, 1978. R0,50
LE ROUX, De Wet. Pad na die afgrond. Totiusdal: Ignesco, 1978. R3,50
LE ROUX, Hugo. Bloedfamilie. Johannesburg: Perskor, 1978. (Klub 707). R2,75
LE ROUX, Marlene. Valke oor Delphi. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,50
LOUW, Anna M. Die derde tempel. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50
MAARTENS, Maretha. Koms van die wolf, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,25
MAC CALLAGHAN, M.M. Met liefde aan Ou Huis. Johannesburg: Perskor, 1978. (Dagbreek-boekkring). R2,75
— Nikki. Johannesburg: Perskor, 1978. (Voortrekker-boekklub). R2,75
MARTIN, Earl. Stryd by Verneukputs. Pretoria: Daan Retief, 1978 R2,95
MARTIN, W. Fiësta van die dood, Johannesburg: Perskor, 1978. (Dagbreek boekkring). R2,75
MILES, John. Donderdag of Woensdag. Johannesburg: Taurus, 1978. R5,25
MULLER, Elise. Die derde rit. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50
MURRAY, Ena. Dieplood. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,75
OBERHOLZER, Lourens. Heldersig se trots. Krugersdorp: President-boekklub, 1978. R2,20
PRINSLOO, Mara. Meer as twee mossies. Johannesburg: Perskor, 1978. (Dagbreek-Boekkring). R2,75
STEYN, A.J. Weë van die dood. Brakpan: Verenigde Gereformeerde Uitgewers, 1978.
STEYN, J.C. Dagboek van 'n verraaier. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,25
STOLS, Basil. Vrees en die valsheid. Johannesburg: Perskor, 1978. (Klub 707). R2,75
VAN DEN BERGH, Kas. 'n Oomblik van ewigheid. Randburg: Ons Eie Boekklub, 1978. R3,50
VAN DER MESCHT, Ella. Die son in jou oë. Krugersdorp: President-Boekklub, 1978. R1,50
VAN DER POST, Johan, *pseud.* Bedrog by die wieg. Johannesburg: Perskor, 1978. (Dagbreek-boekkring) R2,75
VAN SCHALKWYK, Nickey, *pseud.* Die jare tussenin. Kaapstad: Tafelberg, 1977. R3,25
VAN TONDER, Morkel. Halfkrone op die oë: 'n verhaal oor die Groot Griep van 1918. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,80
VENTER, Ben. Lushedje. Windhoek: Die Inboorlingtaalburo, 1977. R1,49
VENTER, C.J. Die prys is hoog. Johannesburg: Perskor, 1978. (Voortrekker-boekklub). R2,75
VENTER, G.D.J. Noklander. Kaapstad: Human en Rousseau, 1977. R3,95
VENTER, Peet. Die alleenlopers. Johannesburg: Perskor, 1978. (Voortrekker-boekklub). R2,75
VERSTER, Hubert. Overture vir Albert Bremer. Johannesburg: Perskor, 1978. (Klub 707). R2,75
WINCKLER, Heinz. Die groot jare. Kaapstad: Johan Malherbe, 1978. R2,75

Vertaalde Romans

BENTEEN, John. Koue staal in Alaska; vert. deur Mike Heine. Johannesburg: Olympos. 1978.
— Wraak van die weerlig; vert. deur Johan Strydom. Johannesburg: Olympos. 1978. R1,50
CHASE, James Hadley, *pseud.* Gekke en dwase; vert. deur Ray Knox. Johannesburg, Olympos. 1978. R1,85
— Sê nou hy sterf; vert. deur Koch le Roux. Johannesburg: Olympos, 1978. R1,85
KONSALIK, Heinz G. *pseud.* Die gifdokter; vert. deur Ludwig Visser. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,25
— Die huwelik van Hellmuth Wegener. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50
LUITENANT X *pseud.* Lennet en die ruimtevlug. vert. deur Ia van Zyl. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,50
— Lennet en die spioene: deur Ia van Zyl. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,50
MACDONALD, John D. Bloedig die haat; vert. deur Ewald le Roux, *pseud.* Johannesburg: Olympos, 1977. R1,95
MARITZ, Empie. Angsvlug uit Angola, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,25
PATTERSON, Harry. In ruil vir Valhalla; vert. deur Johan Swanepoel. Johannesburg. Olympos, 1977. R1,95

Kortverhale, Essays en Briewe

AUCAMP, Hennie. Enkelvlug. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R7,95
BOERNEEF, *pseud.* Versamelde prosa. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R9,50
BOSMANS, Phil. Menslief, ek hou van jou!: vitamine vir die hart. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy, 1978. R5,95
BURGER, Otto Ernst. Herkoutjies: wat saak maak: die algemeen menslike. Pretoria: Van Schaik, 1978. R0,75
DE KLERK, W.A. Die tyd van vernuwing. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R7,50
ESOPUS. Verhale van Esopus vert. deur Daan Retief. Pretoria: Daan Retief-Uitgewers, 1978. R2,50
GROVÉ, A.P. Dagsoom: letterkundige opstelle uitgegee by geleentheid van die skrywer se sestigste verjaardag op 10 Junie 1978. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R7,50
MARAIS, Annalou. Ter wille van my. Carltonville: Tomlinson (S.A.) Boekhandel, 1977. R1,15
RALL, Henk. Bokram by die see. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R15,95
RETIEF, Joan. Sêgoed. Johannesburg: Perskor. 1978. R3,95
VAN RENSBURG, Suzanne. Breë weg, smalle weg; illus. deur Jack van Rensburg; vervolg op Soet Anysberg. Kaapstad: Tafelberg, 1978.
Hierdie stukkies is tussen 17 Augustus en 19 Oktober deur die S.A.U.K. uitgesaai. R3,25

Jeugverhale

BAMBERGER, R. My eerste groot storieboek. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,95
COMBRINK, Louw. Tier se tier. Pretoria: H.A.U.M., 1978. R4,50
CONRADIE, Ben. As oom Markus weer kom; illus. deur André van Schalkwyk. Kaapstad: Juta, 1978. R2,75
DE VOS, Effie. Ontmoet ons maats: 'n bundel kortverhale vir kinders 4 tot 14 jaar; illus. deur Patricia Dreyer. Piet Retief: Fonteine Publikasies, 1978. R1,85
GROBBELAAR, P.W. Groot Afrikaanse Fabelboek. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R6,50
— Korporaal Woltemade. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,50
— Mooi pottel mooi panne; illus. deur Jo Kampen. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,50
HEESE, Hester. Wannelas. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
HICKEY, W.A. Voetvolk van die Bosveld. Johannesburg: Perskor, 1978. R4,95
HONIBALL, T.O. Jakkals en wolf in die pekel — 3. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
HONIBALL, T.O. Jakkals en Wolf sien spoke — 2. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
HONIBALL, T.O. Jakkals en Wolf van Uilkraal — 1. Kaapstad, Tafelberg, 1978. R3,95
JANOSCH. Die reënmotor. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,25
JOUBERT, Thana. As Benna moet boer; illus. deur Cora Coetzee, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,75
LUBBE, Aletta. Kie-koo-kie en Kwaatkat, die straatkat. Pretoria: Daan Retief-uitgewers, 1978. R2,50

NORTJÉ Cor. Tekkies in die Kalahari, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
PIENAAR, Leonie. Die storie van Jan Punt; illus. deur Percy Scholtz. Kaapstad: Maskew Miller, 1978. R0,50
ROWLAND, William. Klaparro die reuse-verkleurmannetjie. Johannesburg: Perskor, 1977. R3,95
RUPERT, Rona. 14 is anders. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,25
— Wegloopwinter. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
SLEIGH, Dan. 'n Kanon vir Barbier. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,25
SNYMAN, Adriaan. Jokkie vir die sweetvos. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,25
STEENBERG, Elsabé. Koert se tarentaal. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,25
— Twee om te slaap. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,50
— Wolf ja, wolf nee, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
VAN BLERK, H.S. Faanman speel Kupido. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,85
VAN NIEKERK, A.A.J. Die lang tree skoene. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,25
— Towerkop, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
VELS, Verna. Alet. Johannesburg: Perskor, 1978. R4,95

Vertaalde Jeugverhale

AARDEMA, Verna. Hoekom muskiete in mense se ore gons: 'n verhaal uit Wes-Afrika. Tekeninge deur Leo en Diane Dillion; vert. deur Freda Linde. Kaapstad: Kinderpers, 1977. R5,95
ASKENAZY, Ludvik. Waar die vosse blokfluit speel; vert. deur Santie Grosskopf; illus. deur André Barbe. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,25
BAUMANN, Hans. Die groot olifant en die kleintjie; vert. deur Lydia Pienaar; illus. deur Herbert Lentz. Mandini: Qualitas, 1978. R3,80
BIEGEL, Paul. Die klein kaptein in die land van Sewe Swaar Take; vert. deur Rialette Wiehahn; illus. deur Carl Hollander. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,50
BILL, Helen, E. Skoene geskik vir 'n koning; illus. deur Louis Slobodkin; vert. deur Freda Linde. Mandini: Qualitas, 1978. R3,70
BOUIGER, Max. Daniël. vert. deur Suzanne van Reenen; illus. deur Edith Schindler. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R3,50
BROWN, Marcia. Die blou jakkals. vert. deur Freda Linde. Mandini: Qualitas, 1978. R3,80
COLLODI, Carla. Pinokkio. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,50
CORRIN, Sara *en* Stephen *samest.*: Stories vir agtjariges; vert. deur Louis Steyn, Marie Opperman en Helene de Villiers; illus deur Shirley Hughes. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R5,50
DE JONG, Meindert. Niemand speel met 'n koolkop nie; vert. deur Ria van Rensburg en J.P. Smuts. Kaapstad: Johan Malherbe, 1978. R2,85
DRAGT, Tonke. Toringhoog en myle breed; vert. deur Retha Scholtz, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,75
FATIO, Louise. Die gelukkige leeu; vert. deur Freda Linde; illus. deur Roger Duvoisin. Mandini: Qualitas, 1978. R3,50
— Die rooi bantam; vert. deur Freda Linde; illus. deur Roger Duvoisin. Mandini: Qualitas, 1978. R3,50
GUILLOT, René. Rex en Mistigri, Kaapstad: Johan Malherbe, 1978. R2,55
HERGÉ. Die geheim van die Eenhoorn; die avonture van Kuifie; vert. deur E.P. du Plessis. Kaapstad: Human en Rousseau, 1977. R3,95
HERGÉ. Die skat van Rackham die Rooie; die avonture van Kuifie; vert. deur E.P. du Plessis. Kaapstad: Human en Rousseau, 1977. R3,95
LOBEL, Arnold. Hoe die haan die dag gered het; vert. deur Lydia Pienaar; illus. deur Antia Lobel. Mandini. Qualitas, 1978. R3,70
MATHEWS, Gerda Bradley. Wat maak so? vert. deur Dawie Pretorius; illus. deur Normand Chartier. Pretoria: Daan Retief, 1978. R2,75
OLSEN, Ib Spang. My dienstyd by die Bergtol; vert. deur Nerina Ferreira. Kaapstad: Human en Rousseau, 1977. R3,95
— Die Nisse van Timsgaard; vert. deur Nerina Ferreira; illus. en verwerk deur skrywer; gebaseer op 'n verhaal van Wilhelm Bergses. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R4,50
SELSAM, M.E. Bennie se diere en hoe hy hulle gerangskik het; vert. deur Lydia Pienaar; illus. deur Arnold Lobel. Mandini: Qualitas, 1978. R3,80

SEULING, Barbara. Die baie klein vroutjie: 'n ou Engelse spookstorie oorvertel en geïllustreer deur Barbara Seuling: vert. deur Lydia Pienaar. Mandini: Qualitas, 1978. R3,50
SPYRI, J. Heidi. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R4,25
STORR, Catharina. Lucy; (en, Lucy loop weg): illus. deur Dick Hart; vert. deur C.H. Winckler. Kaapstad: Johan Malherbe, 1978.
WATSON, Wendy. Die krimpvarkie en die haas: 'n Grimm-sprokie; vertel en geïllustreer deur die skryfster; vert. deur Lydia Pienaar, Mandini: Qualitas, 1978. R3,50
ZION, Gene. Die plantwagter: vert. deur Lydia Pienaar: illus. deur Margaret Bloy Graham. Mandini: Qualitas, 1978. R3,75
— Harry die vuil hond: vert. deur Lydia Pienaar: illus. deur Margaret Bloy Graham. Mandini: Qualitas, 1978. R3,75

Verseboek vir Kinders

GROBBELAAR, Pieter, W. My rooi rympieboek: illus. deur Anette Stark. Johannesburg: Perskor. 1978. R5,50

Vertaalde Rympies vir Kinders

VOGEL, Ilse Margret. Die rooi bal: Afrikaanse beryming deur Leon Rousseau: illus. deur die skryfster. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978.

Dramatekse (Toneel, Radio en Televisie)

Antonissen, Rob. Die ware en wonderbaarlike verhaal van Mariken van Nymegen. Kaapstad: Tafelberg, 1978.
DE KLERK, W.A. Die markplein. Kaapstad: Tafelberg, 1978: Hierdie drama is op 24 Oktober 1977 deur die S.A.U.K. in Radioteater aangebied as een van die Afrikaanse Diens se prestigeopvoerings van die jaar. R5,85
LOUW, Kobus. Die Seepsteenbataljon. Kaapstad: Tafelberg, 1978. In Junie 1972 as radioverhaal deur die S.A.U.K. uitgesaai. In Januarie 1978 as televisiereeks aangebied. R4,75
RUDOLPH, Coenie. Die Silwer sambreeltjie; 'n kinderoperette met musiek deur Pierre Malan. Johannesburg: DALRO, 1978. R0,90
VAN STRATEN, A.S. Pendoring en Kie. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,25

Poësie

BEKKER, Pirow. Definisies deur die bloed. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50
BRITZ, E.C., *samest.* Skanse teen die tyd; opgedra aan W.E.G. Louw (By geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaarsdag op 31 Mei 1978. Beperkte oplaag van 500) Kaapstad: Tafelberg, 1978. R15,00
✓CUSSONS, Sheila. Die swart kombuis. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50
— Verf en vlam, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50
✓DE VILLIERS, I.L. Leviet en Vreemdeling. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,25
EYBERS, Elisabeth. Gedigte 1936—1958. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R6,50
✓FRYER, Charles. Rooiwielwa. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,25
HIRSON, Denis. In Africa even the flies are free; gedigte van Breyten Breytenbach tussen die jare 1964—1977. London: John Calder, 1978.
TALJARD, Lourens. Met 'n glimlag; gedigte oor alles en nog wat. Pretoria: L. Taljard, 1978. R2,50
WESSELS, Everwyn. Asiel. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50

Bloemlesings

AUCAMP, Hennie, *samest.* Blommetjies gedenk aan my, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,95
✓LOUW, W.E.G., *samest.* Driesprong, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,25

Vertaalde Dramatekse

DESAIUY, Claude. Die Tierbrigade; vert. deur André P. Brink. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4.75

DURAS, Marguerite. La Musica; televisieverwerking deur Stephan Bouwer in Afrikaans. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R5,95

Letterkundige Studies en Kritieke

COLLEGE OF CAREERS. Aantekene oor *Digters en digsoorte*. Kaapstad: College of Careers, 1978.
COLLEGE OF CAREERS. Aantekene oor Elsa Joubert se *Ons wag op die kaptein*. Kaapstad; College of Careers, 1978. R2,00
DU RANDT, W.S.H. Deur grens en tyd: 'n werkboek vir die Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Pretoria: Opvoedkundige Inligtingsisteme, 1977. R5,00
GILFILLAN, F.R. Skrywers in beeld — Jan F.E. Celliers, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R6,50
JONCKHEERE, W.F. Bart Nel (deur) J. van Melle behandel deur W.F. Jonckheere. Pretoria: Academica, 1978. R1,20
— Van Melle se kortverhale behandel deur W.F. Jonckheere. Kaapstad: Academica, 1978. R1,20
DU TOIT, P.A. Die onverdeelde uur (deur) Anna M. Louw behandel deur P.A. du Toit. Pretoria: Academica, 1978. R1,20
MULOCK-HOUWER, Fenja, *pseud.* Swart Pelgrim (deur) F.A. Venter behandel deur Fenja Mulock-Houwer, Pretoria: Academica, 1978. R1,20
✓NIENABER-LUITINGH, M. Uit twee letterkundes. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R7,50
✓SCHOLTZ, Merwe. Munt en Kruis. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R8,50
STEENBERG, E. Bellen Blazen van F.E.J. Malherbe behandel deur E. Steenberg. Pretoria: Academica, 1978. R1,20
STEENBERG, *dr.* D.H. Rondom Sestig. Pretoria: H.A.U.M., 1978. R7,80
VAN VUUREN, Helize E.J. Veldslag (deur) J. Karel Schoeman behandel deur Helize van Vuuren. Kaapstad: Academica, 1978. R1,20
VIVIER, Jack. Breyten. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R6,50

Outobiografie

REITZ, F.W. Outobiografie. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R15,00

Woordeboeke en Woordelyste

AFRIKAANSE WOORDEBOEK, deel 6. Hoofredakteur: *dr.* F.J. Snijman. Pretoria: Afrikaanse Boekhandel 1978. linneband R25,00
leerband R35,00
MARX, S. *en* DEKKER, H.J. Handelsterme en begrippe vir die sakeman. Lex Patria, 1978. R5,50
YSKOR. Staalwoordeboek — Steel dictionary. Yskor. R8,00 (korting van 15% vir 11 of meer eksemplare)

Taalkunde

BOTHA, Johannes Petrus, *prof.* e.a. Afrikaans vir die praktyk. Johannesburg: McGraw-Hill, 1978. R7,50
BRESLER, G.C. 40 000 woorde. Johannesburg: McGraw-Hill, 1978. R4,95

Ander Werke van Belang

S.A.N.B.: Suid-Afrikaanse nasionale bibliografie. South African national bibliography. State Library, Pretoria. Staatsbiblioteek; publications received in terms of Copyright act, no. 63 of 1965, 1977. Pretoria: State Library, 1978. Parallel text in Eng. & Afr.
BIBLIA, Nuwe Testament Afrikaans. Die Lewende Nuwe Testament: 'n parafrase. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy, 1978. R4,95
BRONNEGIDS 1974 vir toneel, ballet, rolprente en hoorspele .../SOURCE GUIDE 1974 for drama, ballet, films and radioplays ... Pretoria: RGN, 1977. Voorbladsye en t.p. met parallelle teks in Afr. en Eng., bronneverwysings in Afr. en Eng. R4,40

COETZEE, J. Albert. Volksidee en nasiebou in politieke rekonstruksie, 1899–1978. Pretoria: Transvaalse Uitgewersmaatskappy, 1978.
CONTEMPRÉ, Yvette. Die toring van Babel. Kunswerk deur Pieter Brëghel Teks Yvette Contempré; verwerk deur E.P. du Plessis. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,50
GREYLING, Alma Elaine. Rympies en geheimpies: vir kombuistees en ooievaarpartytjies. Roodepoort; Abundant Life Uitgewers, 1978. R0,99
PAMA, G. Wagon-road to Wynberg. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R20,00
ROOS, Nico. Kuns in Suidwes-Afrika/Art in South-West Africa. Pretoria: Van der Walt, 1978. R38,00
ROSE, Betsy, *samest.* Oor ware geluk; vert. deur G. Olwagen, Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,25
SCHOLTZ, J. du P. Katrine Harries. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R15,00
STRYDOM, C.J. Scheepers. Koninginne uit eie reg. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,95

GEDURENDE 1978 HET 'N HELE AANTAL HERDRUKKE VERSKYN

Prosa

DE VRIES, A.H. *samest.* Kort keur. 2de druk. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R4,25
GROVÉ, A.P. *samest.* Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns. 3de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R5,50
HARTMAN, Willem. Rukwinde. 2de uitg. Johannesburg: Perskor, 1978. (Voortrekker-boekklub). R2,75
JORDAAN, Johann. Dirkas in die knyp; illus. deur Marlene von Dürckheim. 5de druk. Johannesburg: Perskor, 1978. R2,50
JOUBERT, Elsa. Ons wag op die kaptein. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R2,95
KIELBLOCK, Karl. Mooier as die blomme. 2de uitg. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,80
KIELBLOCK, Karl. Die skaam man. 2e uitg. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,80
LOUW, Anna M. Die Onverdeelde uur. (sagteband). 2e druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R1,50
MALHERBE, D.F. Die Meulenaar, 15de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,75
MIKRO, *pseud.* Die Koperkan. 12de druk. Pretoria: Van Schaik, 1978. R2,75
MIKRO, *pseud.* Die Koperkanon. 3de uitg. Johannesburg: Perskor, 1978. R0,74
MULLER, Elise. Die Wilde loot. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978.
OPPERMAN, D.J. Joernaal van Jorik. 13de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,50
PRESTON, Mark. Die blom van Bloemfontein. 3de druk. Krugersdorp: President, 1978. R2,60
ROUSSEAU, Leon. Fritz Deelman en die gori lama. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
– Fritz Deelman en die groen dood. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
– Fritz Deelman en die ondersese myn. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
– Fritz Deelman en die swart eiland. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95
SNYMAN, Adriaan. Die weg van 'n arend. 2de uitg., 4de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,60
VAN BLERK, H.S. Roman en Robyn: verhaal van twee speurhonde. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R2,60
VAN DER POST, Johann. Die vreemde vrou. 2de uitg. Johannesburg: Perskor, 1978. (Klub 707). R2,75
VAN NIEKERK, Dolf. Skrik kom huis toe. 2de uitg., 1ste druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,30
VENTER, F.A. Die drosters. 2de uitg. Johannesburg: Perskor, 1978. (Voortrekker-boekklub). R2,75
– Swart Pelgrim. (Skooluitgawe). 2de uitg., 1ste druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,75

Kortverhale, Essays en Briewe

BARNARD, Chris. Duiwel-in-die-bos: verhale 1963–1968. 4de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95

BEKKER, Pirow. Die peerboom en ander verhale. 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,65
BEUKES, Gerhard J. Ek glo. 5de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R2,50
BLIGNAULT, Audrey. Om die son te aanskou. 4de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R2,50
DU PLESSIS, I.D. Springbok. 3de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,20
NORTJE, P.H. Op die sonpad: 10 sketse. 3de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95

Jeugverhale

BARNARD, Chris. Boela van die blouwater. 2de hers. uitg., 3de druk, Johannesburg: Perskor, 1978. R2,50
GASTON, M. van der Gucht. Die Fietsdief. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,50
HEESE, Hester. Die klein pasella. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,85
MINNAAR-VOS, Anna. Kassie kaptein. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,10

Verseboek vir Kinders

LINDER, C.B., OPPERMAN, D.J. My vierde verseboek. 9de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R1,25

Dramatekse (Toneel, Radio en Televisie)

DU PLESSIS, P.G. Plaston: DNS-kind. 3de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,50
KRIGE, Uys. Vier eenbedrywe, gekeur en ingelei deur J.C. Kannemeyer. 7de druk. Pretoria: Van Schaik, 1978. R2,50
LOUW, N.P. van Wyk. Dias. 2de uitg., 4de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,10
LOUW, N.P. van Wyk. Koning-Eenoog; of, Nie vir geleerdes: 'n spel van anachronismes en 'n anachronisme. 5de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,25
SITA, *pseud.* Finkel en koljander: vier komediespele in een bedryf. 2de druk. Johannesburg; Dalro, 1978.
STEENKAMP, W.P. *Samest.* Bo die kranse en ander eenbedrywe. 4de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R0,99
VAN STRATEN, A.S. Pendoring (Edms.) beperk: 'n hoorspel. 2de druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,95

Vertaalde Dramateks

WILDER, L.I. Die huis in die Groot Bos; vert. deur Santie Grosskopf; illus. deur Garth Williams. 2e uitg. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R4,25

Poësie

EYBERS, Elisabeth. Einder. 2de druk. Kaapstad: Human en Rousseau, 1978. R5,25
OPPERMAN, D.J. *samest.* Groot verseboek. 7de uitg. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R7,95
— Junior Verseboek. 6de uitg., 1ste druk. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R3,85

Letterkundige Studies en Kritieke

CONRADIE, P.J. Hoe om 'n drama te ontleed. 9de druk. Kaapstad: Academica, 1978. R1,20
COMBRINK, J.G.H. Afrikaanse semantiek: 'n strukturele benadering. 3de hers. uitg. Kaapstad: Nasou, 1978. R1,60
MALHERBE, F.E.J., *red.* Moderne Afrikaanse verhaalkuns: byeengebring en toegelig deur F.E.J. Malherbe. 2de uitg. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R4,25

Nederlands

GROVÉ, A.P. *samest.* Nederlandse verhale van ons eie tyd. 4de druk. Kaapstad: Academica, 1978. R3,50

NAEFF, Top. Klein avontuur; met inleiding en aantekeninge deur André P. Brink. 2de uitg., 2de druk. Kaapstad: Academica, 1978. R3,76

VAN MAANEN, Willem Gustaaf. De onrustzaaier; met inleiding en aantekening deur Louis Eksteen. 2de uitg., 2de druk, Pretoria: Academica, 1978. R3,95

VAN SCHENDEL, Arthur. Een Hollands drama; met inleiding en aantekeninge deur A.P. Grové. 2de uitg. Pretoria: Academica, 1978. R4,50

Ander Werke van Belang

LEIPOLDT, Louis. Kos vir die kenner: 'n kookboek met meer as duisend goeie resepte. 2de uitg. Kaapstad: Tafelberg, 1978. R8,50

V&R Pta.